


T.N&A



TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS
27STE JAARGANG NR. 2 2020



Redaksioneel Marni Bonthuys	1
"... the broken Dutch they understood and spoke ...": Die xam-Boesmans, die Bleek en Lloyd-argief, en die Afrikaanse taalgeskiedenis Luan Staphorst	3
Die emigrasie van St. Helenas na die Kaapkolonie en Natal vanaf 1842 tot 1910 Johannes Stefanus Strauss	31
Taal-van-onderrig: Die aard van sosiale en emosionele ervarings by driejariges Wietske Boon	55
'n Vergelykende studie rakende taal as 'n kontekstuele faktor van die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande Jomé Beukes en Louw de Beer	72
"Onder die breë blaredak van die njala": Die plante in Vergilius se <i>Eclogae</i> Shani Viljoen	93
Resensie: <i>Dolfie Weerwolfie en Dolfie Weerwolfie: Volmaan</i> (Lapa Uitgewers, 2020) deur Paul van Loon (vertaler: Shawna-Leze Meiring) Teneal Apolis	114
Resensie: <i>Wiplala</i> (Protea Boekhuis, 2018) deur Annie M.G. Schmidt (vertaler: Amelia de Vaal) Teneal Apolis	118

Omslag: Ontwerp deur Christa van Zyl
Foto deur Don Pinnock op Unsplash, Cederberg, Suid-Afrika, 2020

T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Nederlandstiek. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Alhoewel die redaksie kopieregwessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).

Redakteur: Dr. M. Bonthuys

Mede-redakteur: MnR. M. Swart

Uitleg: Christa van Zyl

Redigering: Annie Klopper

Gedruk en gebind deur: V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

Redaksie-sekretariaat: Departement Afrikaans/Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville, 7535. Tel.: 0219592213. E-pos: mbonthuys@uwc.ac.za.

Inskrywings en betalings:

Die ledegeld bedra:

- R150 per jaar vir binnelandse lede; en R200 per jaar vir buitelandse lede

Betaal u ledegeld **elektronies** in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:

Banknaam: ABSA

Bankrekeningnommer: 1190 154 676

Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid

Takkode: 632005 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)

Verwysingsnommer: U van en voorletters (baie belangrik)

- E-pos die bewys van u betaling saam met die vorm van lidmaatskap aan die SAVN se penningmeester, prof. Adri Breed by Adri.Breed@nwu.ac.za of kobic.dekamper@gmail.com.

Redaksieraad:

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

J. Dewulf (University of California)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat,

M.E. Meijer Drees (Rijksuniversiteit Groningen)

Noordwes-Universiteit)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

J. van der Elst (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

W. van Zyl (Universiteit van Wes-Kaapland)

E. Jansen (Universiteit van Johannesburg,

R. Gouws (Universiteit Stellenbosch)

Universiteit van Amsterdam)

T. Colleman (Universiteit Gent)

R.S. Kirsner (University of California)

D. van Olmen (Lancaster University)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

Redaksioneel

Marni Bonthuys

Dit is een van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek se oogmerke om met *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* (*TN&A*) aan jong akademici, die toekoms van navorsing in Afrikaans en Nederlands, 'n platform te bied. Waar die eerste uitgawe van 2020 artikels vervat wat voortgespruit het uit referate gelewer by USAN, 'n kongres vir jong navorsers by die Universiteit Stellenbosch, word hierdie uitgawe gewy aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) se Studentesimposium oor Sosiale en Geesteswetenskappe wat in Oktober 2020 plaasgevind het. Die simposium het ten doel om jong akademici se navorsing ten toon te stel. Te midde van die Covid-pandemie is dit aanlyn aangebied, en het dit 'n aantal jong navorsers uit uiteenlopende velde gelok. Navorsers van verskeie Suid-Afrikaanse universiteite en vanuit velde so divers soos taal, musiek, kuns, geskiedenis, filosofie, maatskaplike werk en filosofie kry die geleentheid om hulle bevindinge met 'n breë gehoor te deel. Heelwat van die referate spruit uit magister- en doktorale navorsing wat ook 'n aanduiding gee van die onderwerpe wat tans in Afrikaanse nagraadse studie ondersoek word. Die simposium is georganiseer deur prof. Linda van Ryneveld (Universiteit van Pretoria) wat goedgunstig toegestem het tot 'n spesiale uitgawe van *TN&A* oor hierdie mooi geleentheid. Deelnemers wie se referate met taal of die geskiedenis van Afrikaanse of Nederlandse sprekers te make het, is genooi om artikels voor te lê. Die resultaat is 'n interessante uitgawe wat bydrae insluit wat ander onderwerpe ontgin as dié wat gewoonlik in *TN&A* tereg kom.

Die eerste artikel deur **Luan Staphorst** handel oor die verbande tussen die Afrikaanse taalgeskiedenis en die taal van die |xam-Boesmans. Hy betrek ook die beroemde Bleek en Lloyd-argief en wys op die tersaaklikheid van hierdie stuk geskiedenis met betrekking tot die Afrikaanse taal en taalgemeenskap.

Johannes Stefanus Strauss ondersoek 'n ander stuk (Suid-)Afrikaanse geskiedenis, naamlik die emigrasie van St. Helenas na die Kaapkolonie en Natal tussen die middel 1800's en vroeë 1900's. Die bydrae van hierdie groep emigrante, wie se geskiedenis nie so bekend is binne die Afrikaanse taalgemeenskap nie, word bespreek.

Wietske Boon fokus op die taal-van-onderrig – spesifiek van driejariges. Sy hanteer kwessies soos moedertaal-, dubbelmedium- en tweedetaalonderrig, maar fokus meer spesifiek op die sosiale en emosionele ervarings van die teikengroep in kleuterskoolsituasies deur van vinjetnavorsing gebruik te maak.

In die artikel van **Jomé Beukes** en **Louw de Beer** val die soeklig op taal as kontekstuele faktor van die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande. Beukes en De Beer trek interessante verbande tussen hierdie lande (naamlik Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) met betrekking tot taalbeleid in die onderwys.

Laastens handel **Shani Viljoen** se artikel oor die hantering van plante in 'n vertaling van Vergilius se *Elogae*. Viljoen skryf oor domestikering in vertaling en lê verbande tussen die assosiasies van bepaalde plante binne die Afrikaanse literatuur en die gebruik daarvan in haar Afrikaanse weergawe van Vergilius se beroemde teks.

Wat *TN&A* se resensie-afdeling betref, kyk **Teneal Apollis** na die Afrikaanse vertalings van gewilde Nederlandse kinderboeke. Shawna-Leze Meiring se *Dolfie Weerwolfie*-boeke (oorspronklik in Nederlands geskryf deur Paul van Loon) en Amelia de Vaal se vertaling van *Wiplala* (oorspronklik in Nederlands geskryf deur Annie M.G. Schmidt) word geresenseer. Apollis wys op die relevansie van hierdie tekste ook vir Afrikaanse kinderlesers vandag.

Ten slotte dank aan die proefleser Annie Klopper, aan Christa van Zyl vir haar mooi voorblad en uitleg, en aan die SAAWK vir die geleentheid wat aan jong navorsers gebied word met die studentesimposium, asook vir hul samewerking met *TN&A*.

Universiteit van Wes-Kaapland

“... the broken Dutch they understood and spoke ...”: Die |xam-Boesmans, die Bleek en Lloyd-argief, en die Afrikaanse taalgeskiedenis

Luan Staphorst

“... the broken Dutch they understood and spoke ...”: The |xam-Bushmen, the Bleek and Lloyd archive, and the history of the Afrikaans language

Although Bleek and Lloyd archival material of |xam (Bushman) folklore, oral history, and customs has been studied from a number of different disciplinary dispositions, a thorough linguistic analysis and description of |xam has not yet been done. What has, however, emerged in research into the archive since the 1990's, has been a challenge to the perception of the archive as internally coherent and bound purely to the |xam language – Afrikaans, the intermediary language of communication between Bleek, Lloyd and the |xam, at least initially, has proven to have played a much larger role in the transcription and translation process than previously thought. This article reviews the existing literature of studies concerned with Afrikaans' relation with the archive and argues for composing a corpus of all the extant Afrikaans linguistic data which can be gleaned from it – and, importantly, to use this data to create a sketch of the variety of Afrikaans known as Orange River (also Gariep or North Western) Afrikaans as it was spoken in the 19th Century Cape frontier. Through this, the understudied variety of Orange River Afrikaans could be described with greater accuracy, and the possible influences of |xam, and KhoeSan languages more generally, on the development of Afrikaans could be better understood.

1. Inleiding

Die |xam-Boesmans neem 'n besonderse plek in die Suid-Afrikaanse nasionale verbeelding in – hul taal is gekies om die nasionale leuse te verwoord, en 'n beeld uit hul rotskuns vorm 'n sentrale simbool op die landswapen. Alhoewel daar geen lewende persone is wat as |xam identifiseer nie, kan 'n besonderse groot deel van hul erfenis in twee argiewe gevind word – dié van Wilhelm Bleek en Lucy Lloyd (1911), en dié van Gideon von Wielligh (2009 en 2010). Dit is hierom noemenswaardig dat ons begrip van die |xam en hul kultuurerfenis nog vele gapings het. Moontlik een van die grootste gapings is in die besef van hóé hul kultuurerfenis by dié van ander in Suider-Afrika inskakel, asook die invloed wat die |xam op ander kultuurgroeperings uitgeoefen het. Die behoefte vir 'n beter begrip in die verband is sedert 1994 deurveral navorsers in die letterkunde erken

(vergelyk Van Vuuren, 1994 en 1995). Die gevolg van voortgesette ondersoek het daartoe geleid dat die |xam spesifiek, en ander Khoekhoen- en Boesmangroeperings in die breë, grootliks in die Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywing ingeburger is (vergelyk Chapman, 1996; Heywood, 2004; Attwell en Attridge, 2012; Van Vuuren, 2016; Chapman, 2022). Hierom is daar veel meer begrip vir die mate waartoe en die wyses waarop die “Boesman in ons [gedeelde] bewussyn” (Van Vuuren, 2003) deur middel van die letterkunde figureer.

Dieselfde kan egter nie van die taalkunde gesê word nie. Nie alleen is daar 'n leemte in die bestudering en beskrywing van die |xam-taal as sodanig nie (Du Plessis, 2014a), maar daar is 'n leemte in die begrip van taalkontak tussen die |xam, sprekers van ander Khoesantale, en ander taalgroepe in die algemeen. Dit, ten spyte van oproepe om die bevordering van die studie van Khoesantale op universiteitsvlak (Du Plessis, 2008). Hier kan die letterkunde egter van hulp wees. Die aanvanklike betoë wat tot die indringende herbedink van die Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywing geleid het, was nie bloot aanklagte teen die heersende literatuurstudie nie. Daar is eerder 'n pad oopgebaan deur letterkundiges wat die |xam-argiewe van Bleek en Lloyd en Von Wielligh noukeurig begin ondersoek het.

In dié betoog sal daar geargumenteer word dat dieselfde optekenings, dieselfde bronne, by 'n bespreking om taalkontak in die koloniale Kaapse grensgebied, veral met betrekking tot die wording van Afrikaans, ingespan kan word. Die artikel plaas hierom eerstens die Bleek en Lloyd-argief, en navorsing daaromheen, in konteks, waarna die bestaande insigte oor Afrikaans in verhouding daarmee uitgelig word. Hierna word die bestaande teorieë oor die rol van Khoesprekers in die ontwikkeling van Afrikaans opgesom, en geargumenteer hoe die argief dié teorieë beide kan uitdaag, asook aanvul. Hierdeur word die waarde van die Bleek en Lloyd-argief vir die bestudering van die wordingsgeskiedenis van Afrikaans as geheel, en Oranjerivierafrkaans in die besonder, uitgelig.¹

1.1 Benaming

In die studie word die naam ‘Boesman’, in 'n neutrale sin, bo ‘San’ verkies. Dit is in navolging van daardie teenswoordige groepe wat as sodanig selfdefinieer (vergelyk Grant, 2019 en Kruiper en Bregin, 2020), en kom verder in die twee argiewe, wat die basis van die bespreking in die betoog vorm, as benaming voor. Siende dat die begrip ‘Boesman’ egter 'n besonders verwikkeld geskiedenis in Afrikaans het (vergelyk Willemse, 2008), word die gepaste endoniem, |xam, waar moontlik gebruik. 'n Begrip wat verder vermy word, maar wat redelike

gebruikskapitaal in die omgangstaal het, is Khoesan, oftewel Khoisan. Dié is 'n redelike resente akademiese konstruksie, en is vir die eerste maal in 1928 deur die volkekundige Leonhard Schultze-Jena gebruik met verwysing na 'n sogenoamde 'rasgroep', bestaande uit die 'Khoekhoen' en 'San' in sy terme, wat hy in Namibië, oftewel toe Duits-Suidwes-Afrika, uitgeken en bestudeer het. Tot welke mate só 'n samevoeging en 'skepping' aanvaarbaar is, is aanvegbaar, en die term "resoneer min met [teenswoordige groepe]" (Suzman, 2019: xii; alle vertalings vanuit Engels is my eie). Waar dit egter skroomloos gebruik word, is met verwysing na 'n taalgroepering bestaande uit tale waar klapklanke geredelik voorkom (vergelyk Du Plessis, 2019 en Jones, 2019 vir oorsigte oor beide die geskiedenis asook huidige stand van die Khoesantaalgroepering).

Verder word die ortografie wat deur Bleek en Lloyd in hul 1911-versameling gebruik is, gevolg. In dié ortografie word die dentale en laterale klapklanke as | en \| weergegee, en nie / en // nie. By eiename word Romeinse letters verder net in hoofletters gedruk indien dit nie op 'n klapklank volg nie: so word D in Diä!kwain met 'n hoofletter geskryf, maar k in \|kabbo nie. Ten spye van dié proviso, word die gebruik van ander in direkte aanhalings nie gewysig nie. Dit word gedoen met die "verwagting dat [sulke uiteenlopende gebruikte en perspektiewe] debat sal stimuleer en die waarde van die uitruiling van idees [uitlig] ... [en is daarom bedoel om enige vorm van] eenvormigheid" (Deacon en Skotnes, 2014a: 5) en sensuur teen te staan. Die voorkeur vir 'Boesman' bo 'San', vir 'Khoe' bo 'Khoi', en vir \| bo // verteenwoordig gevvolglik nie 'n waardeoordeel oor ander en hul gebruik nie, maar eerder 'n poging om die inherent onvermybare verwikkeldhede van benaming en verteenwoordiging uit te lig (vergelyk Wright, 1996; Barnard, 2007; Raper, 2010 en 2011; en Ellis, 2014 en 2015 vir verdere besprekings oor dié brandpunt).

Laastens word Oranjerivieraafrikaans as benaming gebruik vir een van Afrikaans se drie sambrelvariëteite (naas Kaaps en Oosgrensaafrikaans). In die letterkunde word die begrip Noordwesterse Afrikaans telkens gebruik (vergelyk Van Coller en Odendaal, 1999; Viviers, 2008; Odendaal, 2015; Bonthuys, 2018) wanneer oor 'streeksliteratuur' of 'regionale literatuur' met die Noord-Kaap as ruimte besin word. Daar is 'n ekwivalent hiervoor in Fritz Ponelis (1987) se beskrywing van die taalgebruik in die streek as Noordwestelike Afrikaans, wat ook vroeër by Gideon von Wielligh se 1925-oorsig van 'gewestelike spraak' gevind kan word. Daarteenoor word die benaming Gariep-Afrikaans deur ander (vergelyk Van Heerden en Kulsen, 2017) verkies. Die gebruik van Oranjerivieraafrikaans hierteenoor is hoofsaaklik vir vakkundige kontinuïteit: met Christo van Rensburg as hoof 'gespreksgenoot'² in die tweede deel van die betoog, word sy benaming (wat ook die mees herkenbare is) gevolg.

2. Bleek en Lloyd in konteks

Die Bleek en Lloyd-argief word in 1997 Suid-Afrika se eerste inskrywing in die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie se ‘Memory of the World’-register – ’n register met die doel om die invloedrykste dokumente van die ganse mensdom te bewaar en bevorder. Aldus dié register (UNESCO, 2012: 329, 330), bied die argief “n unieke insig in die taal, lewe, geloof, mitologie, folklore en stories van ’n nou-uitgestorwe” groep mense; mense met van die “mees fassinerende ‘verlore stemme’ van die mensdom”. Dié beeld van die |xam – as uitgestorwe mense met “fassinerende” stemme – is deel van ’n gewilde post-1994-diskoers (vergelyk Jeursen, 1995; Tomaselli, 1995; Voss, 1995 en 2018; Barnard, 2004; Grant, 2021), en was moontlik ’n belangrike beweegrede vir die insluiting daarvan as mottotaal in die nuwe Suid-Afrikaanse landswapen. Daar is ’n bykans mitiese aura wat om die argief ontwikkel het, en dit word telkens met ’n hoogs poëtiese toon beskryf: “dit verteenwoordig ’n tipe verseélde koevert van onversteurbare verhoudings, tussen idees, beelde, herinneringe en waarnemings – ’n tragiese en lewensbevestigende etnografiese na-beeld” (Hewitt, 2002: 33; vergelyk ook Hewitt, 2007 en Martin, 2007). Die gewildheid daarvan in die gedeelde bewussyn van Suid-Afrikaners – veral in akademiese kringe – is duidelik benadruk toe nuus van die oorlewing van die argief te midde van die puin van die verwoestende brand wat in April 2021 die Universiteit van Kaapstad se Jagger-biblioteek verwoes het, met groot fanfare verwelkom is (vergelyk Brits, 2021 en Skotnes, 2021).

Ten spye van die gewildheid van die argief is daar besonderse leemtes in die bestudering daarvan. Die argief reis gereeld deur beide akademiese- en openbare diskoerse, grootliks as gevolg van die lang tradisie van kuratorskap in die vorm van literêre vertalings en verwerkings wat daarvan onderneem is (Marais, 1927; Markowitz, 1956 en 1971; Cope en Krige, 1968; Watson, 1991; James, 2001; Krog, 2004a en 2004b; Staphorst, 2017; vir ’n breedvoerige bespreking, vergelyk Van Vuuren, 2016). Wat Anne Solomon (2014) egter uitlig, is dat dié kuratorskap nie ’n vervanging van noukeurige studie mag wees nie, en sy sonder die afwesigheid van ’n gevestigde tradisie literêre analise met betrekking tot die argief as voorbeeld van dié leemte uit (vergelyk ook Staphorst, 2021b). Afgesien van die vele studies van veral Helize van Vuuren sedert die 1990’s, en wyle Michael Wessels tussen die laat-2000’s en 2010’s, is die Bleek en Lloyd-argief oorwegend slegs in literatuurgeskiedenisso opgeneem (iets wat, soos reeds genoem, op sigself noemenswaardig is wanneer die afwesigheid daarvan in Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywing pre-1994 in ag geneem word). In soortgelyke trant argumenteer Menán du Plessis (2014a) vir ’n indringende bestudering van die |xam taal – iets

wat in die eerste 100 jaar ná die publikasie van Bleek en Lloyd se *Specimens of Bushman Folklore* in 1911 slegs sporadies onderneem is.

Hier moet daar egter op die stand van navorsing met betrekking tot die argief as geheel gelet word, voor kritiek voor die deur van bepaalde dissiplines geplaas word. Wilhelm Bleek het met sy |xam-optekenings in 1870 begin, en vinnig sy skoonsuster, Lucy Lloyd, by die studie betrek. Alhoewel Bleek die formeel opgeleide taalkundige was, getuig hy in 'n 1871-brief aan Sir George Grey (in Eberhard, 1996: 54), eertydse Goewerneur van die Kaapkolonie vir wie Bleek as vertaler en bibliotekaris werkzaam was, dat Lloyd "verder gevorder in die praktiese kennis van die [|xam-]taal" was, dat sy "n vinniger oor" gehad het, en dat hy, gevolglik, grootliks "haar waarnemings in vele opsigte" moes vertrou. Bleek bly egter die leidende figuur wat die benadering tot die optekeningsproses, en die keuse van materiaal, betref – ten minste tot sy sterfte in 1875. Hierna is die werk deur Lloyd alleen voortgesit tot en met 1884. Een van Bleek se dogters, Dorothea, neem die leisels op haar beurt oor, en help Lloyd, haar tante, om *Specimens of Bushman Folklore* in 1911 die lig te laat sien – drie jaar voor Lloyd se sterfte. Dorothea Bleek gaan voort, en publiseer 'n tweede keur verhale uit die argief, *The Mantis and his Friends*, in 1923. Sy publiseer verder 'n reeks volkskundige artikels in *Bantu Studies* (nou *African Studies*), en enkele taalkundige studies van |xam (wat oorwegend steeds dié standaardbronne is, aldus Du Plessis, 2014a; al Bleek se navorsingsartikels aangaande die |xam is in Hollmann, 2004 saamgebind). Haar magnum opus word gepubliseer, soos die geval met haar pa se werk, ná haar dood: in 1956 verskyn *A Bushman Dictionary*, 'n woordeboek wat trefwoorde uit bykans elke opgetekende Khoesantaal bevat.

Die inhoud van die Bleek en Lloyd-argief is gevolglik vir bykans 90 jaar deur alleenlik drie navorsers bestudeer – Wilhelm Bleek, Lucy Lloyd, en Dorothea Bleek. Dit is daarom ook nie vreemd dat die argief ná Dorothea se afsterwe in 1948 vir meer as 30 jaar "min of meer uit sig verdwyn" het nie (Hewitt, 2008: 3). Boesmanstudies, en die argief in besonder, ontvang sedert die middel-1970's hernude belangstelling, veral vanweë die aandag wat rotskunskenners, insluitend Patricia Vinnicombe (1976) en David Lewis-Williams (1981), aan die argief gee. Daarby publiseer Roger Hewitt in 1986 die eerste boeklengte studie van die narratiewe materiaal, en sedert die 1990's word verskeie samekomste gereël waar die argief vanuit verskillende perspektiewe belig word (vergelyk Deacon en Dowson, 1996; Deacon en Skotnes, 2014b; Wessels, 2014; Wessels et al., 2019). Belangwekkend is dat die oorgrote meerderheid argiefmateriaal steeds grootliks ongepubliseerd, wat geredigeerde en geannoteerde weergawes betref, bly. Die inhoud is dus slegs toeganklik vir dié wat bereid is om die 13 000-bladsyversameling met die hand deur te werk. In 2000 verskyn 'n nuwe keur

saamgestel deur David Lewis-Williams, en in 2007 word *Claim to the Country* (2007), saamgestel deur Pippa Skotnes, gepubliseer. Saam met dié publikasie word 'n CD-ROM uitgegee waarop skanderings van al 13 000-bladsye ingesluit is. Terselfdertyd word dié skanderings vrylik op die internet beskikbaar gestel op 'n webblad toegewy aan die argiefversameling.

Dit is gevvolglik nie vreemd dat groot dele van die argief nog geen kritiese aandag ontvang het nie, nog dat groot dele onvertaal en onversorg daar uitsien nie. Die argief is, tot 'n mate, wel 'n "verseëlde koevert" (Hewitt, 2002: 33), maar nie omdat ons 'n briefoopmaker mis nie. Daar is eerder 'n turbulente geskiedenis wat die argief vergesel; gekenmerk deur lang stiltes wat deur slegs enkele stemme onderbreek is wat bereid is om die moeisame naspeurwerk te onderneem om die telkens duistere inhoud oop te maak.

2.1 Afrikaans op die argiefgrens

Helize van Vuuren publiseer in 1995 die eerste studie waarin Afrikaans in verhouding tot die Bleek en Lloyd-argief uitgelig word. Van Vuuren, wat met 'n ondersoek na die Boesmanoptekenings van Gideon von Wielligh besig was, het gelet op die getuienis van interkulturele kontak tussen Afrikaanssprekende trekboere en die |xam-sprekende Boesmans soos dit in die Von Wielligh (2009 en 2010)-optekenings gereflekteer word. Belangwekkend is dat Von Wielligh miskien die enigste bewyse lewer van die hoë vlak van tweetaligheid onder Boer en Boesman wat op die uithoek van die Kaapse Kolonie gevind kon word. Daar word, byvoorbeeld, vertel hoe "die meeste van [hulle, die Boere,] die Boesmantaal geken" het (Von Wielligh, 2010: 165), en dat "hulle dit van die lippe van die Boesmans geleer het" (Von Wielligh, 2010: 42). Hiernaas word daar beskryf hoe vele |xam bekend was vir hoe hulle in "gebroke Afrikaans ook 'n gesprek kon voer" (Von Wielligh, 2010: 14), met verskeie voorbeelde van hoe dié kennis van Afrikaans gebruik is om die trekboere te uitoorlê.

Belangwekkend is dat die Von Wielligh-argief telkens deur navorsers in Boesmanstudies met agterdog bejeën word (vergelyk Van Vuuren, 2016 en Staphorst, s.a.), en insigte wat daarin verberg word, word vervolgens selde betrek by die opklaring en bespreking van vraagstukke in die veld. Die interkulturele kontak tussen Boer en Boesman wat Von Wielligh geboekstaaf het, was byvoorbeeld nooit aan die leidende Khoesantaalkundige Anthony Traill bekend vóór hy deur Van Vuuren daarvan ingelig is nie: die "[m]ededeling van hierdie feit het ... [Traill] sodanig verstom ... dat hy bewysplase uit Von Wielligh ... aangevra het" (Van Vuuren, 2010: 12). Dié bewysplase het 'n sentrale posisie in 'n toonaangewende bespreking oor die rol van twee- en meertaligheid onder Boesmangroeperings

in die 19de en 20ste eeu in die Kaapse grensgebied ingeneem wat Traill (1996 en 2007) sou neerpen. Hierin het Traill die sosiale faktore uitgelê wat taalverandering en -verskuiwing onder die |xam, asook sprekers van ander Khoesantale, aangehits het tydens die verloop van die 19de eeu: die telkens noodlottige interkulturele kontak tussen Afrikaanse trekboere en Khoesantaalsprekende groepe het 'n sentrale rol gespeel met betrekking tot dié verandering.

Van Vuuren se bespreking was egter nie slegs op Von Wielligh geskoei nie. Sy het haar betoog ook op Bleek se *A Bushman Dictionary* toegespits. Hier het Van Vuuren verskeie voorbeeld van Afrikaans uitgelig wat in die loop van die woordeboek – onder verklarings, as vertalings, en selfs as homofoniese trefwoorde geëtiketteer as behorend tot Khoesantale self – uitgeken kan word. Onder die trefwoord -||ka, byvoorbeeld, 'n uitroep vir uitnemendheid, word 'n frase verskaf waarin die "bureagən" (Boere), aangehaal word:

hi ||kwaj ka, “-||ka, -||ka” au |xam-ka #kakkən#kakkən, bureagən e: |ne ta, “maar my magtig, die ding is regte [sic] lekker” --- they say, “excellent, excellent!” in the Bushman language, the farmers are those who say “but my goodness, the thing is very nice” (Bleek, 1956: 547).

Belangwekkend is dat dié voorbeeldsin beide |xam en Afrikaans bevat, en dus 'n verdere bewys is van die tweetaligheid van die |xam wat in Von Wielligh beskryf word, asook hoe dié tweetaligheid ingespan is om verklarings aan Bleek en Lloyd te verskaf. Van Vuuren haal verder verskeie vertalings aan waar 'n |xam-term, veral plant- en diername, direkte vertalings in Afrikaans gegee word – maar telkens met spellingsvorme wat awyk van Standaardafrikaans: “blespaard” vir “!ai:tən” (1956: 370), en “assbos” vir “!ko-a” (1956: 437). Laastens is daar voorbeeld van leenwoorde uit Afrikaans wat op eiesortige maniere ver-|xam is: “hunkeri, hunkeruj” vir hoender, byvoorbeeld (1956: 56). Dié aanhalings van Van Vuuren word egter nie verder ondersoek nie, en, benewens die betoog van Traill, ook nie by besprekings om die argief betrek nie. Dit is gevvolglik bykans 'n dekade later voor die verhouding van Afrikaans met betrekking tot die argief weer aan bod kom.

Antjie Krog publiseer in 2004 twee digbundels wat uit verwerkte en vertaalde materiaal uit die Bleek en Lloyd-argief saamgestel is – een in Afrikaans, en die ander in Engels. In die inleiding tot die bundels, as deel van die uitlegging en motivering van haar vertaalstrategie, argumenteer Krog dat sy aanklank by die “stemme” in die argief gevind het. Dié aanklank is egter nie net ten opsigte van die inhoud of gevoelswaarde van die materiaal nie, maar eerder konkreter ten opsigte van taal. Sy vertel gevvolglik dat sy deur “die Afrikaanse onderbou van die materiaal [gelei is] ... [tot op die punt dat sy] gevoel het asof [sy] bloot uit Engels terug moes vertaal in die oorspronklike Afrikaans” (2004a: 10). Sy haal verder 'n voorbeeldsin aan om haar

siening van die “onderbou” wat sy bespeur uit te lig: “Hold thou strongly fast for me the hartbeest skin!” (Ikabbo, 1911b: 3). Dié sin kan direk in Afrikaans as “Hou jy sterk/styf vas vir my die hartebeesvel!” vertaal word.

Hier kan vinnig stilgestaan word om die moontlike invloed van Afrikaans op die vertaling uit te lig. Die Engelse “hold … fast” klink op die Afrikaanse “hou … vas”, maar die “hold … fast” is verder deur die bywoord “strongly” vergesel: “hold … strongly fast”, of “hou … sterk/styf vas”. Die Engelse frase ‘hold fast’ is nie vreemd aan die taal nie. In die Koning James Bybelvertaling word Openbaring 3: 11 soos volg vertaal: “Behold, I come quickly: hold that fast which thou hast, that no man take thy crown”. Die argument kan dan wel voorgehou word dat die vertaling bloot ’n “kwasi-Elizabethiaanse Engels” (Loughnane, McGranaghan en Guldemann, 2014: 308) probeer naboots. Daar mag egter nie vergeet word nie dat ‘hold fast’ nie ’n skeibare werkwoord, soos die Afrikaanse ‘vashou’, is nie. ‘Fast’ is dus ’n bywoord wat die werkwoord ‘hold’ bepaal. Hierom val die dubbele bywoordgebruik, van ‘strongly fast’, as onidiomaties op. Hierteenoor word die Afrikaanse ‘hou vas’/‘vashou’ gereeld deur ’n verdere bywoord bepaal. Daarbenewens word die voornaamwoord ‘thou’/‘you’ selde in die Engelse bevelsin opgemerk, en, waar wel, word dit voor die werkwoordstuk geplaas: “(You) Hold on to that skin for me”. Dit, teenoor die Afrikaanse “Hou (jy) vir my die vel vas”, byvoorbeeld. Die sin kan dus as idiomatiese Afrikaans beskryf word – met die V2-sinsnede “sterk/styf vas” wat deur middel van beginrelevering na ’n vroeë posisie in die sin verskuif is vir die beklemtoning van “Hou jy sterk/styf vas …”, dit wil sê die kernbetekenis van die bevel.

Krog se vertaalprojek verskaf dus ’n blik op die argief wat voorheen onbedenkbaar was – die argief as ‘oorspronklik’ Afrikaans. Haar vertalings is egter oorskadu deur ’n aanklag van letterdiefstal deur mededigter Stephen Watson. Watson het in 1991 ’n bundel verwerkings uit die argief gepubliseer, en geargumenteer dat Krog se projek derivatief is van sy eie (vergelyk Watson, 2005 en Krog, 2006 vir die aanklag deur Watson en die antwoord daarop deur Krog, asook Verstraete, 2006; Wessels, 2007 en 2010; en Van Vuuren, 2008 en 2016 vir besprekings daarvan). Dié betoog wil nie by die debat betrokke raak nie, behalwe om een deel van Watson se aanklag uit te lig. As deel van ’n breë afmaking van Krog se vertalings, het Watson op haar opmerking oor die “onderbou” van die materiaal kommentaar gelewer, en geargumenteer dat haar lees van dié sintaktiese verskynsels verkeerd is – dit is, volgens hom, eerder ’n bewys van die vervreemdende effek wat ’n vertaling van |xam op Engels het, as ’n bewys van Afrikaanse invloed. Krog se antwoord hierop is eenvoudig: sy beklemtoon dat daar reeds bewyse is dat Afrikaans as taal van

bemiddeling tussen Bleek en Lloyd en die |xam tydens die opnames gebruik is, en, belangwekkend, dat sy self die bewyse van dié bemiddeling in die kantlyne van die oorspronklike notaboek gesien het.

Twee jaar ná die publikasie van Krog se bundels verskyn Andrew Bank se omvattende studie oor die geskiedenis van die Bleek en Lloyd-argief. Dié studie het 'n besonderse verdieping in Boesmanstudies teweeg gebring deur hernude aandag op die dinamiese verhouding wat tussen Bleek, Lloyd en die |xam-medewerkers uitgespeel het te vestig (vergelyk Rassool, 2006). Dit is dan ook in dié studie waar Bank die aandag op Krog se opmerking oor die Afrikaanstalige aard van die Engelse materiaal gevëstig het. Deur kantaantekenings, voetnote, brieve, en ander materiaal uit die argief te ondersoek, het Bank Krog se intuïtiewe opmerking beaam, en die deurslaggewende rol wat Afrikaans as taal van bemiddeling tussen Bleek en Lloyd en die |xam gespeel het, uitgelig.

Hier kan genoem word dat kennis om die gebruik van Afrikaans in die skepping van die argief nie 'n totaal nuwe insig is nie. Bleek self het in 'n 1873-verslag vier verhale uitgesonder wat direk uit 'Nederlands' vertaal is. In 1909 beskryf Edith en Dorothea Bleek hoe, “[a]an die begin[,] ... [die] hoofmedium van kommunikasie [tussen hul pa en die |xam] ...die gebroke Nederlands wat hulle[, die |xam,] verstaan en gepraat het” was (1909: 40). Anthony Traill (1996 en 2007) het, in dieselfde betoog waar hy op Van Vuuren se insigte uitgebrei het, die rol van Afrikaans ook uitgelig, maar dit egter nie as sentraal tot die opnemingsproses beskryf nie. Hy argumenteer eerder dat Bleek en Lloyd die |xam se kennis van Afrikaans slegs met die aanvang van hul studie ingespan het, en dat dié gebruik afgeneem het nadat hul, Bleek en Lloyd, kennis van |xam verbeter het. Die naspeur van Afrikaans deur Bank na aanleiding van Krog se opmerking skets egter 'n ander prentjie: Afrikaans het eerstens 'n veel groter invloed op die skepping van die argief gehad as voorheen gedink, dié invloed strek tweedens verder as net die eerste kennismaking tussen Bleek en Lloyd en die |xam, en daar is derdens baie meer reste van Afrikaans in die notaboek te vind as aanvanklik veronderstel.

Wat Traill wel reg had, is die gebrekkige kennis van Bleek en Lloyd ten opsigte van Afrikaans. Bleek merk, byvoorbeeld, in sy dagboek in 1857 – tydens 'n tog deur Natal – op dat hy sukkel om met 'n boer te kommunikeer, omdat hy “weinig Nederlands verstaan het en in ieder geval, die Nederlands wat [daar] gepraat [was] verskil van dit wat in Europa gepraat” is (Spohr, 1965). Indien Von Wielligh se opmerking oor die |xam en hul “gebroke Afrikaans” in ag geneem word, was Bleek met 'n dubbele ‘gebrokeheid’ gekonfronteer – die |xam wat 'n ‘gebroke’ weergawe van 'n reeds ‘gebroke’ taal gepraat het, dit wil sê gebroke gebroke Nederlands. Die waarde van dié insig, egter, is dat die

optekening van Afrikaans wat in die argief gereflekteer word, redelik vry is van enige veronderstelde idees van “korrekte” Afrikaans. Hierom dwaal die spelling gereeld van die huidige standaard af – iets wat te verwagte is. Maar, met veral Lloyd se “fyn gevoelige taaloor[, soos reeds uitgelig met verwysing na Bleek se eie woorde], is die afdwalings heel moontlik baie getrou tot die gesproke woord” (Bank, 2006: 167).

Hier kan ons drie belangrike gevolgtrekkings bereik. Eerstens, alhoewel bekend as ’n |xam-argief, besit die Bleek en Lloyd-argief taaldata wat vir die Afrikaanse taalkundige van besonderse belang is. Tweedens, benewens die uitkenbaar Afrikaanse taaldata, is daar die moontlike teenwoordigheid van ’n Afrikaanse substraat in die Engelse vertalings, wat, deur vertaling terug na Afrikaans self, verder lig kan werp op die aard van die Afrikaans deur die |xam gebesig. Hier moet genoem word dat daar verskeie twispunte om die aard van die Engelse vertalings is, met party wat argumenteer dat die vreemdheid van die taalgebruik spreek van die invloed van ’n Victoriaanse akademiese diskloers (Wessels, 2010), party wat voorhou dat Bleek en Lloyd se eie stilistiese keuses ’n invloed daarop ingeoefen het (Loughnane, McGranaghan, en Guldemann, 2014), en ander wat weer argumenteer dat dit direkte kanttekening is, en daarom van die struktuur en aard van die taal waaruit vertaal is getuig (Du Plessis, 2014a). Die ooraanbod van feite wat die argief met Afrikaans verbind, asook die talige ooreenkoms, laat die gevolgtrekking dat dit moontlik die vreemdheid van die Afrikaanse taalstruktur is wat die Engelse vertalings sodanig versteur – en wat terugvertaling dus ’n werkbare benadering tot inwin van meer taaldata maak. Maar, selfs indien dié siening verkeerd is, en die vreemdheid slegs aan |xam toegedig kan word, moet daar gevra word hóé daar so nóú ’n verwantskap tussen die sintaktiese vorms van |xam en Afrikaans is, dat Afrikaans ingelees kan word. Dit is dan die derde gevolgtrekking – alhoewel daar nog nie ’n diepgaande beskrywing van die aard en struktuur van |xam as sodanig bestaan nie (Menán du Plessis stel tans ’n beskrywende grammatika vir |xam saam – die eerste poging om die taal substantief te beskryf - Galloway, 2020; persoonlike kommunikasie), is daar genoeg bewyse van taalkontak en -verskuiwing om ’n invloed van |xam op Afrikaans te bespeur. En dít is moontlik die grootste vonds wat vir die Afrikaanse taalkundige in die argief wag. Die gebruik van Afrikaans in die konteks van die argief moet dus nie as ’n anachronisme gelees word nie, want, soos uit Van Vuuren (1995) se ondersoek in die Von Wielligh-argief, asook Traill (1996 en 2007) se beaming daarvan, blyk, is Afrikaans as ’n sentrale ‘brugtaal’ (Willemse, 2009) tussen Boer en Boesman in die Kaapse grensgebied ingespan.

3. Khoe-Afrikaans

Maar waar pas dié argief spesifiek in? Wat is die waarde benewens historiese kuriosum? Hier moet ons onsself na die variasietaalkunde wend. Alhoewel die Afrikaanse variasietaalkunde ten minste tot die optekenings van Gideon von Wielligh (1925) teruggetrek kan word, is die erkenning van variëteite en dialekte as sodanig tot so onlangs as die 1970's bevraagteken (vergelyk Du Plessis, 2001). Dié siening is egter uitgedaaag deur die dialektologiese studies wat veral in die 1980's 'n opbloei beleef het, met Christo van Rensburg (1983, 1984, en 1987), Hans du Plessis (1987a en 1987b), en Tony Links (1989) as leidende figure. Deur veral klem op die taalgebruik van die Griekwas, Richtersvelders, Van der Merwes, en Namakwalanders in die Noord-Kaap en Namibië te lê, het dié drie navorsers die taalwetenskaplike tradisie van variasietaalkunde in die breë, en dialektologiese studies in die besonder, in Afrikaans ingeburger. Terwyl dialekte die hooffokus van Du Plessis en Links se navorsing gevorm het, het Van Rensburg die insigte uit die variasietaalkunde by die taalgeskiedskrywing bygebring om 'n dinamiese blik op die ontwikkelingsgeschiedenis van Afrikaans te verskaf. Dialekte, aldus Van Rensburg, is nie bloot verskynsels wat gedifferensieerde taalgebruik weerspieël nie, maar vorm 'n draad waarslangs die wording van 'n taal nagespeur kan word.

Van Rensburg het gevvolglik drie sambreelvariëteite uitgeken – Kaapse Afrikaans, Oosgrensaafrikaans, en Oranjerivieraafrikaans – wat die spil van Afrikaans vorm (vergelyk Van Rensburg, 1983, 1989, en 1997). Aldus Van Rensburg kan iedere Afrikaanse dialek as 'n besondere uitdrukking van een van dié breë sambreelvariëteite beskryf word. Hy trek dan die drie sambreelvariëteite verder terug tot drie verskillende oorsprongsgemeenskappe aan die Kaap: Kaapse Afrikaans is deur veral die slaweggemeenskap gepraat, Oosgrensaafrikaans is die taal van trekboere wat die Kaap verlaat het om noord- en ooswaarts te trek, en Oranjerivieraafrikaans is die Afrikaans van die Khoekhoen en hul afstammelinge. Oranjerivieraafrikaans is volgens dié siening die gevolg van 'n aanleerdersvariëiteit: die Khoekhoen het Afrikaans geleer, maar telkens hul grammatale beginsels en -patrone van Khoetale gebruik om daardie Afrikaans te vorm (vergelyk Du Plessis, 2015 en Du Plessis en Grant, 2019 vir 'n resente uitbreiding van Van Rensburg se intertaalhipotese). Die gevolg is 'n vorm van Afrikaans waar Khoekhoen invloede heel merkbaar is.

Alhoewel Van Rensburg myns insiens die mees samehangende blik op dié deel van Afrikaans se ontstaansgeschiedenis verskaf, is die invloed van Khoesprekers op Afrikaans lank reeds 'n besprekingspunt (vergelyk Groenewald, 2019). Soos Daniël Bosman (1923) in een van die eerste omvattende vergelykende besprekings oor die geschiedenis van Afrikaans opteken, is Khoe-invloed die "oudste verklaring

van die karakter van Afrikaans” (1923: 16) – ’n verklaring wat na ’n 1882-lesing deur Johannes Hahn, self ’n spreker van, onder andere, Nama, herlei kan word. Dié Khoegesentreerde siening word later veral deur Gabriël Nienaber (1963 en 1994), Hans den Besten (2005, 2012a, en 2012b), en die reeds genoemde Christo van Rensburg (2013, 2015, 2016, en 2018a) voorgehou en ontwikkel. Wat Van Rensburg se werk spesifiek uitsonder is die fokus op Khoe-Afrikaans as die bron van ’n lewende variëteit, naamlik Oranjerivierafrikaans.

Hier is daar egter belangrike gegewens wat nie vergeet mag word nie. Die eerste is dat daar nie een enkele Khoetaal as sodanig is nie. Daar is verskeie Khoetale wat die moontlike basis van dié bepaalde aanleerdersvariëteit van Afrikaans kon gevorm het (en selfs die moontlikheid dat almal ’n hand hieraan gehad het), en siende dat daar ten minste 11 Khoetale aan die Kaap in die 17de eeu gebesig is (Traill, 2004), is uitsluitel moeilik bereikbaar. Daar is nietemin goeie rede om te vermoed dat !ora die grondtaal was (Du Plessis, 2018). Verder van belang is dat dit nie bloot sprekers van Khoetale was wat die Kaapse skiereiland bewoon het nie, nog minder is daar ’n klinkklare onderskeid tussen dié sprekers en die sprekers van !ui-tale (die taalgroep wat |xam insluit) se sosio-ekonomiese bestel aan die Kaap nie. Simon van der Stel het, byvoorbeeld, in 1685 op Boesmans gelet wat aan Khoekhoengroepe verbind was, en Menán du Plessis (2018) suggereer gevolglik dat ’n verhouding van lyfeienskap, soortgelyk aan die moontlike historiese adellike sisteem tussen die Khoekhoen en Boesmans van die Kalahari (vergelyk Gordon en Douglas, 2000 en Wilmsen, 1989), bestaan het. Alhoewel die aard van die verhoudings tussen die groepe betwisbaar is, is daar sekerheid omtrent die aanwesigheid van !ui-sprekers aan die Kaap sedert die aankoms van die eerste Europese setlaars.

Hiernaas moet daar op die kontinuïteit van die Khoekhoen en Boesmans as ’n historiese groepering aan die Kaap gelet word. Alhoewel die Khoekhoen met hul verwikkeld sosio-politieke netwerke meer georganiseerde teenkanting teen die trektogte van die vryburgers kon bied as die Boesmans, is hul samelewings grootliks teen die middel van die 18de eeu uitgewis (Penn, 2005) – met taalverskuiwing na Khoe-Afrikaans voltrek (Van Rensburg, 2012, 2013, 2015, en 2018b). Die Boesmans in die Kaapse grensgebied, hierteenoor, het tot ten minste die einde van die 19de eeu steeds tale soos |xam gebesig. Indien ons dus die ontwikkelingslyn van Oranjerivierafrikaans teen historiese gegewens lees, is dit bykans onmoontlik dat dit alleenlik Khoetale was wat daartoe bygedra het. Inteendeel, indien die basis grootliks op Khoetale geskoei is, is die ontwikkeling daarvan ten minste tussen die middel-1700’s en die vroeë 1900’s deur kontak met !ui-tale, soos |xam, beïnvloed. Van Rensburg se teorieë van historiese variëteite kan uit verskeie hoekpunte gekritiseer word (vergelyk Grebe, 2012), maar myns

insiens is die grootste uitdaging die kontinuum wat tussen Khoë-Afrikaans en Oranjerivierafrkaans veronderstel word, met Khoetale as enkele basis.

In resente studies argumenteer Van Rensburg (2012 en 2018b) eksplisiet dat die Kaapse Boesmans, wanneer hulle in kontak met Khoekhoengroepe, Griekwas, en trekboere deur die loop van die 18de en 19de eeu gekom het, Khoë-Afrikaans gebruik het. Belangwekkend is dat Van Rensburg nie die moontlikheid erken dat hulle eerstens ook ander tale, benewens Khoë-Afrikaans, magtig was nie (soos lora, vergelyk Traill, 1996 en 2007), en dat hulle op hul beurt, soos die Khoesprekers in die 17de en 18de eeu, deur hul aanleerdersvariëteit van Afrikaans 'n invloed op die ontwikkeling daarvan uitgeoefen het nie. Ons het moontlik met 'n selfs beduidender invloed as Khoetale te make, siende dat Von Wielligh se beskrywings van die trekboere se kennis van |xam 'n taalkontakruimte teweeg gebring het wat in die struwelinge tussen die Europeërs, vryburgers, en Khoekhoen aan die Kaapse skiereiland in die 17de eeu afwesig was.

Indien die verskeidenheid van Khoetale, tesame met vele ander sogenaamde Boesmantale, insluitend veral |xam, in aggeneem word (vergelyk Du Plessis, 2014b en 2019 vir 'n bespreking oor die problematiek om toe-eiening en beskrywing van Khoesantale as behorend tot 'Khoekhoen' of 'San' groepe), kan die besonders dinamiese taalkontak tussen die aanleerdersvariëteit Khoë-Afrikaans, die Afrikaans van die trekboere, asook die steeds Khoesantaalsprekende Khoekhoen- en Boesmangroeperings in die Kaapse grensgebied ten volle erken word. Khoë-Afrikaans moet nie as 'n statiese taalvorm, met 'n eenvoudige onwikkeling wat op Oranjerivierafrkaans uitloop, geag word nie. Die moontlikheid van 'aansterking', van voortdurende ver-Khoesan-ing deur kontak met sprekers van Khoesantale in die breë, moet in aanmerking geneem word. Dié interpretasie sluit nou by Hans du Plessis (2015) en Du Plessis en Grant (2019) se teorie oor die verband tussen Afrikaans en die ruimte van die Suider-Afrikaanse binneland as 'voorpos' aan – 'n ruimte waar identiteite en netwerke voortdurend aan die verander was, en waar die taal en kultuur van Boesman, Boer, en Bantoetaalsprekende dus op verskeie verwikkeld wyses ingrypend verander het.

'n Moontlike voorbeeld van hoe die |xam-taal die ontwikkeling van Khoë-Afrikaans na Oranjerivierafrkaans beïnvloed het, kan uit 'n besondere oorlewering, wat die |xam man ||kabbo aan Wilhelm Bleek oorgedra het, bespeur word. Die uitsonderlikheid van beide die toonaard en inhoud van die kum, die |xam-woord wat, onder andere, narratief of verhaal beteken, het reeds tot verskeie interpretasies gele – van die letterkunde (Van Vuuren, 1994), deur burgerskapstudies, kompleksiteitsteorie (Staphorst, 2019), en epistemologie (Staphorst, 2021a), tot selfs die sterrekunde (Rusch, 2016). Die trefkrag van die oorlewering lê in ||kabbo se diepe begeerte om na |xam-ka-lau, oftewel Boesmanland, terug te keer. ||kabbo,

toe reeds 'n hele paar jaar by die Bleek-huishouding, en vroeër 'n gevangene by die Breekwatertronk, het sy heimwee vir sy land en mense bekendgemaak deur 'n beeld te skilder van sy begeerde terugtog huiswaarts – en wat hom daar te wagte sal wees. Aan Bleek seg hy: “*Aken tenna, ti e, n !ka ssho au !xoe-ssho-!kui, sse !xuonniya kke, n sse !kuiten n-ka !xoe*”; “Thou knowest that I sit waiting for the moon to turn back for me, that I may return to my place” (Ikabbo, 1911a: 298-299). Luister, egter, na hoe dié sin – in direkte vertaling – in Afrikaans klink: *U weet dat ek sit wag vir die maan om om te draai vir my, dat ek mag terugkeer na my plek*.

Van belang hier is die skakelwerkwoordkonstruksie “sit wag” – 'n algemene verskynsel in Oranjerivieraafrikaans in die besonder (vergelyk Hendricks, 2018; Van Rensburg, 2018a en 2018b; en Theys, 2021 vir voorbeeld, en Du Plessis, 1990 vir 'n ondersoek na die aard van skakelwerkwoorde in Oranjerivieraafrikaans), maar wat ook onder sprekers van ander variëteite voorkom (vergelyk Dirix en Augustinus, 2019 vir 'n resente ondersoek na skakelwerkwoorde in Afrikaans in die breë). Alhoewel dié verskynsel veral aan Khoekhoegowab-, oftewel Nama-, invloed toegedig word (vergelyk Van Rensburg, 2018a en 2018b, en Du Plessis en Grant, 2019), bied |xam 'n uitdaging. Dit mag dalk wees dat die aanvanklike verskakelwerkwoording van Afrikaans onder die invloed van Khoekhoegowab plaasgevind het, maar wat het gebeur ná die meeste Khoesprekers omstreeks die middel-1700's Afrikaans aangeneem het as huistaal, terwyl |xam nog vir ten minste 150 jaar gedy het? Die argument van dié betoog is nie om 'n diepgaande studie te onderneem nie, en dit poog dus nie om 'n klinkklare antwoord hierop te verskaf nie. Maar, wat dit wel poog, is om te wys dat die belang van so 'n moontlike ondersoek nie sommerso ontken mag word nie.

Hier moet genoem word dat selfs indien die hipotese van die invloed van |xam verkeerd is, daar steeds geweldige waarde in die bestudering van die Bleek en Lloyd-argief in verhouding tot Afrikaans is. Die |xam wat die argief help skep het, was bewoners van Boesmanland, en hul vorm van Afrikaans dus ongetwyfeld 'n vroeë vorm van Oranjerivieraafrikaans. Waar die ander sambreelvariëteite van Afrikaans, insluitend Kaaps en Oosgrensaafrikaans, deur verskeie brieue, dagboeke, en ander dokumentasie nagespeur kan word, is die optekenings van Oranjerivieraafrikaans redelik skraal, en die meeste dateer uit die 20ste eeu (vergelyk Hendricks, 2018 vir 'n oorsig oor beskikbare bronne, asook Hendricks, 2014 en 2017, Saal en Lawrence, 2019, en Theys, 2021 vir resente besprekings van die variëteit). Elvis Saal (2019) merk op die afwesigheid van bronmateriaal as die grootste uitdaging wat die bestudering en herkonstruksie van Khoekhoegowab en Oranjerivieraafrikaans in die gesig staar. Die |xam-korpus kan hierdie leemte in die nuansering van die geskiedenis van die ontwikkeling van Khoekhoegowab en Oranjerivieraafrikaans aanvul.

4. Slot

Alhoewel dit nie 'n korpus spesifiek gewy aan Afrikaans is nie, is daar genoegsame data in die Bleek en Lloyd-argief om dit by die Afrikaanse taalkunde te betrek. Die argief, en alle beskikbare publikasies wat deur die oorspronklike drie navorsers, naamlik Wilhelm Bleek, Lucy Lloyd, en Dorothea Bleek, uitgegee is, moet eerstens vir alle moontlike reste van Afrikaans gefynkam word. Wanneer die wetenskaplike inslag van die navorsers, tesame met hul gebrek aan kennis van Afrikaans in ag geneem word, kan dit as redelik betroubare data, wat insig in Oranjerivierafricaans soos dit in die 19de eeu uitdrukking geniet het, beskou word. Dit kan weer met die bestaande data oor Oranjerivierafricaans vergelyk word om ooreenkoms en verskille uit te ken.

Die argief moet tweedens in Afrikaans vertaal word. Dié vertaling moet egter nie op die bestaande tradisie omdigtigs en literêre verwerkings volg nie, maar eerder 'n direkte vertaling van die Engelse weergawes wees. Dit moet ideaal van die hele argief gemaak word, maar die optekenings van die eerste paar jaar, dit wil sê 1870 tot omstreeks 1873, kan beklemtoon word. Alhoewel Afrikaans heel moontlik 'n permanente teenwoordigheid tydens die opnameproses gehad het, is die rol daarvan in die aanvangsjare die beduidendste. Dié vertalings kan, soos die direk waarneembare Afrikaanse taaldata wat uitgeken kan word, ook insig in vroeë Oranjerivierafricaans verskaf. Derdens, en laastens, moet |xam as taal nie net indringend bestudeer en beskryf word nie, maar die moontlike invloed wat dit op die ontwikkeling van Afrikaans in die breë, en Oranjerivierafricaans in die besonder, gehad het, ondersoek word.

Die behoefté vir die voorgestelde bestudering van die argief is egter, myns insiens, nie bloot nodig omrede historiese nuuskierigheid nie, maar eerder 'n plig. Die diskous om 'versoening' en 'afrekening' met die geskiedenis van Afrikaans wat telkens voorgehou word as sentraal tot die toekoms van die taal en die taalgemeenskap (vergelyk Carstens, 2013a; Carstens, 2013b; Carstens en Raidt, 2017 en 2019) kan om verskeie ideologiese redes gekritiseer word (vergelyk Kriel, 2015 en 2018). Moontlik van groter belang is dat die idee dat die geskiedenis van Afrikaans ten volle vertel is (vergelyk, weer, Carstens en Raidt, 2017 en 2019), vals is (vergelyk Titus, 2016 en Willemse, 2017, 2019a en 2019b).

In Wannie Carstens en Edith Raidt se tweedelige *Die Storie van Afrikaans*, wat as dié standaardbron oor Afrikaans se wordingsgeskiedenis voorgehou word (vergelyk Kirsten, 2018; Taljard, 2018; Kotzé, 2019; Roux, 2019), verskyn die 'San' hoofsaaklik met verwysing na die historiese bewegings en konflikte tussen die Boesmans en ander groeperings, veral wit Afrikaners. Daar verskyn slegs vier verwysings na die invloed van 'San-' of 'Khoesantale' op Afrikaans, maar

sonder enige bewys of teorie van hóé dié tale Afrikaans in die besonder help slyp het (Khoetale word wel telkens genoem, met verwysing na die studies van veral Nienaber en Van Rensburg). Die erigste direkte verwysing na enige spesifieke ‘Santaal’, asook die enigste verwysing na |xam, is waar daar in ’n inleidende hoofstuk oor gestorwe tale in die algemeen gereflekteer word.

Die ‘versoening’ waarna gesmag word, kan nog nie plaasvind alvorens daar nie ’n beter begrip van die wisselwerkings en verwikkeldhede wat Afrikaans help vorm het, is nie: nie net as ’n kontaktaal aan die Kaap nie, maar as ’n taal verstrengel in en met die verstoting en vervanging van vele ander mense en tale regoor Suider-Afrika. Die |xam, en hul ervenis, is “teenwoordig en sosiaal gesitueerde individue en gemeenskappe, wie se geskiedenis, kulture, tale en gene interverweef is in verwikkeld en bestreden wyses met die van ander in die streek” (Wessels, 2014: 467; vergelyk Staphorst, 2019). Afrikaans, en in die besonder Oranjerivierafricaans, is ’n lewende bewys hiervan, en die vele Khoesanherlewingsbewegings (vergelyk Besten, 2011 en 2013; Ruiters, 2013; Bam, 2015; Van Wyk, 2016; Verbuyt, 2016; Boezak, 2016 en 2018; Brown en Deumert, 2017; Barnabas en Miya, 2019; Veracini en Verbuyt, 2020) wat tans daar uitsien, is gewortel in die erkenning van daardie geskiedenis.

Hier kan genoem word dat die pas afgelope dekade van 2010 as besonders vrugbaar vir die bestudering van dié, en vele ander, ‘geheime geskiedenis’ van Afrikaans (soos Hein Willemse (2015) dit bewoord) beskou kan word. Die ‘demokratisering van Afrikaans’, wat Christo van Rensburg (1992; vergelyk ook Grebe, 2004) met die oorgang vanaf apartheid- na ’n demokratiese Suid-Afrika as wenslik beskou het, het begin wortelskiet. Benewens ’n intensivering van die studie van Kaaps (vergelyk Hendricks en Dyers, 2016), is die eerste kongres oor Oranjerivierafricaans gehou. Die referate wat daaruit voortgespruit het, en hier in die bladsye van *T.N&A* verskyn het (vergelyk Van Wyk en Teise, 2018), getuig van ’n diepgaande gesprek wat oor die sambrelvariëteit ingelei is. Benewens talige besprekings van Oranjerivierafricaans (Hendricks, 2018 en Van Keymeulen, 2018), is daar ook studies oor die letterkundige uitdrukking van die Noordwesterse/Noord-Kaapse ruimte (Bonthuys, 2018 en Van Wyk, 2018), asook ondersoeke na die sosio-kulturele geskiedenis van Afrikaans in die Noord-Kaap (De Vries, 2018).

Die studie van |xam, en die Bleek en Lloyd-argief in die besonder, vind aanklank by al dié strominge: dit spreek tot die talige aard van vroeë Oranjerivierafricaans, tot van die eerste opgetekende letterkunde wat uit die gebied spruit, en tot die sosio-kulturele geskiedenis van die gebied. Wanneer ons oor die |xam, en |xam-ervenis, dink, word ons dus met verwikkeldhede gekonfronteer (vergelyk Staphorst, 2019, 2021a en 2021b) – dieselfde verwikkeldhede wat Afrikaans as

'n taal kenmerk, naamlik teenstrydighede en noodlottige verbintenisse. Indien ons nie daardie verwikkeldhede ondersoek en bestudeer nie, loop ons die gevaar om 'n toekoms te skep waarin Suid-Afrikaners na ons landswapen, en die |xam-motto daarin vervat, sal kyk met geen begrip vir wat dit vir ons erfenis en gedeelde menslikheid beteken nie. So, laat ons loop luister na wat die |xam ons oor onsselwers kan leer!

*Nelson Mandela Universiteit
Wolfson College, Universiteit van Oxford*

Bronnelys

- ||kabbo.** 1911a. ||kabbo's Intended Return Home. In: Bleek, W.H.I. en Lloyd, L.C. (red.). *Specimens of Bushman Folklore*. Londen: George Allen.
- ||kabbo.** 1911b. The Mantis assumes the form of the Hartebeest. In: Bleek, W.H.I. en Lloyd, L.C. (red.). *Specimens of Bushman Folklore*. Londen: George Allen.
- Attwell, David en Attridge, Derek** (red.). 2012. *The Cambridge History of South African Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bam, June.** 2015. Contemporary Khoesan identities in the Western Cape and campaigns for social justice. *Bulletin of the National Library of South Africa*, 69(2): 215-232.
- Bank, Andrew.** 2006. *Bushmen in a Victorian World: the remarkable story of the Bleek-Lloyd collection of Bushman folklore*. Kaapstad: Double Storey.
- Barnabas, Shanade en Miya, Samukelisiwe.** 2019. KhoeSan Identity and Language in South Africa: Articulations of Reclamation. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 59-103.
- Barnard, Alan.** 2004. Coat of Arms and the Body Politic: Khoisan Imagery and South African National Identity. *Ethnos: Journal of Anthropology*, 69(1): 5-22.
- Barnard, Alan.** 2007. *Anthropology and the Bushman*. Oxford: Berg.
- Besten, Michael P.** 2011. Envisioning Ancestors: Staging of Khoe-San authenticity in South Africa. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 25(2): 175-191.
- Besten, Michael P.** 2013. 'We are the original inhabitants of this land': Khoe-San identity in post-apartheid South Africa. In: Adhikari, M. (red.). *Burdened by Race: Coloured identities in southern Africa*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Bleek, Dorothea F.** 1923. *The Mantis and his Friends: Bushman folklore*. Kaapstad: Maskew Miller.

- Bleek, Dorothea F.** 1956. *A Bushman Dictionary*. New Haven: American Oriental Society.
- Bleek, Edith en Bleek, Dorothea F.** 1909. Notes on the Bushmen. In: Tongue, M.H. (red.). *Bushman Paintings*. Londen: Clarendon Press.
- Bleek, Wilhelm H.I.** 1873. *Report of Dr Bleek concerning his researches into the Bushman language and customs. Presented to the Honourable the House of Assembly by command of His Excellency the Governor*. Kaapstad: Government Printer.
- Bleek, Wilhelm H.I. en Lloyd, Lucy C.** (reds). 1911. *Specimens of Bushman Folklore*. Londen: George Allen.
- Boezak, Willa.** 2016. Die Khoi-San as Afrikaanse Gemeenskap – Gister, Vandag en Môre. In: Carstens, W.A.M. en Le Cordeur, M. (reds.). *Ons kom van vêr: bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Naledi.
- Boezak, Willa.** 2018. ATKV-taalerfenissimposium: Willa Boezak oor die Khoisan se bydrae tot die Afrikaanse taalerfenis. LitNet. <https://www.litnet.co.za/atkv-taalerfenissimposium-willa-boezak-oor-die-khoisan-se-bydrae-tot-die-afrikaanse-taalerfenis/>. (Datum van gebruik: 14 April 2021).
- Bonthuys, Marni.** 2018. Riekert, Weideman en Myburgh: die representasie van die Noordwesterse ruimte in drie Afrikaanse digbundels. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 37-62.
- Bosman, Daniël B.** 1923. *Oor die ontstaan van Afrikaans*. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.
- Brits, Elsabé.** 2021. Dié kosbare versameling is gered. LitNet. <https://www.litnet.co.za/die-kosbare-versameling-is-gered/>. (Datum van gebruik: 21 April 2021).
- Brown, Justin en Deumert, Ana.** 2017. ‘My Tribe is the Hessequa. I’m Khoisan. I’m African’: Language, Desire and Performance among Cape Town’s Khoisan Language Activists. *Multilingua: Journal of Cross-Cultural and Interlanguage Communication*, 36(5): 571-594.
- Carstens, Wannie A.M.** 2013a. Die storie van Afrikaans: Perspektiewe op die verlede, hede en toekoms. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 20(1): 21-49.
- Carstens, Wannie A.M.** 2013b. Op pad van 'n verdeelde na 'n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: Die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 10(1): 513-550.
- Carstens, Wannie A.M. en Raidt, Edith H.** 2017. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal. Deel 1. Die Europese geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Protea.
- Carstens, Wannie A.M. en Raidt, Edith H.** 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal. Deel 2. Die Afrikageskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Protea.

- Chapman, Michael.** 1996. *Southern African literatures*. Londen: Heinemann.
- Chapman, Michael.** 2022. *On Literary Attachment in South Africa: Tough Love*. New York: Routledge.
- Cope, Jack en Krige, Uys.** 1968. *The Penguin Book of South African Verse*. Londen: Penguin.
- Deacon, Janette en Dowson, Thomas A.** (reds.). 1996. *Voices from the past: |Xam Bushmen and the Bleek and Lloyd collection*. Johannesburg: Wits University Press.
- Deacon, Janette en Skotnes, Pippa.** 2014a. Introduction. In: Deacon, J. en Skotnes, P. (reds). *The Courage of ||kabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of Specimens of Bushman Folklore*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Deacon, Janette en Skotnes, Pippa.** (reds.). 2014b. *The courage of ||kabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of Specimens of Bushman folklore*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Den Besten, Hans.** 2005. Neerlandismen, pidginismen en Afrikaans in brieven van twee Khoekhoe uit 1800. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 12(1): 25-42.
- Den Besten, Hans.** 2012a. From Khoekhoe foreigner talk via Hottentot Dutch to Afrikaans: the creation of a novel grammar. In: Van der Wouden, T. (red.). *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam: John Benjamins Publishing.
- Den Besten, Hans.** 2012b. Khoekhoe syntax and its implications for L2 acquisition of Dutch and Afrikaans. In: Van der Wouden, T. (red.). *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam: John Benjamins Publishing.
- De Vries, Anastasia.** 2018. Afrikaans se verborge Katolieke geskiedenis in die Noord-Kaap. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 28(1): 87-110.
- Dirix, Pieter en Augustinus, Liesbeth.** 2019. Gaan haal die sjampanje! 'n Korpusondersoek na skakelwerkwoordsamesmelting in Afrikaans. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 26(2): 4-19.
- Du Plessis, Hans.** 1987a. Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes. Ongepubliseerde RGN-verslag.
- Du Plessis, Hans.** 1987b. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva.
- Du Plessis, Hans.** 1990. Die skakelwerkwoorde kom en loop. *South African Journal of Linguistics / Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 8(2): 69-74.
- Du Plessis, Hans.** 2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Carstens, A. en Grebe, H. (reds.). *Taallandskap: huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik.
- Du Plessis, Hans.** 2015. Afrikaans, gekry of gemaak? *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 22(2): 71-89.
- Du Plessis, Hans en Grant, Julie.** 2019. Afrikaans on the Frontier: Two Early

- Afrikaans Dialects. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 20-32.
- Du Plessis, Menán.** 2008. A plea for the renewal of Khoesan linguistic studies at South African universities. Referaat gelewer by die Khoesan Convention, Bloemfontein, 11-13 April.
- Du Plessis, Menán.** 2014a. A century of the *Specimens of Bushman Folklore*: 100 years of linguistic neglect. In: Deacon, J. en Skotnes, P. (eds.). *The Courage of lkabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of Specimens of Bushman Folklore*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Du Plessis, Menán.** 2014b. The damaging effects of romantic mythopoeia on Khoesan linguistics. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 28(3): 569-592.
- Du Plessis, Menán.** 2018. *Kora: a lost Khoisan language of the early Cape and the Gariep*. Pretoria: UNISA Press.
- Du Plessis, Menán.** 2019. The Khoisan Languages of Southern Africa: Facts, Theories and Confusions. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 33-54.
- Eberhard, Etaine.** 1996. Wilhelm Bleek and the founding of Khoisan research. In: Deacon, J. en Dowson, T.A. (eds.). *Voices from the Past: /Xam Bushmen and the Bleek and Lloyd collection*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Ellis, William.** 2014. Simulacral, genealogical, auratic and representational failure: Bushman authenticity as methodological collapse. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 28(3): 493-520.
- Ellis, William.** 2015. *Ons is Boesmans*: commentary on the naming of Bushmen in the southern Kalahari. *Anthropology Southern Africa*, 38(1-2): 120-133.
- Galloway, Michelle.** 2020. Rediscovering a Khoisan language – Fellows' seminar by Menán Du Plessis. Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS). <https://stias.ac.za/2020/04/rediscovering-a-khoisan-language/>. (Datum van gebruik: 18 April 2021).
- Gordon, Robert. J. en Douglas, Stuart S.** 2000 (1992). *The Bushman Myth: the making of a Namibian underclass*. Boulder: Westview Press.
- Grant, Julie.** 2019. Language and Education: Photovoice Workshops and the !Xun and Khwe Bushmen. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies* 33(4-5): 157-173.
- Grant, Julie.** 2021. 'The Origins Centre: Enlivening the Bushmen'. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 21 July.
- Grebe, Heinrich P.** 2004. 'n Prys om te betaal? Die belang van historiese taalnavorsing in 'n etnies verdeelde samelewning. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 11(2).

- Grebe, Heinrich P.** 2012. *Op die keper beskou: oor die ontstaan van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Groenewald, Gerald.** 2019. Slaves, Khoikhoi and the Genesis of Afrikaans: the development of a historiography, ca. 1890s-1990s. *South African Journal of Cultural History / Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 33(2): 1-24.
- Hendricks, Frank.** 2014. Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 11(2): 715-748.
- Hendricks, Frank.** 2017. *Taalkundige Essays: 'n Gerf uit die vroegskemer*. Stellenbosch: SUN Press.
- Hendricks, Frank.** 2018. Oranjerivierafrikaans: van gemarginaliseerde en aanspraakmaker tot deelgenoot. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 3-36.
- Hendricks, Frank en Dyers, Charlyn** (reds.). 2016. *Kaaps in Fokus*. Stellenbosch: SUN Press.
- Hewitt, Roger L.** 2002. Eine ethnographische Skizze der /Xam | An Ethnographic Sketch of the /Xam. In: Szalay, M. (red.). *Der Mond als Schuh: Zeichnungen der San | The Moon as Shoe: drawings of the San*. Zurich: Scheidegger und Spiess.
- Hewitt, Roger L.** 2007. Reflections on Narrative. In: Skotnes, P. (red.). *Claim to the Country: The Archive of Wilhelm Bleek and Lucy Lloyd*. Johannesburg: Jacana | Athene: Ohio University Press.
- Hewitt, Roger L.** 2008 (1986). *Structure, Meaning and Ritual in the Narratives of the Southern San*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Heywood, Christopher.** 2004. *A History of South African Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hollmann, Jeremy C.** (red.). 2004. *Customs and Beliefs of the |Xam Bushmen*. Johannesburg: Wits University Press.
- James, Alan.** 2001. *The First Bushman's Path: stories, songs and testimonies of the /Xam of the northern Cape*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Jeursen, Belinda.** 1995. Rock art as a bridge between past and future: a common cultural heritage for the new South Africa? *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 9(2): 119-129.
- Jones, Kerry.** 2019. Contemporary KhoeSan Languages of South Africa. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 55-73.
- Kirsten, Johanita.** 2018. Afrikaans uit en van Europa: Deel een van die storie van Afrikaans. *Literator*, 39(1): a1524.
- Kotzé, Ernst.** 2019. *Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika, Deel 2* deur W.A.M. Carstens en E.H. Raidt. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4): 588-598.
- Kriel, Mariana.** 2015. Reviews – *Accented futures. Language activism and the ending of apartheid* By Carli Coetzee. *Acta Academica*, 47(2): 192-194.
- Kriel, Mariana.** 2018. Chronicle of a Creole: the ironic history of Afrikaans. In:

- Knörr, J. en Trajano Filho, W. (eds.). *Creolization and Pidginization in Contexts of Postcolonial Diversity: Language, Culture, Identity*. Leiden: Brill.
- Krog, Antjie.** 2004a. *Die sterre sê ‘tsau’: /Xam-gedigte van Diä!kwain, Kweiten-ta-//ken, /A!kúnta, /Han≠kass’o en //Kabbo gekies en versorg deur Antjie Krog*. Kaapstad: Kwela.
- Krog, Antjie.** 2004b. *The stars say ‘tsau’: /Xam poetry of Diä!kwain, Kweiten-ta-//ken, /A!kúnta, /Han≠kass’o and //Kabbo Selected and adapted by Antjie Krog*. Kaapstad: Kwela.
- Krog, Antjie.** 2006. Stephen Watson in the annals of Plagiarism. LitNet. https://www.oulitnet.co.za/seminarroom/krog_krog.asp. (Datum van gebruik: 28 April 2021).
- Kruiper, Belinda en Bregin, Elana.** 2020. *Kalahari-Waarheid* (vertaling N. Oets). Kaapstad: Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans.
- Lewis-Williams, J. David.** 1981. *Believing and Seeing: Symbolic Meanings in Southern San Rock Paintings*. Londen: Academic Press.
- Lewis-Williams, J. David** (red.). 2000. *Stories that Float from Afar: ancestral folklore of the San of southern Africa*. Kaapstad: David Philip.
- Links, Tony H.** 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg.
- Loughnane, Robyn, McGranaghan, Mark en Güldemann, Tom.** 2014. *Omnis traductor traditor: linguistic analyses of |Xam as interpretive tools*. In: Deacon, J. en Skotnes, P. (eds.). *The Courage of ||kabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of Specimens of Bushman Folklore*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Marais, Eugène N.** 1927. *Dwaalstories en ander vertellinge*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Markowitz, Arthur.** 1956. *With Uplifted Tongue: stories, myths and fables of the South African Bushmen told in their manner*. Kaapstad: Central News Agency.
- Markowitz, Arthur.** 1971. *The Rebirth of the Ostrich: and other stories of the Kalahari Bushmen told in their manner*. Gaborone: National Museum and Art Gallery.
- Martin, Julia.** 2007. Springbok, farmers, places and shards: Reading and writing the Bleek-Lloyd archive. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 19(1): 137-152.
- Nienaber, Gabriël S.** 1963. *Hottentots*. Pretoria: Van Schaik.
- Nienaber, Gabriël S.** 1994. Die ontstaan van Khoekhoe-Afrikaans. In: Olivier, G. en Coetzee, A. (eds.). *Nuwe Perspektiewe op die Geskiedenis van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Uitgewers.
- Odendaal, Bernard.** 2015. Omgangsvariëteite van Afrikaans in die digkuns sedert Sestig. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 27(2): 32-62.
- Penn, Nigel.** 2005. *The Forgotten Frontier: Colonist and Khoisan on the Cape’s Northern Frontier in the 18th Century*. Kaapstad: Double Storey | Athene: Ohio University Press.

- Ponelis, Fritz A.** 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (eds.). 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Raper, Peter E.** 2010. The ethnonyms ‘Bushman’ and ‘San’. *Acta Academica*, 42(1): 168–186.
- Raper, Peter E.** 2011. Another look at ‘Khoikhoi’ and related ethnonyms. *Acta Academica*, 43(1): 109–129.
- Rassool, Ciraj.** 2006. Beyond the Cult of ‘Salvation’ and ‘Remarkable Equality’: a new paradigm for the Bleek-Lloyd Collection. *Kronos: Southern African Histories*, 32: 244–251.
- Roux, Justus C.** 2019. Die storie van Afrikaans uit Europa en van Afrika: Deel 1. *Tydskrif vir Letterkunde*, 56(1): 164–168.
- Ruiters, Michele.** 2013. Collaboration, assimilation and contestation: emerging constructions of coloured identity in post-apartheid South Africa. In: Adhikari, M. (red.). *Burdened by Race: Coloured identities in southern Africa*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Rusch, Neil.** 2016. The root and tip of the ||kwanna: introducing chiasmus in |xam narratives. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 30(6): 877–897.
- Saal, Elvis.** 2019. ATR-komvandaan-seminaar 2019: Van “brokwa” tot “broodgoed” – op reis met Oranjerivieraafrikaans (Gariep-Afrikaans). LitNet. <https://www.litnet.co.za/atr-komvandaan-seminaar-2019-van-brokwa-tot-broodgoed-op-reis-met-oranjerivieraafrikaans-gariep-afrikaans/>. (Datum van gebruik: 12 April 2021).
- Saal, Elvis en Lawrence, Donovan.** 2019. “Ons skryf soos ons praat”: Informalisering van geskrewe Afrikaans onder Afrikaanse tieners. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 16(1): 19–63.
- Schultze-Jena, Leonhard.** 1928. *Zoologische und Anthropologische Ergebnisse einer Forschungsreise im Westlichen und Zentralen Südafrika, Ausgeführt in den Jahren 1903–1905*. Jena: G Fischer.
- Skotnes, Pippa** (red.). 2007. *Claim to the Country: the archive of Wilhelm Bleek and Lucy Lloyd*. Johannesburg; Jacana | Athene: Ohio University Press.
- Skotnes, Pippa.** 2021. Bleek and Lloyd saved! Centre for Curating the Archive. <http://www.cca.uct.ac.za/news/bleek-and-lloyd-saved>. (Datum van gebruik: 13 Julie 2021).
- Solomon, Anne.** 2014. ‘People who are Different’: alterity and the /Xam. In: Deacon, J. en Skotnes, P. (eds.). *The Courage of ||kabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of Specimens of Bushman Folklore*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Spoehr, Otto H.** 1965. *The Natal Diaries of W.H.I. Bleek, 1855–1856*. Kaapstad: Balkema.

- Staphorst, Luan.** 2017. Translation of San Orality into African Poetry. Referaat gelewer by die Pre-Colonial Catalytic Conference, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth, 15-17 Maart.
- Staphorst, Luan.** 2019. Owning the Body, Embodying the Owner: Complexity and Discourses of Rights, Citizenship and Heritage of Southern African Bushmen. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 104-121.
- Staphorst, Luan.** 2021a. |hu|huŋaj |ne e: #kakən au hi |enni |emm (Europeans are those who talk with the tip of their tongue): colonialesque knowledge, attuned thinking and the bloody body of scholarship known as Bushman studies. *Southern African Humanities*, 34: 59-82.
- Staphorst, Luan.** 2021b. Voorgevoelens, vertolkings en verklarings: resepsie van 'n 19de-eeuse |xam-kum. *Tydskrif vir Letterkunde*, 58(2): 103-117.
- Staphorst, Luan.** s.a. "van die oorspronklike lippe" [from the original lips]: linguistic archaeology, the 19th Century Cape Colony, and the historicity of Gideon von Wielligh's |xam collection. Voorgelê vir publikasie.
- Suzman, James.** 2019. *Affluence without Abundance: the disappearing world of the Bushmen*. New York: Bloomsbury.
- Taljard, Marlies.** 2018. Die storie van Afrikaans: Biografie van 'n taal (Deel 1). *Woord en Daad / Word and Action*, 57(433): 12.
- Theys, Hendrik.** 2021. Die kartering van Gariepafrikaans. Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument. <http://www.taalmuseum.co.za/wp-content/uploads/2021/03/Gariepafrikaans-2021.pdf>. (Datum van gebruik: 23 Julie 2021).
- Titus, Danny.** 2016. Afrikaanse boek van bruin kant – taal en identiteit op die Afrikaanse werf. In: Carstens, W.A.M. en Le Cordeur, M. (eds.). *Ons kom van vêr: bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Naledi.
- Tomaselli, Keyan G.** 1995. Introduction. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 9(2): i-xxi.
- Traill, Anthony.** 1996. !Khwa-ka Hhouiten Hhouiten: 'The Rush of the Storm': the linguistic death of |xam. In: Skotnes, P. (red.). *Miscast: negotiating the presence of the Bushmen*. Kaapstad: University of Cape Town Press.
- Traill, Anthony.** 2004. The Khoesan Languages. In: Mesthrie, R. (red.). *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Traill, Anthony.** 2007. !Khwa-ka Hhouiten Hhouiten: 'The Rush of the Storm': the linguistic death of |xam. In: Skotnes, P. (red.). *Claim to the Country: the archive of Wilhelm Bleek and Lucy Lloyd*. Johannesburg: Jacana | Athene: Ohio University Press.
- United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization (UNESCO).** 2012. *Memory of the World*. Glasgow: HarperCollins.

- Van Coller, Hennie P. en Odendaal, Bernard J.** 1999. George Weideman. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeschiedenis. Deel 2*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Heerden, Menán en Kulsen, Anzil.** 2017. Oranjerivieraafrikaans is nxa!: 'n onderhoud met Anzil Kulsen. LitNet. <https://www.litnet.co.za/oranjerivieraafrikaans-nxa-n-onderhoud-met-anzil-kulsen/>. (Datum van gebruik: 23 Julie 2021).
- Van Keymeulen, Jacques.** 2018. Het Vlaams en de variëteiten van het Afrikaans. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 63-75.
- Van Rensburg, Christo.** 1983. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. In: Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J. (eds.). *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.
- Van Rensburg, Christo** (red.). 1984. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. Ongepubliseerde verslag.
- Van Rensburg, Christo** (red.). 1987. Die Afrikaans van die Richtersveld. Ongepubliseerde RGN-verslag.
- Van Rensburg, Christo**. 1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (red.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Van Rensburg, Christo.** 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In: Webb, V.N. (red.). *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, Christo** (red.). 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, Christo.** 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: LAPA.
- Van Rensburg, Christo.** 2013. 'n Perspektief op 'n periode van kontak tussen Khoi en Afrikaans. *Literator*, 34(2).
- Van Rensburg, Christo.** 2015. Khoi en Oosgrensaafrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 47: 75-97.
- Van Rensburg, Christo.** 2016. Die vroegste Khoi-Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1-2): 454-476.
- Van Rensburg, Christo.** 2018a. Die Khoekhoegowab-tale en Afrikaans. LitNet. <https://www.litnet.co.za/die-khoekhoegowab-tale-en-afrikaans/>. (Datum van gebruik: 24 Julie 2021).
- Van Rensburg, Christo.** 2018b. *Van Afrikaans gepraat*. Pretoria: LAPA.
- Van Vuuren, Helize.** 1994. Forgotten Territory: the oral tradition of the /Xam. *Alternation*, 1(2): 57-70.
- Van Vuuren, Helize.** 1995. Die mondelinge tradisie van die /Xam en 'n herlees van Von Wielligh se *Boesman-Stories* (vier dele, 1919-1921). *Tydskrif vir Letterkunde*, 33(1): 25-35.
- Van Vuuren, Helize.** 2003. "Die Boesman in ons bewussyn": 'n bestekopname

- in die Afrikaanse poësie. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 15(1): 122-144.
- Van Vuuren, Helize.** 2008. Plagiaat? Appropriasie? Kulturele oorplanting? Huldigung? Brandende kwessies rondom mondelinge tradisies – Eugène Marais en die San opnuut bekyk. *Journal of Literary Studies / Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 24(4): 85-112.
- Van Vuuren, Helize.** 2010. Voorwoord. In: Von Wielligh, G.R. (red.). *Versamelde Boesmanstories 2*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Van Vuuren, Helize.** 2016. *A Necklace of Springbok Ears: /Xam orality and South African literature*. Stellenbosch: SUN Press.
- Van Wyk, Bertie.** 2016. Indigenous Rights, Indigenous Epistemologies, and Language: (Re)Construction of Modern Khoisan Identities. *Knowledge Cultures*, 4(4): 33-45.
- Van Wyk, Steward.** 2018. Spore in die sand, oftewel regionale literatuur en aktualiteit: 'n perspektief uit enkele Noord-Kaapse tekste. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 76-86.
- Van Wyk, Steward en Teise, Victor.** 2018. Voorwoord. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 25(1): 2.
- Veracini, Lorenzo en Verbuyst, Rafael.** 2020. South Africa's settler-colonial present: Khoisan revivalism and the question of indigeneity. *Social Dynamics: a journal of African studies*, 46(2): 259-276.
- Verbuyst, Rafael.** 2016. Claiming Cape Town: towards a symbolic interpretation of Khoisan activism and land claims. *Anthropology Southern Africa*, 39(2): 83-96.
- Verstraete, Claire.** 2006. Plagiarism: the cultural outbreak. Ongepubliseerde MA-tesis. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Vinnicombe, Patricia.** 1976. *People of the Eland: rock paintings of the Drakensberg Bushmen as a reflection of their life and thought*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Viviers, Marni.** 2008. Die voorstelling van die Noordweste as ruimte in George Weideman se digbundel 'n Staning onder sterre. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Von Wielligh, Gideon R.** 1925. *Ons Geselstaal: 'n oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word*. Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, Gideon R.** (red.). 2009. *Versamelde Boesmanstories 1*. Pretoria: Protea.
- Von Wielligh, Gideon R.** (red.). 2010. *Versamelde Boesmanstories 2*. Pretoria: Protea.
- Voss, Tony.** 1995. Re-recuperating the San. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 9(2): 147-153.
- Voss, Tony.** 2018. "Living in the Moment": The 'Bushman' Presence, Past and Future. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 30(1): 2-11.

- Watson, Stephen.** 1991. *Return of the Moon: versions from the /Xam*. Kaapstad: Carrefour.
- Watson, Stephen.** 2005. Annals of Plagiarism, or: Antjie Krog and the Bleek and Lloyd collection. *New Contrast*, 33(2): 48-61.
- Wessels, Michael A.** 2007. Antjie Krog, Stephen Watson and the metaphysics of presence. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 19(2): 24-48.
- Wessels, Michael A.** 2010. *Bushman Letters: interpreting |Xam narrative*. Johannesburg: Wits University Press.
- Wessels, Michael A.** 2014. San representation: an overview of a field. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 28(3): 465-471.
- Wessels, Michael A., Tomaselli, Keyan G. en Grant, Julie.** 2019. Reviewing the topic: literacy and language amongst the KhoeSan. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5): 1-9.
- Willemse, Hein.** 2008. Tokkelossie, “n Boesman, outa Hendrik”, en ontkennende close readings. *Literator*, 29(3): 57-73.
- Willemse, Hein.** 2009. G.R. von Wielligh se nalatenskap. *Literator*, 30(3): 193-194.
- Willemse, Hein.** 2015. The Hidden Histories of Afrikaans. https://www.up.ac.za/faculty-of-humanities/news/post_2235567-the-hidden-histories-of-afrikaans. (Datum van gebruik: 23 Julie 2021).
- Willemse, Hein.** 2017. Op die spoor van 'n inklusiewe Afrikaanse tradisie. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 24(1): 3-12.
- Willemse, Hein.** 2019a. DAK-konferensie: Oor “die taal wat miere daidelik is”. LitNet. <https://www.litnet.co.za/dak-konferensie-oor-die-taal-wat-miere-dайделик-is/> (Datum van gebruik: 11 Julie 2021).
- Willemse, Hein.** 2019b. Op weg na die volheid van die Afrikaanse taal. LitNet. <https://www.litnet.co.za/op-weg-na-die-volheid-van-die-afrikaanse-taal/> (Datum van gebruik: 11 Julie 2021).
- Wilmsen, Edwin.** 1989. *Land filled with Flies: a political economy of the Kalahari*. Chicago en Londen: University of Chicago Press.
- Wright, John.** 1996. Sonqua, Bosjesmans, Bushmen, abaThwa: comments and queries on pre-modern identifications. *South African Historical Journal*, 35(1): 16-29.

Note

1. Dele van dié artikel is vir die eerste maal as referaat in Augustus 2018 tydens die *Rethinking Khoe and San Indigeneity, Language and Culture in the Transformation of School and Tertiary Education in South Africa*-seminaar te Universiteit van Johannesburg voorgedra. Daar was die kommentaar,

asook die aansporing, vanveral professore Christo van Rensburg, Hans du Plessis, en Menán du Plessis besonders stimulerend. Prof. Van Rensburg se voorstel aan die einde van die seminaar dat ons saam navorsing oor die verbande tussen Khoe-Afrikaans, Oranjerivieraafrikaans en die |xam-taal moet aanpak is ongetwyfeld 'n hoogtepunt – nie net van die seminaar nie, maar van my akademiese loopbaan. Ongelukkig kon ons nooit dié navorsingsmoontlikheid verder ondersoek nie vanweë sy onverwagse afsterwe bloot enkele dae na afloop van die seminaar. Vandaar word dié artikel aan hom opgedra. Benewens die seminaar, is dele van die artikel verder tydens die *Language and the (De)Colonisation of the African Coast*-werkswinkel (Oktober 2018) te Nelson Mandela Universiteit en die aanlyn *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns Studentesimposium* (Oktober 2020) aangebied. Ek erken graag die kommentaar wat goedgunstig tydens hierdie byeenkomste, asook deur twee anonieme keurders, met my gedeel is.

2. Die artikel word opgedra aan Prof. Christo van Rensburg. Hy het die stene waarmee Afrikaans gebou is, al lankal raakgesien.

Die emigrasie van St. Helenas na die Kaapkolonie en Natal vanaf 1842 tot 1910

Johannes Stefanus Strauss

The emigration of St. Helenas to the Cape Colony and Natal from 1842 to 1910

St. Helena gained prominence when several exiles such as Napoleon Bonaparte were banished to the island in 1815, as well as the Zulu king, Dinuzulu kaCetswayo, and his group who arrived as prisoners on the island in 1890. About 6 000 Boer prisoners of war were also banished to the island between 1900 and 1902. However, St. Helena-immigration did not receive the same attention from South African historians as Dutch-, British-, French- and German-immigration. The focus of this article is primarily on the emigration of St. Helenas to the Cape Colony and Natal from 1842 until 1910. It deals with various sub-themes like the push and pull factors, the number of St. Helena-immigrants, the socio-economic influence of the St. Helenas on the Cape Colony and Natal, discrimination against the St. Helenas and the contribution of the Zulu- and Boer exiles to the emigration during the referred period.

1. Inleiding

In hierdie artikel val die klem op die emigrasie van St. Helenas vanaf die eiland na die Kaapkolonie en Natal vanaf 1842 tot 1910. Die artikel se aanknopingspunt is 1842 toe die emigrasie sy eerste piek bereik het en die afsluitingspunt is 1910 net voor die Kaapkolonie en Natal deel van die Unie van Suid-Afrika geword het.

Daar word gepoog om verskeie vrae oor bovermelde emigrasie te beantwoord, soos hoeveel St. Helenas gedurende die vermelde tydperk na die Kaapkolonie en Natal verhuis het en watter sosio-ekonomiese invloed hulle op hul nuwe tuistes gehad het. Ook word aangeleenthede soos hoe die St. Helenas hul werksbestemmings bereik het, diskriminasie wat hulle ervaar het en in watter mate St. Helena-bannelinge tot die emigrasie bygedra het, hanteer.

Smalberger (1969: 136) verwys in sy MA-tesis, wat oor kopermyne in Namakwaland handel, na die term "St. Helenas".¹ Erasmus (1994: 62) maak ook van dié term gebruik in 'n artikel wat hy oor St. Helena-immigrasie geskryf het. In hierdie artikel sal die term "St. Helenas" gebruik word om na die bewoners van St. Helena-eiland te verwys. In die bestaande literatuur is daar nie veel oor die St. Helena-immigrante, wat vanaf St. Helena-eiland na die Kaapkolonie en Natal geëmigreer het, te vind nie. Dit blyk duidelik dat daar tot dusver min

beduidende, omvattende akademiese studies van substansie oor die onderwerp gedoen is. Historici het die immigrasie van St. Helenas na Suid-Afrika afgeskeep of was nie bewus daarvan nie.

2. Die klein eiland word bekend

Die eiland, wat ongeveer 8 kilometers breed en 16 kilometers lank is, se eerste besoeker was Juan de Nova Castella wat op 21 Mei 1502 op die eiland afgekom het toe hy 'n Portugese retoervloot vanaf Indië na Portugal gelei het. Die eiland was in daardie stadium onbewoon. Melliss (1875: 1) laat hom soos volg daaroor uit: "He found there no aborigines, nor was any trace of man's work to be seen".² Ook Yon (2006: 6) beskryf St. Helena soos volg: "[T]here was no indigenous population to conquer or eliminate[.]". Die eiland is na Helena, die ma van Konstantyn die Grote, genoem omdat sy ook op 21 Mei gebore is.

Die Portugese het die eerste mens, Fernandez Lopez, in 1513 op die eiland agtergelaat en vier jaar later het 'n paar slawe by hom aangesluit. Volgens Melliss (1875: 406) het die Portugese St. Helena as 'n aandoenhawe gebruik en hulle het oor die bestaan van die eiland geswyg. Die Nederlanders en die Spanjaarde het mettertyd van die bestaan van die eiland uitgevind en daar is gereeld deur hierdie lande onder mekaar getwis oor wie die reg gehad het om die eiland as halfwegstasie te gebruik.

Die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) van Nederland het St. Helena aanvanklik as 'n buitepos gebruik waarvandaan Jan van Riebeeck onder andere 900 suurlemoen- en appelbome bekom het.³ Die Kaapkolonie het ook produkte soos wyn aan St. Helena verkoop. Hulle het egter die eiland nie as 'n bevredigende halfwegstasie na die Ooste beskou nie en gevolglik nie 'n permanente vesting daar tot stand gebring nie.

Láát in 1658 het die East India Company (EIC) van Brittanie die kans benut om besit van St. Helena te neem veral nadat die VOC die Kaap beset het en van toe af was St. Helena onder beheer van die EIC, volgens Pessina (2015: 282).⁴ In 1659 het die EIC 40 mans op die eiland gevestig om 'n nedersetting daar aan die gang te kry. Volgens Alexander (2011: 8) het die EIC tydens hul bewind die bevolking van St. Helena aangevul deur Britse setlaars en soldate op die eiland te vestig en al hoe meer slawe is veral vanaf die Ooste na die eiland geneem. Teen 1723 het St. Helena se bevolking uit 1 720 mense bestaan waarvan 610 slawe was, aldus Gittens (2018: 168). Volgens Pessina (2015: 79) is daar selfs 'n aantal Franse Hugenote, wie se leier Stephen Poirier was, na die eiland geneem om wingerd op die eiland te vestig. Poirier het later in 1697 goewerneur van die eiland geword.

Die St. Helenas was van diverse herkoms. Hul voorouers was Portugese,

Hollandse, Engelse, Skotse en Ierse matrose, Chinese arbeiders, Franse huiswerkers, Amerikaanse walvisjagters, slawe van Maleisië, Goa, Madagaskar, Indië, Indonesië, Sumatra en Afrika, asook Boere- en Zoeloebannelinge, aldus Parker (2012: 14). Op die eiland is hulle meer op grond van klas as ras behandel, maar in die Kaapkolonie en Natal is bruin- en wit St. Helenas onderskeidelik in die bruin- en wit gemeenskappe opgeneem.

3. Hoekom het St. Helenas na die Kaapkolonie en Natal geëmigreer?

St. Helenas het benewens St. Helena na verskeie ander bestemmings soos die Verenigde State van Amerika, Australië, Nieu-Seeland en Kanada geëmigreer en het ook na Afrika-lande soos Nigerië, Sierra Leone en Zimbabwe verhuis.⁵

Emigrasie vanaf die eiland is deur stoot- en trekfaktore veroorsaak. Stootfaktore was primêr ekonomies van aard. Die ekonomie van die eiland het om verskillende redes verswak wat tot werkloosheid in St. Helena bygedra het. Toe die EIC die eiland oorgeneem het, het hulle die landbougrond in St. Helena in 150 eenhede verdeel en van die setlaars het van hierdie eenhede ontvang. Teen 1663 was daar net 26 boere op die eiland en teen 1670 het die eiland se bevolking uit 66 mense bestaan, aldus Smallman (2003: 21). Hierdie setlaars het met beeste, skape, varke, pluimvee, groente en vrugte geboer. Hulle het gewasse soos lemoene, piesangs, koffie, koejawels, perskes, mango's, aartappels en rys verbou. Groente en vrugte is plaaslik en aan besoekende skepe verkoop. Daar was St. Helenas wat ook uit die visbedryf 'n lewe gemaak het en sommiges het op Amerikaanse walvisskepe gewerk. In 1875 is 'n veselmaatskappy op die eiland gevestig wat natuurlike vesel produseer het, maar ongelukkig het hoë vervoerkoste vanaf die landerye na die meule die maatskappy gesink, aldus Kitching (1947: 114).

Die bannelinge wat by St. Helena opgedaag het – soos Napoleon in 1815, en die Zoeloe-en Boerebannelinge – het tot die eiland se voorspoed bygedra. Volgens Erasmus (1994: 63) het die teenwoordigheid van Napoleon op die eiland veroorsaak dat die Britse oorlogskepe en 'n garnisoen na die eiland geneem het. Daardeur het 2 182 manskappe by die eiland opgedaag en hulle moes onder andere van akkommodasie en lewensmiddele voorsien word.

Daar was egter faktore wat tot ekonomiese agteruitgang op die eiland gelei het. In 1834 het die Britse regering die eiland by die EIC oorgeneem en die meerderheid van die EIC se amptenare het hul werk verloor en op klein lappies grond gaan boer, aldus Jackson (1903: 73). Diegene wat in die staatsdiens aangebly het se salarissose is met meer as 50% verminder, wat 'n negatiewe invloed op die plaaslike ekonomie gehad het. Volgens Jackson (1903: 260) het die hooggereghof

en die vise-admiraliteitshof, wat onderskeidelik in 1839 en 1840 in St. Helena gevestig is om oortreders van slawehandel te verhoor, St. Helena ekonomies bevoordeel, maar toe die slawehandel grotendeels uitgeroei is, is die vise-admiraliteitshof en die vloot-eskader van die eiland verwyder en skeepsbesoeke het dienooreenkomsdig verminder.⁶

Nog 'n bydraende faktor tot St. Helena se verswakkende ekonomie was die opening van die Suezkanaal in 1869 waardeur die aantal besoekende skepe wat vanaf Europa na bestemmings in die Ooste en Australasië gevaaar het, drasties verminder het. Volgens Alexander (2011: 8) het die gebruik van die Suezkanaal die eiland erg benadeel. Die inkomste wat St. Helenas verdien het deur handel met verbygaande skepe te dryf en deur vee en 'n indrukwekkende verskeidenheid gewasse aan die skepe te verkoop, het drasties verminder.⁷ Dit moet vermeld word dat die koms van stoomskepe en verkoelingsseriewe op skepe ook daartoe bygedra het dat skepe oor langer afstande kon vaar en nie meer nodig gehad het om by St. Helena vir lewensnoodsaaklike voorrade aan te doen nie.

In sy koloniale jaarverslag vir 1889 verwys die waarnemende goewerneur Antrobus (1889: 3) ook daarna:

The inhabitants used to find ample employment in supplying the requirements of the numerous ships which called here. But, when steamers began to be substituted for sailing vessels, and the Suez Canal was opened in 1869, fewer ships passed St. Helena; and of those which still pass the greater number are so well found that it is unnecessary for them to call.

Die eiland was hoofsaaklik van die koopkrag van duisende besoekende skepe afhanklik wat gedurende die seilskip-era jaarliks by die eiland aangedoen het. Gedurende die 1840's en 1850's het gemiddeld 30 skepe per week by die eiland opgedaan, aldus Ekoko (1983: 134). Die aantal besoeke het egter skerp gedaal. Volgens Trelawny (1845: 125) het 1 458 skepe St. Helena gedurende 1845 besoek. Daarna het die aantal besoeke tot 746 in 1869 verminder, aldus goewerneur Patey (1869: 29). Ná 1869 het dit al hoe minder geword en in 1910 het net 51 skepe by die eiland opgedaan, volgens goewerneur Gallwey (1910: 13).

Nog 'n faktor wat talle St. Helenas se inkomste ingeperk het, was die onttrekking van die garnisoen vanaf die eiland. In die Hansard vir die Britse Hoërhuis (1906: 1449) word daar weergegee dat Graaf Bathurst die onttrekking van die garnisoen as 'n groot slag vir die eiland beskou het. Die garnisoen is teen Oktober 1906 van die eiland onttrek omdat die Britse parlement van mening was dat dit 'n onnodige uitgawe vir Brittanje was. Ook Melliss (1909: 408) beskou hierdie gebeurtenis as 'n groot terugslag vir die eiland se ekonomie, omdat die gebeurtenis die eiland se markte vir beeste, pluimvee en ander produkte drasties ingekort het.⁸ Volgens die

Hansard van die Britse parlement (1907: 1475) het Winston Churchill soos volg op die ontrekking van die garnisoen gereageer:

The withdrawal of the garrison of 250 men or thereabouts from St. Helena had struck a heavy blow at the economic prosperity of the island. The island had already suffered by the diversion of ocean-borne traffic due to the opening of the Suez Canal, and it had been maintained at an artificial level of development owing to the custom afforded by the presence of the British garrison.

Daar was egter ook ander bydraende faktore tot St. Helena se verswakkende ekonomiese toestand soos die ongelyke geslagsverhouding op die eiland wat ook tot emigrasie bygedra het. Admiraal Field, 'n lid van die Britse parlement, het tydens 'n sitting van die House of Commons (1897: 1537) die parlement ingelig dat baie jong meisies van St. Helena na die Kaapkolonie wou emigreer weens die tekort aan jong mans op die eiland. Meer as 220 jong meisies van die eiland het byvoorbeeld in 1901 vanaf die eiland na die Kaapkolonie geëmigreer, aldus Bruce (1901: 1-2).

Volgens Gallwey (1907: 16) het dit al hoe slechter op die eiland gegaan en in 1906 het werkloosheid die hoogste syfer in 50 jaar bereik. Dit het só sleg gegaan dat werklose St. Helenas tydens 'n rotteplaag op die eiland betaal is om rotte dood te maak en dit het hulle in staat gestel om te oorleef, is in die *Cape Times* (1907: 7) berig.

Wat trekfaktore betref, het verskeie faktore, soos werkgeleenthede in die Kaapkolonie en Natal, 'n bydrae tot St. Helena-emigrasie gelewer. In 'n berig in *The Port Elizabeth Telegraph* (1881: 7) is vermeld dat honderde jong meisies van St. Helena begerig was om as huiswerskers in die Kaapkolonie en Natal te werk. In Februarie 1882 het daar inderdaad van hierdie jong meisies na die Kaapkolonie geëmigreer, volgens *The Port Elizabeth Telegraph* (1882: 4).

Jackson (1903: 88-89) is van mening dat St. Helenas ook na die Kaapkolonie gelok is weens die drastiese afname in handel op die eiland. In 1893 het ongeveer 300 emigrante vanaf St. Helena na die Kaapkolonie vertrek om vakatures daar te vul.⁹ Die suikerplase van Natal het ook 'n bestemming vir St. Helenas geword, veral toe St. Helena-arbeid meer gewild as Zooloe- en Indiër-arbeid geword het. Die St. Helenas is minder as die ander twee groepe betaal en hulle het ook beter arbeid verskaf, aldus *The Natal Witness* (1873: 3).

St. Helena se ekonomiese agteruitgang is nie gelate deur die Britte aanvaar nie. Daar is soms voorstelle gemaak en pogings aangewend om die ekonomie van St. Helena te verbeter. Sterndale (1897: 6), die goewerneur van St. Helena (1897 tot 1901), het in die koloniale jaarverslag verklaar dat hy graag die visbedryf op die eiland sou ontwikkel, maar die gebrek aan 'n gesikte boot het sy plan gekortwiek.

Projekte in borduurwerk, die ontginning van fosfaat en mangaan, en die produksie van vlas het ook nie die mas opgekom nie, aldus Erasmus (1994: 64).¹⁰


Emigrasie het geblyk die beste oplossing te wees en dit is ook aangehelp deur die feit dat die St. Helenas gewoond was aan migrasie. Die besoeke van baie skepe aan die eiland het ook vervoer verskaf waarmee St. Helenas die eiland kon verlaat. Die emigrasie van St. Helenas het positiewe- en negatiewe gevolge vir die eiland gehad. Daaroor skryf Antrobus (1889: 13) soos volg: “[M]any of the emigrants remit money to their relatives in St. Helena”. Die donkerwolk het dus 'n silwerrandjie gehad, want die St. Helenas wat in die Kaapkolonie en Natal gewerk het, kon vir hul afhanklikes op die eiland sorg. In dieselfde verslag verwys Antrobus (1889: 13) ook na die negatiewe uitwerkings op die eiland:

The worst of the emigration is that, as the adult and able-bodied go away, the proportion of children and of the aged and infirm increases among those who remain, and higher rates have to be levied upon an impoverished and diminishing body of ratepayers.

4. St. Helena-emigrasie na die Kaapkolonie en Natal tussen 1842 en 1910

Vanaf 1806 het enkele individue die eiland verlaat, maar vanaf 1838 het die getalle toegeneem en in 1842 is die eerste emigrasiepiek bereik. Daarna is verskeie pieke bereik, waarop later in die teks gefokus word.

St. Helena se bevolking het teen 1817 uit 821 wit inwoners, 'n garnisoen van 820 manskappe, 618 Chinese ingeboekte arbeiders, 500 bevryde slawe en 1 540 slawe bestaan. Die totale bevolking op die eiland was toe 4 299 volgens Schulenburg (1998). In Figuur 1 hieronder word bevolkingsgetalle voorsien.



Figuur 1: Getalle vir die St. Helena-bevolking gedurende die studietylperk.

Uit die tabel kan afgelei word dat die totale bevolking van St. Helena voor 1901 tussen 3 890 en 5 838 gewissel het. In 1901 het die eiland se bevolking tot byna 8 000 gestyg as gevolg van 4 665 Boerebannelinge wat na die eiland gestuur is. Daarna het die bevolking nie 3 553 oorskry nie.

4.1 St. Helena-emigrasie na die Kaapkolonie

Daar het 391 St. Helenas voor 1842 na die Kaapkolonie geëmigreer (Strauss, 2020: 112). Nadat die eiland egter in 1834 'n Britse kroonkolonie geword het, het emigrasie vanaf St. Helena na die Kaapkolonie skerp toegeneem, aldus Erasmus (1994: 64). Volgens Saunders (1984: 39-40) is 1 360 "prys-Negers" tussen Maart en Junie 1842 vanaf St. Helena na die Kaap verskeep. Saunders (1984: 36) definieer "prys-Negers" soos volg:

Just as a ship seized in time of war and kept by the captor was called a 'prize', Africans captured at sea after the abolition of the British slave trade in 1807 and in British colonies were known as 'Prize Negroes'.

In 1846 het 'n verdere groep van 137 "prys-Negers" vanaf St. Helena na die Kaapkolonie gekom om aan die Oorlog van die Byl deel te neem en na die oorlog het hulle in die Kaapkolonie gevvestig, aldus Saunders (1984: 41). Daardeur het hulle St. Helena-immigrante geword. Teen 1846 is baie van die "prys-Negers" vanaf die eiland na bestemmings soos die Wes-Indiese Eilande verskeep.

Daar het dus nie meer veel arbeiders vir die Kaapkolonie oorgebly nie. Die 1861-sensus vir St. Helena verwys ook na 'n poging van sakelui van die Kaapkolonie wat in 1845 'n groep van 75 St. Helenas na die Kaapkolonie gelok het. Hierdie groep wou na Nieu-Seeland emigreer, maar hul plan is klaarblyklik deur gebrek aan voldoende fondse in die wiele gery. Die gebrek aan fondse het daar toe gelei dat die St. Helena Mutual Emigration Society later in 1872 op die eiland gestig is om St. Helenas met emigrasie van hulp te wees volgens die webtuiste St. Helena Island Info.

Samuels (2018: 184) verskaf getalle vir St. Helena-immigrante wat vanaf 1872 tot 1879 na die Kaapkolonie verhuis het en hy verwys onder andere na 53 St. Helenas wat in Februarie 1879 na Port Nolloth geëmigreer het om in die kopermyne te gaan werk.¹¹ In die St. Helena-sensus vir 1881 word aangetoon dat 638 emigrante tussen 1871 en 1873 vanaf die eiland na die Kaapkolonie geëmigreer het. Goewerneur Patey (1872: 148) het in sy koloniale jaarverslag vir 1872 aangedui dat 280 St. Helena-emigrante gedurende 1872 die eiland verlaat en na die Kaapkolonie geëmigreer het. As 280 immigrante gedurende 1872 opgedaag

het, dan het die res van die 638 waarna hierbo verwys word gedurende 1871 en 1873 opgedaan. Hierdie getal is gelykop tussen die twee jare verdeel wat beteken dat 179 respektiewelik in 1871 en 1873 in die Kaapkolonie aangekom het.

Daar is egter 'n verdere 25 St. Helena-immigrante op 'n proefbasis in Mei 1873 na die Kaapkolonie ingevoer volgens *The Eastern Province Herald* (1873: 7). In dieselfde jaar het nog 253 St. Helens met die *Lord of the Isles* na die Kaap geëmigreer, aldus die webtuiste St. Helena Island Info. Op 9 Augustus 1881 het sewe mans, wat vir die Cape Copper Mining Company sou gaan werk, met die *Cathy Marie* opgedaan en op 28 Februarie 1882 het die *Grantully Castle* met 40 St. Helens by Kaapstad aangekom. Ongeveer 'n maand later het die *Arab* 'n verdere 40 passasiers vanaf Plymouth en St. Helena by Kaapstad afgelaai, aldus 'n argivale bron, WKARD, CC 3/8/2. In sy jaarverslag vir 1891 het Wilson (1891: 5) melding gemaak van 634 St. Helens wat klaarblyklik na die Kaapkolonie geëmigreer het.

Volgens St. Helena Island Info het 50 eilandbewoners op 13 April 1893 na die kopermyne van Namakwaland geëmigreer. Ongeveer drie maande later het 'n verdere 22 opgedaan en op 4 September nog 106. Gallwey (1903, 1906, 1907, 1910) het in verskeie jaarverslae St. Helena-emigrasiegetalle verskaf. In 1903 en 1905 het onderskeidelik 129 en 85 St. Helens na die Kaapkolonie geëmigreer. Gedurende 1907 het 168 St. Helens na die Kaapkolonie en Natal geëmigreer en in 1908 het 'n verdere 72 emigrante vanaf die eiland na die Kaapkolonie en Natal verhuis. 'n Jaar later het 79 emigrante vanaf die eiland geëmigreer. Alhoewel die goewerneur nie in die koloniale jaarverslag aandui waarheen hierdie emigrante geëmigreer het nie, kan met redelike sekerheid aanvaar word dat hulle na die Kaapkolonie en Natal geëmigreer het, want die meerderheid voornemende St. Helena-immigrante kon nie die uitgawes vir emigrasie na Australasië en ander verafgeleë potensiële bestemmings bekostig nie.

In 1910 het 203 St. Helens geëmigreer, waarvan 66 huiswerkers na Ascension en Suid-Afrika op pad was. Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die klein bevolking van Ascension nie meer as die helfte van hierdie huiswerkers kon akkommodeer nie en die aantal emigrante vir die Unie van Suid-Afrika uit hierdie groep van 203 kan as 170 bereken word.

4.2 St. Helena-immigrante verkies Natal

Emigrasie vanaf die eiland na Natal het eers gedurende die 1870's plaasgevind. *The Natal Witness* het gedurende 1873 en 1874 gereeld oor St. Helena-immigrante verslag gedoen en in die volgende paragrawe word sodanige inligting verskaf. Op 5 September 1873 het St. Helens die eiland verlaat en hulle was op pad na Natal. Ongelukkig word nie aangetoon hoeveel emigrante die eiland verlaat het nie.

Ongeveer drie weke later het die *Actaea* met nog 221 emigrante vanaf St. Helena in Natal aangekom, volgens *The Natal Witness* (1873: 3). Die koerant het ook berig dat daar groot belangstelling in Natal in hierdie immigrante was en plaaslike oujongkêrels is aangemoedig om hulle gereed te kry vir die groot aantal dames wat vanaf die eiland op pad was, al was hulle “a little off coloured”.

Die emigrantestroom het sterk gevloei, want op 10 Oktober 1873 het die *Actaea* met ongeveer 250 St. Helenas by Durban opgedaag, aldus *The Natal Witness* (1873: 3). Op die eiland was daar nog 270 eilandbewoners wat aansoek gedoen het om na Natal te emigreer en die *Actaea* het na St. Helena teruggekeer om nog immigrante op te laai. Ongelukkig kon daar nie getalle vir hierdie immigrante gevind word nie. *The Natal Witness* (1874: 3) berig vroeg in 1874 dat ‘n besending van 180 St. Helena-immigrante ook met die *Actaea* in Durban aan wal gegaan het.


The Natal Witness (1874: 3) berig dat nog 150 St. Helenas belanggestel het om na Natal te emigreer. Hierdie keer was daar in Natal veral ‘n behoefte aan kinderoppassers. Volgens ‘n passasierslys (Anoniem, 2018) wat aanlyn bekom is onder “Passengers to Natal per Ocean Ranger 1874” het 87 St. Helena-immigrante in Mei 1874 in Durban met die *Ocean Ranger* aangekom. Daarna, volgens *The Natal Witness* (1874: 3), het die *Ocean Ranger* en die *Actaea* gesamentlik met ongeveer 250 St. Helena-immigrante by Durban aangekom. Teen die middel van Mei 1874 het die *Actaea* met nog twee vaarte ‘n verdere 600 St. Helena-immigrante by Durban afgelaai, aldus *The Natal Witness* (1874: 3) en meer as 90 St. Helena-immigrante is by die sogenaamde “Coolie barracks” in Durban gehuisves. Hierdie immigrante was oorwegend plaasarbeiders en kinderoppassers.¹²

4.3 Hoeveel St. Helenas het na die Kaapkolonie en Natal geëmigreer?

In Figuur 2 hieronder word die beskikbare immigrante-getalle vir die periode 1842 tot 1910 verskaf. Die totaal is ‘n benaderde totaal aangesien daar soms in koerantberigte en in ander bronne soos koloniale jaarverslae na St. Helena-emigrasie na die Kaapkolonie en Natal verwys is sonder dat getalle verskaf is. Die benaderde totaal vir St. Helena-immigrante is 7 847 soos in die onderstaande grafiek aangedui word. Van hierdie immigrante het 1 588 na Natal en 6 259 na die Kaapkolonie verhuis.

Die grafiek duif ook aan dat die eerste pieke in die migrasiestroom vanaf St. Helena na die Kaapkolonie en Natal in 1842 en toe weer in 1844 bereik is. Hierdie pieke kan veral aan die aankoms van “prys-Negers” in die Kaapkolonie toegeskryf word, wat deur die finale vrystelling van slawe in Desember 1838 veroorsaak is. Die vrystelling van die slawe in die Kaapkolonie het groot tekorte aan arbeid op Bolandse plase veroorsaak en die “prys-Negers” is ingevoer om die slawe se leë plekke te vul. Derhalwe het die kurwe sy eerste piek in 1842 bereik.

In 1873, 1874 en 1891 het die migrasie weer pieke bereik. Hierdie pieke is hoofsaaklik deur stooffaktore, soos die verswakkende ekonomiese situasie van St. Helena en trekfaktore soos arbeidsbehoeftes in die Kaapkolonie en Natal veroorsaak. So byvoorbeeld het arbeidstekorte in die kopermyne van Namakwaland ontstaan weens die ontdekking van nuwe ertsliggame en verhoogde produksie om in die groter aanvraag na koper te voorsien. Die pieke van 1873 en 1874 is veral aangevuur deur die toenemende emigrasie van St. Helenas na Natal veral weens verhoogde aanvraag na arbeid op plase. Die lae golwe in 1845, 1849, 1871, 1879, 1881, 1905, 1908 en 1909 verwys hoofsaaklik na periodes van laer aanvraag na arbeid.



Figuur 2: Grafiek van benaderde berekende getalle vir St. Helena-immigrante wat tussen 1842-1910 vanaf die eiland na die Kaapkolonie en Natal geëmigreer het.

5. Hoe het die St. Helenas werk bekom en hul bestemmings bereik?

Die St. Helena-immigrante het op verskeie maniere werk in die Kaapkolonie en Natal bekom. Partykeer het voornemende werkgewers advertensies in koerante geplaas om arbeid te bekom soos berig in *The Natal Witness* (1876: 5).¹³

Soms het St. Helenas self advertensies in plaaslike koerante geplaas waarin hulle aangedui het dat hulle na vakatures op soek was volgens die *Cape Times* (1908: 2).¹⁴ Plaaslike koerante het ook gereeld inligting oor beskikbare St. Helena-arbeid gepubliseer en voornemende werkgewers kon dan aansoek doen vir hierdie arbeid.¹⁵ Daar is ook agente deur die regering aangestel om St. Helena-immigrante in te voer en voornemende werkgewers kon by die agente vir St. Helena-arbeiders aansoek doen, aldus *The Natal Witness* (1873: 3).¹⁶ Hulle moes op voorgeskrewe vorms (sien Figuur 3 hieronder) aansoek doen.

Cr. Ids. 12. 3

Form of Application for Immigrants under Government Notice No. 155 of 1881.

Waterloo and Sons Limited, London.

APPLICANTS.		PRISONS APPLIED FOR.					Arrangements for reception at Port of Landing, and Transport inland. Name of Agent at Port.	Amount Deposited.
Name in full.	Address.	Name in full.	Address.	Age (Approximate).	Intended Occupation.			
<i>Daniel J. Hodges</i>	<i>Surgeon West. Hendrikberg</i>	<i>One has to be Selected by Immigration Agents</i>	<i>St. Helena</i>	<i>16 years</i>	<i>for Servant</i>	<i>H. K. Ferguson Cape Town Orange St.</i>	<i>4 0 0</i>	

Give underneath the name of a Person who could guarantee the Applicant's credibility and good faith. State the conditions of Agreement which it is proposed to enter into with the Person applied for, including Terms of Service and Rate of Remuneration.

NAME OF REFEREE.	TERMS AND CONDITIONS OF CONTRACT.
<i>Wm. H. J. K. Ferguson Cape Town.</i>	<i>The Contract to be for three years. Besides house, laundry & washing, wages to be paid at the rate of one pound six shillings per month for the first year, and one pound twenty shillings per month for the two remaining years. Five shillings per month being deducted from the wages until the passage money to the amount of your pounds six shillings shall have been repaid.</i>

I, the above Applicant, do hereby acknowledge the particulars herein contained to be correct. *John D. J. Hendrikberg*

Figuur 3: Aansoekvorm vir Immigrante onder Regeringskennisgewing No. 155 van 1881.

(WKARD. PWD 2/404. Applications: Government Aided Immigration.)

Wat vervoeropsies betref verwys McNish (1970: 111) na vier opsies vanaf Suid-Afrikaanse hawens na die binneland waarvan St. Helena-immigrante gebruik kon maak. Eerstens was daar die opsie van 'n wa wat deur perde of muile getrek is. Dit was die vinnigste maar ook die duurste opsie. Hierdie opsie was veral ideaal vir 'n individu of 'n paar passasiers wat die reisgeld kon bekostig. Tweedens kon die St. Helenas van 'n koets, wat deur muile of perde in aflosspanne getrek is, gebruik maak. In die derde plek kon passasiers van die ossewa-opsie gebruik maak wat goedkoper maar veel stadiger as die eerste twee opsies was. Laastens kon die afstand te voet afgelê word. Die kom van treine het 'n vyfde opsie gebring en dit het vinnig in gewildheid toegeneem.¹⁷ St. Helena kon vanaf die hawens Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Port Nolloth na binnelandse bestemmings vervoer word.

Volgens Morton (1877: 68-69) is die Kaapkolonie se eerste spoorlyn vanaf Kaapstad na Wellington gebou waar 'n groot aantal Maleiers met hulle waens, byekorfhoede en lang swepe gewag het om die passasiers daarvandaan na die Diamantveld en die Witwatersrandse goudmyne te vervoer. In 1885 is die spoorlyn tot by Kimberley verleng en teen 1889 het die spoorlyn vanaf Port Elizabeth ook Kimberley bereik. Vervolgens kon meer goedere en passasiers op hierdie roetes vervoer word en St. Helena-immigrante kon ook hierdie twee roetes gebruik om na die Diamantveld te reis (Munro, 2019).

In Namakwaland het die Cape Copper Company (CCC) passasiers vanaf Port Nolloth na die kopermyne vervoer. Aanvanklik is die multirein gebruik waar waens deur muile in pare van drie of vier per wa in geldig getrek is. Later is die muile met stoomlokomotiewe vervang en kon St. Helena-immigrante ook hierdie diens benut om vanaf Port Nolloth na Okiel te reis. Daar was egter ook St. Helenas wat na Port Nolloth op pad was waar hulle hoofsaaklik by die CCC werk bekom het soos in die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens (WKARD) rekord CCP/9/21 (1906: 250-255) vermeld word.

6. Die St. Helenas se sosio-ekonomiese invloed op hul nuwe woonplekke

Nes enige ander immigrantergroep, het die St. Helenas positiewe en negatiewe sosio-ekonomiese invloede op die Kaapkolonie en Natal uitgeoefen. Die positiewe invloede wissel van bydraes ten opsigte van godsdienst, opvoedkunde, politiek en sport (Strauss, 2020: 190).¹⁸

6.1 Wat was hulle positiewe invloede?

Die St. Helenas het na die Kaapkolonie en Natal verhuis om arbeid te verskaf en hulle het as algemene werkers, bootsmanne, koetsiers, klerke, kondukteurs, messelaars, meulenaars, muildrywers, myners, sekuriteitswagte, skoenmakers, skrynwerkers, smelters, spoorlêers, stalknegte, stoormanne, tuiniere, veeherders, verwers, vissers en ystersmede hier kom werk.

Volgens Strauss (2020: 130-137) is die St. Helenas se positiewe invloed veral in die landbou, mynwese, vis- en boubedryf gevoel waar die St. Helenas arbeid verskaf het. Op die eiland het die St. Helenas ervaring in snaarorkestes opgedoen en daardie ervaring het hulle by hul nuwe gemeentes ingeploeg deur by verskeie verenigings soos die “Church Lads Brigade” en die “Church Girls Brigade” betrokke te raak. Hulle het ook by “Benefit Societies” betrokke geraak en verskeie kerke en skole se bestaande getalle verhoog.¹⁹

Die St. Helena-immigrante het nie net gewone lidmate van kerke in Suid-Afrika geword nie, maar ook in ander hoedanighede betrokke geraak. So byvoorbeeld het 'n St. Helena-immigrant, Coldstream Ernest Sampson, aan Normaal Kollege in Kaapstad en daarna verder aan St. Paulus se katedraal in Londen studeer waarna hy na die Kaap teruggekeer het en uiteindelik die rektor van St. John-kerk in Wynberg en kapelaan van Christ Church in Kenilworth geword het (Strauss, 2020: 130-131).²⁰

Die St. Helenas het hoofsaaklik by Anglikaanse kerke aangesluit en die

kerkrekords van hierdie kerke verskaf onder andere waardevolle inligting oor St. Helenas se name en vanne, huweliksmaats, dopelinge en ook oor familie en vriende. So byvoorbeeld bevat die Doopregister van Okiel Anglikaanse-kerk (1907-1922: 1-41) die name van St. Helena-afstammelinge wat daar gedoop is. Dieselfde geld vir kerke op ander plekke in die Kaapkolonie en Natal.

In die Doopregister van die Anglikaanse-kerk in Okiel (1907-1922: 1-41) kom die vanne van St. Helena-immigrante voor soos Bennet, Smith, Phillips, Fowler, Thomas, Yon, Loynes, Richards en Chippendale. Ander vanne soos Young, Henry, Newman, Benjamin, Stevens, Williams en Bennet word ook in die kerkregisters van ander kerke in die Kaapkolonie en Natal aangetref. Morgenrood (1992: 13) het oor die Sampsons, Knipes en Bagleys geskryf wat hoofsaaklik in die Kaapkolonie gevestig het.

Baie St. Helenas het ook in hul nuwe omgewings in die huwelik getree en soms was dit 'n spoggeleentheid soos berig is in *The Natal Witness* (1876: 3). In die berig word 'n huwelikseremonie tussen twee St. Helenas, Annie Hillman en Richard Knipe, as 'n modieuze troue met pragtige blomme beskryf. Die kleredrag van die egpaar en gaste was van uitstaande gehalte en hooggeplaaste St. Helenas is ook na 'n spesiale swierge funksie genooi wat soos volg beskryf is: "The ball dresses on this occasion surpassed in magnificence and variety anything of the kind ever held".²¹

Een van die bekendste St. Helenas wat teen 1831 na die Kaapkolonie geëmigreer het en bekendheid in die sakewêreld en in die Kaapkolonie se politiek verwerf het, was Saul Solomon. Mendelssohn (1911: 192) beskryf Solomon as 'n voorstaander vir die regte van inheemse mense. Solomon se politieke status wat hy oor tyd verwerf het, het daartoe geleid dat die Solomon-woning in Seepunt deur verskeie hooggeplaastes soos die Zoeloe-koning, Cetswayo, en die Britse prinse, Edward en George, besoek is. Hy was ook betrokke by die stigting van die *Cape Argus* en Ou Mutual, wat vandag nog bestaan, aldus Bain (2014: 11). Volgens Drus (1939: 4-5) was Saul Solomon 'n rapsie langer as een meter en het hy vervolgens vir ongeveer 28 jaar lank in 'n spesiaal ontwerpstoel in die Kaapse parlement gesit.²²

'n St. Helena-afstammeling, William Henry Krom Hendricks, het gedurende die 1890's bekendheid as linkshandige snelbouler van die Bo-Kaap, verwerf. Hy het vrees by plaaslike kolwers ingeboesem en in 1892 het hy die geleentheid gekry om vir die Maleier-span teen 'n Engelse toerspan op Nuweland te speel, volgens Winch en Parry (2020: 1).²³ Terwyl Hendricks veral in die Kaap kolwers gekasty het, het Charles Bennett "Buck" Llewellyn, wat ook 'n St. Helena-afstammeling was, as kolwer sy debuut vir Natal en die Suid-Afrikaanse span in 1895 gemaak, aldus (Allen, 1976).²⁴

St. Helenas het ook by hul werksbestemmings aan plaaslike gemeenskappe se sosiale aktiwiteitie deelgeneem soos in plaaslike koerante berig is. In een van die berigte in *The Natal Witness* (1879: 3) word 'n toneel beskryf waartydens St. Helenas in die strate van Pietermaritzburg op tromme en fluite tydens die Kersvieringe gespeel het.

6.2 Wat was hul negatiewe invloede?

Wat negatiewe invloede betref, het die St. Helenas hulself aan sekere oortredinge skuldig gemaak. In *The Natal Witness* (1873-1883) is gereeld berigte onder die opskrif "From our correspondent" gepubliseer waarin oor die oortredinge van St. Helena-immigrante verslag gedoen is. Uit hierdie koerantberigte kan afgelei word dat die meerderheid St. Helenas nie by ernstige misdadige bedrywighede betrokke was nie en dat diegene wat wel by sodanige aktiwiteitie betrokke geraak het, skuldig bevind is aan oortredinge soos rusverstoring, onwelvoeglike taalgebruik, diensverlating, versuum om die aandklokreël na te kom, afwesigheid van hul werk sonder verlof, kontrakbreuk, onwettige drankverkope, drankmisbruik, kinderverwaarloosing, diefstal en aanranding.²⁵

In die WKARD SBK/1/1/2 word verskeie voorvalle van St. Helenas aangetref wat by misdaad betrokke was. Daar word na die skuldigbevinding aan diefstal van 'n St. Helena, ene Henry Yon van Okiep in Namakwaland, verwys wat die stewels van die priester van St. Augustine kerk in Okiep gesteel het. In *The Natal Witness* (1876: 3) het 'n berig verskyn van 'n St. Helena, ene John McLean, wat skuldig bevind is aan diefstal van kontant by die slaghuis van ene McFie.²⁶

Daar was ook ander oortredinge. So byvoorbeeld is Joe Thompson in Springbok in 1896 aan die gebruik van onwelvoeglike taal teenoor Lena Vries skuldig gevind. In 1894 is Robert Henry ook vir aanranding van sy vrou aangekla. In die klagstaat is daar na die beskuldigde as 'n St. Helena-arbeider verwys en hy het na bewering sy vrou verskeie kere met die vuis in die gesig geslaan. Op 12 Februarie 1894 is hy deur die landdros in Springbok skuldig gevind en met 'n boete en tot veertien dae gevangenisstraf gevonnis.²⁷

In *The Natal Witness* (1877: 2) is berig dat St. Helena mynwerkers betrokke was by 'n voorval op Okiep waartydens 'n konstabel ernstig aangerand en eiendom beskadig is. Weens die onwettige verkoop van alkoholiese drank moes 'n konstabel dagvaardings aan nege eilandimmigrante uitrek. Toe hy die dagvaardings wou aflewer is hy egter deur 'n groep van 300 St. Helenas, Engelse en swart mynwerkers aangerand. Dit was slegs die ingryping van die superintendent van Okiep-myn wat die konstabel se lewe gered het.²⁸

Drankverwante oortredinge het gereeld voorgekom, soos byvoorbeeld die

geval van Sarah Bennet wat in Mei 1874 aangekla is omdat sy na bewering weens dronkenskap nie kon loop nie en op straat gelê het volgens *The Natal Witness* (1874: 3).²⁹ Oor ander oortredinge is ook berig. Op 8 Februarie 1876 is twee St. Helenas, John Benjamin en Walter Connally, skuldig bevind aan onwelvoeglike taal teenoor hul werkgewer. Die twee St. Helena-mans is onderskeidelik tot ses en twaalf houe met 'n rottang gevonnis, volgens *The Natal Witness* (1876: 2).³⁰

6.3 Diskriminasie teen die St. Helenas

Die krieketspeler Krom Hendricks se uitstekende vertoning teen die Engelse in 1892 het veroorsaak dat hy aanvanklik in die Suid-Afrikaanse span ingesluit is, maar later weggelaat is nadat Cecil John Rhodes, wat premier van die Kaapkolonie was, J.H. Hofmeyr, leier van die Afrikanerbond, en William Milton, leier van die Westelike Provinsie Krieketraad, saamgespan het om seker te maak dat Hendricks die trekpas sou kry. Alhoewel Hendricks as Suid-Afrika se topbouler en in daardie stadium een van die wêreld se beste boulers beskou is, is hy weens sy velkleur uit die nasionale span weggelaat, volgens Moonda (2020).³¹

The Port Elizabeth Telegraph and Eastern Province Standard (1894: 8) het berig dat die krieketunie in die Kaap besluit het om 'n trofee vir uitstaande boulwerk aan George Glover toe te ken terwyl algemeen aanvaar is dat Krom Hendricks eerder die toekenning moes ontvang het. 'n Paar jaar later het *The Port Elizabeth Telegraph and Eastern Province Herald* (1898: 4) weer berig dat Krom Hendricks nie toegelaat is om in kampioenwedstryde te speel nie, maar in 1898 is hy wel vir Woodstock gekies om teen Kaapstad te speel. Dit was eintlik meer 'n poging om toeskouers te lok, aldus die koerant.

In die koloniale jaarverslag vir 1906 haal Gallwey (1906: 26) die kwessie van diskriminasie teen 200 St. Helenas, wat in die goudmyne wou gaan werk het, op. Die Transvaalse wetgewing het veroorsaak dat die St. Helenas weens hul velkleur nie werk by die goudmyne kon bekom nie. Ook op onderwysgebied is teen St. Helenas gediskrimineer. So byvoorbeeld is in 1875 teen 25 St. Helena-kinders in Natal gediskrimineer. Hierdie kinders is uit 'n laerskool in Durban op grond van hul velkleur geskors, aldus Swartz en Wasserman (2016: 891-895). Henry Bulwer, destyds die nuwe luitenant-goewerneur, het egter volgehou dat die kinders weens swak morele gedrag geskors is, maar Swartz en Wasserman (2016: 891-895) bestempel in hul artikel die voorval as diskriminasie:

For the St. Helenians arriving in Natal, it represented their claims to equality, while for the white Natalians it was a measure according to which this other group could be excluded from their society in general and their schools in particular.³²

In April 1883 is 'n berig gepubliseer waarin daar oor twee St. Helena-seuns verslag gedoen word wat ook weens hul velkleur nie by die Boy's Primary School in Pietermaritzburg toegelaat is nie; daar was dus ongemaklikheid by die Britse koloniste in Natal jeens die bruin St. Helenas, volgens *The Natal Witness* (1883: 3).

7. Hoe het bannelinge tot St. Helena-emigrasie bygedra?

In 1890 is Dinuzulu kaCetswayo en sy groep na St. Helena verban volgens Jackson (1903: 93).³³ In die huweliksregister vir St. John-kerk (1891: 29) word die name van bannelinge aangetref wat tot St. Helena-emigrasie na Natal bygedra het soos Anthony Daniels, Bonsa Mtimkulu en Timothy Zungu, wat op die eiland met St. Helena-vroue in die huwelik getree het.

Die doopregister van St. John-kerk (1893: 25-26 en 295) bevat die name van Dinuzulu se kinders wat op die eiland gedoop is. Daar is ook van sy kinders in St. Paul-kerk (1896: 63-64) gedoop. In totaal het Dinuzulu ses kinders op die eiland laat doop. Sy troonopvolger, Solomon, is ook daar gebore. Solomon was die vader van Bhekuzulu kaSolomon en laasgenoemde was die vader van koning Zwelithini kaBhekuzulu, wat op 12 Maart 2021 gesterf het. In die huweliksregister van St. John-kerk (1893: 29) word die naam van Bertram Gressy aangetref, wat 'n wag by die Zoeloes was en hy het ook met 'n St. Helena-vrou op die eiland in die huwelik getree. Sy en haar kind het ook St. Helena-emigrante geword.³⁴

Na die Zoeloebannelinge het Boerekrygsgevangenes vanaf 1900 in verskeie groepe by die eiland opgedaag. Sterndale (1900: 3) meld in sy koloniale jaarverslag vir daardie jaar dat die aankoms van die Boerekrygsgevangenes groot ekonomiese voordele vir die eiland gebring het en dit het daar toe bygedra dat die jaarinkomste van St. Helena die hoogste perk sedert 1871 bereik het.³⁵

Volgens die St. Helena National Trust Education Packs (2006: 23) het verskeie Boerekrygsgevangenes met vanne soos Piek, Smith, Nielson en Vanguard (Wyngaardt/Vangaard) met St. Helena-vroue op die eiland getrou. In die huweliksregister van St. Paul-kerk in St. Helena (1903: 168) verskyn die besonderhede van John George Knoetze wat met Amy Stevens van Blue Hill in St. Helena op 29 Desember 1902 in die huwelik getree het (sien figuur 4 hieronder).

65	Decemb ^r 29 th 1902	John George Knactre Amy Stevens	27 Bachelor Stone 25 Bishop	Mason -	Jameston Blue Banks Hill
<i>Married in the Cathedral at St. Helena aforesaid, after Banns by me,</i>					
This Marriage was solemnized between us ...	John George Knactre Amy Stevens + her mark	In the presence of Richard Jon + his mark Susannah Stevens + her mark			John J. Helena.

Figuur 4: Huwelik tussen Boere-krygsgevangene en St. Helena-bruid. (Huweliksregister van St. Paul-kerk. St. Helena. 1903. No. 665: 168.)

In dieselfde register word die besonderhede van William Frances du Plooy aangetref en hy het ook met 'n St. Helena-vrou, bekend as Emily Elizabeth Arms, op 1 Januarie 1903 in die huwelik getree. Du Plooy se bruid was 16 jaar oud en sy was ook 'n inwoner van Blue Hill, nes Amy Stevens, wat daarop kan dui dat hulle dalk vriendinne was (sien Figuur 5 hieronder). Daarna het hulle met hul vroue en kinders na Suid-Afrika teruggekeer en daarmee 'n bydrae tot St. Helena-immigrasie gelewer.

66	Jan ^{1st} 1903	William Francis du Plooy Emily Elizabeth Arms	21 Bachelor 16 Bishop	Lambourn Jameston Blue Hill	Banks Parents -
<i>Married in the Cathedral at St. Helena aforesaid, after Banns by me,</i>					
This Marriage was solemnized between us ...	William Francis du Plooy Emily Elizabeth Arms	In the presence of	Richard Jon + his mark Agnes Jane Blou	John J. Helena.	Richard Jon + his mark Susannah Stevens + her mark

Figuur 5: Huwelik tussen Boere-krygsgevangene en 'n St. Helena-bruid. (Huweliksregister van St. Paul-kerk. St. Helena. 1903. No. 665: 168.)

8. Gevolgtrekking

Die hoofvraag waarop hierdie studie gefokus het, is hoeveel St. Helenas hul emigranteskoene vanaf 1842 tot 1910 vir die Kaapkolonie en Natal aangetrek het en watter sosio-ekonomiese invloed hulle op hul nuwe werksbestemmings gehad het. In die studie is 'n grafiek ingesluit wat aandui dat ongeveer 7 847 St. Helena-immigrante na die Kaapkolonie en Natal verhuis het, waarvan eersgenoemde die

leeueaandeel ontvang het, naamlik 6 259, en Natal 1 588 ontvang het. Natal se emigrantestroom het in 1873 en 1874 sterk gevloeи.

Op sosio-ekonomiese en kulturele gebied het die St. Helenas hul merk gemaak en dit is in die teks belang met die klem wat op hul bydrae tot die landbou, mynbou, kerke, skole en sport, geval het. Hulle negatiewe bydrae in die Kaapkolonie en Natal is ook belang deur na verslae oor misdade wat deur St. Helenas gepleeg is, te verwys. Dit blyk egter uit die studie dat hul sosio-ekonomiese bydrae oorwegend positief was.

Wat die sub-vrae betref, is in die studie aangetoon van watter vervoermiddels hulle gebruik kon maak om hul werksbestemmings te bereik en daar is ook diskriminasie teen hulle uitgelig soos die gevalle van Krom Hendricks in die Kaap en skoliere in Natal. Oor die kwessie van die invloed van bannelinge op die emigrasiestroom is voorbeeldelike voorsien van Zoeloebannelinge en Boerekrygsgevangenes wat met eiland-vroue in die huwelik getree het. Hierdie vroue en kinders het later as St. Helena-immigrante in die Kaapkolonie en Natal opgedaag.

Die studie se lens was op St. Helena-emigrasie na die Kaapkolonie en Natal vanaf 1842 tot 1910 ingestel en die teks maak inderdaad 'n bydrae tot 'n onderwerp wat tot dusver in die historiografie verwaarloos is.

Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (CPUT)

Bronnels

- Alexander, P.** 2011. *Taming the African veldt. The Alexanders of St. Helena and South Africa 1515-2011*. San Francisco: Blurb Inc.
- Allen, P.** 1976. Charles Llewellyn – an early D` Oliveira. ESPN Cricinfo (The Cricketer). <https://www.espnccricinfo.com/cricketer/content/story/139324.html>. (Datum van gebruik: 17 April 2021).
- Anoniem.** s.a. Saul Solomon, Cape Colonial Politician. People Pill. <https://peoplepill.com/people/saul-solomon-2>. (Datum van gebruik: 20 Julie 2020).
- Anoniem.** 1905-1906. Universiteit van Stellenbosch Biblioteek. *Imperial Blue Books relating to South Africa*. Londen: Darling & Son, Ltd.
- Anoniem.** 2018. Passengers to Natal per Ocean Ranger 1874. Mole's Genealogy Blog. 1 April. <https://molegenealogy.blogspot.com/2018/04/passengers-to-natal-per-ocean-ranger.html>. (Datum van gebruik: 3 April 2019).
- Antrobus, R.L.** 1889. *Colonial Report for St. Helena*. Londen: Darling & Son, Ltd.
- Bain, M.** 2014. Solomon family of South Africa. margot@bainhouse.co.uk. (Datum van gebruik: 13 Julie 2020).

- Böeseken, A.J.** 1977. *Slaves and free blacks at the Cape 1658-1700*. Kaapstad: Tafelberg Publishers.
- Bruce, C.W.** 1901. Census of the Island of St. Helena. Government Printing Office of St. Helena.
- Cape Times.** 9 Februarie 1907. "Islanders plight. Catching rats".
29 Augustus 1908. "Good St. Helena woman, nurse".
- De Zuid-Afrikaan.** 3 Julie 1872. "Shipping intelligence. Table Bay-arrived".
- Drus, E.** 1939. The political career of Saul Solomon member of the Cape Legislative Assembly from 1854 to 1883. MA-thesis. Cape Town: University of Cape Town.
- Ekoko, A.E.** 1983. "The theory and practice of imperial garrisons: The British experiment in the South Atlantic. 1881-1914. *Journal of the Historical Society of Nigeria*, 12(1/2): 133-148.
- Erasmus, P.A.** 1994. St. Helens aan die Kaap: migrasie, uitbuiting en assimilasie. *Suid- Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*, 17(2): 62-66.
- Gallwey, H.L.** 1903, 1906-1907, 1909-1910. Colonial Reports for St. Helena. Londen: Darling & Son.
- Gittens, W.A.** 2018. *Why little England?* Barbados: Massey Technologies InfoCom Ltd.
- Hansard Lords Debates.** 1906-1907. Universiteit Stellenbosch Biblioteek. 156: 1447-1450.
- House of Commons Debates.** 1893, 1897. Universiteit Stellenbosch Biblioteek. 12: 1232-1233.
- Jackson, E.L.** 1903. *St. Helena: The historic island from its discovery to the present date*. Londen: Ward Lock & Co.
- Janisch, H.R.** 1872. Papers related to Her Majesty's Colonial Possessions. Report for 1872: 148-151. Londen: Darling & Son. Ltd.
- Kitching, G.C.** 1947. A handbook and gazetteer of the island of St. Helena including a short history of the island under the Crown 1834-1902. Saint Helena Island Info. <https://www.sainthelenaisland.info/kitching1947.pdf>. (Datum van gebruik: 20 November 2018).
- McAleer, J.** Looking east: St Helena, the South Atlantic and Britain's Indian Ocean World. *Atlantic Studies*. 13(1): 78-98.
- McNish, J.T.** 1970. *The glittering road*. Kaapstad. Gothic Printing Co. Ltd.
- Mellis, J.C.** 1875. *St. Helena: Physical, historical, and topographical description of the island, including its, Geology, Fauna, Flora and Meteorology*. Londen: Reeve & Co.
- Melliss, J.C.** 1909. The Island of St. Helena. *Journal of the Royal Society of Arts*, 57(2941): 404-410.
- Mendelssohn, S.** 1911. Jewish pioneers of South Africa". *Jewish Historical Society of England*, 7(1911-1914): 180-205.

- Moonda, F.** 2020. The lost legacy of Krom Hendricks, South Africa's first great black cricketer. ESPN Cricinfo. <https://www.espnccricinfo.com/story/the-lost-legacy-of-krom-hendricks-south-africa-s-first-great-black-cricketer-1224987>. (Datum van gebruik: 17 April 2021).
- Morgenrood, P.** 1992. The Sampsons of St. Helena, Rosebank and Wynberg. *Familia*, 31 (1): 13-21.
- Morton, W.J.** 1877. "The South African Diamond Fields and a Journey to the Mines". *Journal of the American Geographical Society of New York*, 9: 66-83.
- Munro, K.** 2019. Travelling to South Africa via the Union Castle Line. 9 Maart. <http://www.theheritageportal.co.za/article/travelling-south-africa-union-castle-line>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020).
- Ocean Ranger.** 1873. St Helena Passengers to Natal. <https://molegenealogy.blogspot.com/2018/04/passengers-to-natal-per-ocean-ranger.html>. (Datum van gebruik: 05 April 2018).
- Okiep Anglikaanse-kerk (St. Augustine).** 1907-1922. Doopregister.
- Parker, C.** 2012. St Helena An Island Between Multiple Migrations and the Repertoires of a St. Helenian Identity. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Coventry: Universiteit van Warwick.
- Patey, G.E.** 1861. Census of the island of St. Helena. Dublin. John Elliot Printing.
- Patey, G.E.** 1881. Census of the island of St. Helena. Edward Watson Government Printer.
- Patey, G.E.** 1869. Colonial Report. Londen: Darling & Son. Ltd.
- Patey, G.E.** 1872. Colonial Report. Londen. Darling & Son. Ltd.
- Pessina, M.** 2015. Labour, Environment and Empire in the South Atlantic (1780-1860). Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Trento: Universiteit van Trento.
- Samuels, D.** Cape-Helena. An exploration of nostalgia and identity through the Cape Town-St. Helena migration nexus". Master's thesis. Bellville: University of the Western Cape.
- Saunders, C.** 1984. Between slavery and freedom: the importation of prize Negroes to the Cape in the aftermath of emancipation". *Kronos*, 9: 36-43.
- Schulenberg, A.H.** 1998. St Helena: British local history in the context of empire. *The Local Historian. Journal of the British Association for Local History*, 28(2): 108-122.
- Smalberger, J.M.** 1969. Aspects of the history of copper mining in Namaqualand. Ongepubliseerde MA-tesis. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Smallman, D.L.** 2003. Quincentenaries. A story of St. Helena 1502-2002. Pattern Press: Cornwall.
- Sterndale, R.E.** 1897, 1900. Colonial Reports for St. Helena. Londen: Darling & Son, Ltd.
- St. John-kerk (St. Helena).** 1891. Huweliksregister.

- St. John-kerk (St. Helena).** 1893. Doopregister.
- St. John-kerk (St. Helena).** 1893. Huweliksregister.
- St. Paul-kerk (St. Helena).** 1903. Huweliksregister.
- St. Helena Island Info.** <http://sainthelenaisland.info/visitors.htm> (Datum van gebruik: 14 April 2021).
- St. Helena National Trust Education Packs.** 2006. Island Prisoners Boers 1900-1902. Saint Helena Island Info. http://sainthelenaisland.info/boerprisoners_nationaltrust.pdf. (Datum van gebruik: 14 April 2009).
- Strauss, J.S.** 2020. Die rol van immigrante van St. Helena-eiland in die Kaapse en Suid-Afrikaanse samelewing, met spesifieke verwysing na die periode 1808-1908. Ongepubliseerde PhD-proefschrift. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Swartz, R. en Wassermann, J.** 2016. Britishness, Colonial Governance and Education: St Helenian Children in Colonial Natal in the 1870s. *The Journal of Imperial and Commonwealth History* 16(3): 881-899.
- The Eastern Province Herald.** 30 Mei 1873. "Postscript. Up-country news".
- The Natal Witness.** 30 September 1873. "From our own correspondent".
- 29 April 1873. "St. Helena Immigrants".
 - 10 Oktober 1873. "From our own correspondent".
 - 28 November 1873. "The supply of labour".
 - 9 Januarie 1874. "From our own correspondent".
 - 20 Maart 1874. "From our own correspondent".
 - 12 Mei 1874. "From our own correspondent".
 - 19 Mei 1874. "From our own correspondent".
 - 22 Mei 1874. "Resident Magistrate's Court".
 - 12 Januarie 1875. "Servant wanted".
 - 11 Mei 1875. "Namaqualand".
 - 29 Februarie 1876. "St. Helena wedding".
 - 17 Oktober 1876. "Wanted".
 - 21 November 1876. "Trifles".
 - 19 Oktober 1877. "A most cowardly assault".
 - 27 Desember 1879. Christmas in the city".
 - 21 April 1883. "Government Boy's Primary School".
- The Port Elizabeth Telegraph.** 18 November 1881. "Local and general news".
- 28 Februarie 1882. "Immigrants".
- The Port Elizabeth Telegraph and Eastern Province Standard.** 1898.
- Trelawny, H.** 1845. *Colonial Report for St. Helena*. Londen: Darling & Son, Ltd.
- Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens (WKARD).** July 1881- September 1882. Cape Colony CC 3/8/2, Lists of passengers per various ships. 1876. 1/SBK 1/1/2. Archives of the Magistrate of Namaqualand, Springbok.

- Wilson W.G.** 1891, 1896. Colonial Reports for St. Helena. Londen: Darling & Son, Ltd.
- Winch, J. en Parry, R.** 2020. Too Black to Wear Whites. *Times Live*. <https://www.timeslive.co.za/sunday-times/books/events/2020-01-30-launch-of-too-black-to-wear-whites-by-jonty-winch-and-richard-parry-on-february-5/>. (Datum van gebruik: 4 Februarie 2020).
- Yon, D.A.** 2001. The St. Helena/South African connection: first thoughts on the making of the South Atlantic. Ongepubliseerde referaat. Universiteit Kaapstad, 30 Mei.

Note

1. Alhoewel die St. Helenas op die eiland na hulself as “Saints” verwys het, het Smalberger en Erasmus die term “St. Helenas” gebruik.
2. Volgens J.C. Mellis was St. Helena onbewoon. Derhalwe was die eiland dus nie gekoloniseer nie.
3. Die *Maria* het St. Helena besoek en het onder andere bome vanaf die eiland na die Kaap saamgeneem.
4. Die Engelse het geargumenteer dat as die VOC die Kaap kon beset hulle dalk dieselfde met St. Helena kon doen.
5. *The Lagos Standard* en ander Afrika-koerante het gereeld oor St. Helena berig.
6. Die vise-admiraaliteitshof was hoofsaaklik verantwoordelik vir die verhoor van die bestuurslui van skepe wat slawe aan boord gehad het en die hof kon hierdie slawe as sogenaamde “prys-Negers” vrylaat en die skepe verkoop of laat vernietig.
7. Die voltooiing van die Suezkanaal in 1869 het ’n veel korter roete vir skeepsvervoer vanaf Europa na die Ooste geskep. Minder skepe het vervolgens die Kaapse-roete gebruik en St. Helena besoek.
8. Die voormalige soldate en hul gesinne is deur die ontrekking van die garnisoen, wat tussen April en Oktober 1906 plaasgevind het, tot op die rand van hongersnood gedryf.
9. Sommige van die St. Helenas wat nie in die kopermyne van Namakwaland gewerk het nie, het in 1886 by die diamantvelde opgedaag en hul eie kleims bekom of mynarbeid verskaf.
10. Van hierdie projekte het tydelike werkseleenthede geskep, maar nie langtermyn oplossings gebied nie.
11. Die kopermyne van Namakwaland was die eerste kommersiële myne van die Kaapkolonie. Daarna het die diamantmyne gevolg voordat die goudmyne in Transvala ’n arbeidsbron geword het.
12. *The Natal Witness* is een van die Suid-Afrikaanse koerante van daardie era wat op ’n deurlopende basis nuus oor St. Helena-immigrante gepubliseer het.
13. In *The Natal Witness* in 1879 is ’n brief deur ene “XYZ” gepubliseer waarin genoem is dat ’n St. Helena-man van gocie karakter gesock word om na perde om te sien.

14. In Augustus 1908 byvoorbeeld het 'n vrou van St. Helena in *The Cape Times* geadverteer dat sy graag as verpleegster in Suid-Afrika wou werk.
15. Hier word veral na koerante soos *The Natal Witness* in Natal en die *Cape Times* in die Kaapkolonie verwys.
16. Advertensies is veral in koerante soos *The Natal Witness* en die *Cape Times* gepubliseer.
17. Die aflosspanne is op verskeie plekke op die roete aangehou. By daardie punte is gewoonlik ook akkommodasie beskikbaar gestel.
18. Vind meer inligting hieroor in die ongepubliseerde PhD-proefskrif van J.S. Strauss vanaf bladsy 130 tot 137.
19. Die St. Helenas is hoofsaaklik deur hul nuwe gemeenskappe geassimileer.
20. St. Helenas het aanvanklik meestal by Anglikaanse kerke in die Kaapkolonie en Natal betrokke geraak. Na 1910 het hulle al hoe meer by ander kerke soos die Rooms Katolieke-, Nederduits Gereformeerde en Metodiste kerke weens huwelike met Suid-Afrikaners, aangesluit.
21. Die beskrywing van die huwelikseremonie bewys dat sommige St. Helenas in die Kaapkolonie en Natal goeie inkomstes gegeneereer het.
22. Sy fisiese gebrek en sy skerp intellek het tot nuuskierigheid by die algemene publiek geleei. Terwyl hulle nog in Engeland was, het Saul en Henry blybaar verkeerde behandeling vir rumatiekkoorts ontvang en dit het daar toe bygedra dat hulle liggaamlike groei sodanig vertraag is dat Saul as volwassene 'n rapsie langer as een meter was.
23. Hendricks is "Krom" genoem weens die feit dat hy effens vooroorgeboë geloop het.
24. Die Hendricks- en Llewellyn-gevalle lewer bewys van die goeie kwaliteit sport wat deur St. Helena-afstammelinge gelewer is. Op die eiland was kriket die vernaamste sportsoort.
25. Gewoonlik is die inligting onder beriggewing soos "Resident Magistrate's Court", "Goal Returns", "From our correspondent" en "Police Court" gepubliseer. In die berig word ook na die gevalle van Henry Brian en James Essex verwys wat vir diensverlating aangekla is.
26. Hierdie voorval het in Pietermaritzburg in Natal plaasgevind.
27. Daar is ook ander gevalle van diefstal opgespoor soos byvoorbeeld die geval van Annie Rich wat in 1874 skuldig bevind is aan die diefstal van kussingslope en handdoeke in Pietermaritzburg. Die berig het op bladsy 3 in *The Natal Witness* van 7 Augustus 1874 verskyn.
28. Hierdie voorval verwys na nege St. Helenas wat by die aanranding van die konstabel betrokke was.
29. Drankverwante oortredinge was baie prominent onder St. Helenas.
30. Oortreders is dus nie net boetes of tronkstraf opgelê nie, maar het ook soms lyfstraf ontvang wat met 'n rottang toegedien is.
31. Rhodes het 'n prominente rol in die weglatting van Hendricks uit die koloniale span gespeel.
32. R. Swartz en J. Wassermann het breedvoerig in hul artikel, "Britishness, Colonial Governance and Education: St. Helenian Children in Colonial Natal in the 1870's", hieroor geskryf. Die kinders is uiteindelik weer tot die skool toegelaat. Die Britse koloniale owerhede het die gebeure as 'n ongelukkige voorval, wat wel reggestel is, afgemaak.
33. DinuZulu en sy ooms is aan hoogverraad skuldig gevind en in 1890 na St. Helena verban.

34. Daar is onsekerheid of Gressy deur die goewerneur van St. Helena as wag aangestel is en of hy vanaf Natal opgedaag het. In beide gevalle sou sy vrou en kind St. Helena-immigrante vir Natal wees.
35. Die voorsiening van voedsel, klerasie, tente en ander items aan die Boere-krygsgevangenes het geld in die sakke van St. Helenas geplaas.

Taal-van-onderrig: Die aard van sosiale en emosionele ervarings by driejariges

Wietske Boon

Language of education: The nature of social and emotional experiences of three-year-olds

This article aims to create awareness that non-obvious, deep-laying and complex differences between three-year-olds' social and emotional experiences can present within their mother-tongue, dual medium and second language learning environments. Contemporary debates highlight the benefits of mother-tongue against second language education, while literature on social and emotional development and language of education in the early years are limited. Data have been collected via a combination of questionnaires and vignette research. Although quantitative findings did not reveal significant differences for the three-year-olds who participated in the study across language of education and social and emotional development, the qualitative data from questionnaires and vignette research did bring forth differences in three-year-olds' social and emotional experiences within the context of language of education. These different findings from the quantitative and qualitative research methods can be indicative of the necessity to apply in-depth qualitative methods when social and emotional development and language of education is studied.

1. Inleiding

Wêreldwyd debatte word gevoer en navorsingstudies geloods om die effek van taal-van-onderrig op verskeie ontwikkelingsareas te bestudeer¹. Verskeie outeurs en organisasies is ten gunste van moedertaalonderrig (Unesco, 2016, Wolff, 1999, Heugh, 2006) terwyl ander (Oostendorp, 2013, Cook, 2014) tweetaligheid en tweedetaalonderrig (Baker, 2009) bevorder. Taal en geskiedkundige agtergrond, onderwysbeleide en taal-van-onderrig is nou met mekaar verbind (Guilherme, 2007, Stoop, 2017). Hierdie verbintenisse dra ook by tot wat ons verstaan onder moedertaalonderrig (waaraan 'n leerder se afkoms dikwels geken word), dubbelmedium- en tweedetaalonderrig, wat ook binne die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks van toepassing is.

Aangesien taal verband hou met jong kinders se identiteitsontwikkeling en sosiale realiteit, beklemtoon Unesco (2016) en Bailey (2009: 342) die waarde van moedertaalonderrig tydens die vroeë kinderjare. Verdere voordele van moedertaalonderrig sluit die oordrag, aanleer en vaslegging van kompleksse konsepte in. 'n Moedertaal stel jong kinders in staat om hulself gemaklik en verstaanbaar uit te druk, 'n vaardigheid wat noedsaaklik is vir ontwikkelende

emosionele- en kommunikasievaardighede. Moedertaal lê dus die grondslag vir latere leerprosesse vas (Awopetu, 2016: 59). Vroeë moedertaalonderrig, met die geleidelike blootstelling aan 'n tweedetaal voordat dit as taal-van-onderrig toegepas word, verhoog selfvertroue in die tweedetaal, verhoog minderheidstaalkinders se akademiese vordering en verminder linguistiese en kulturele uitdagings (MacKenzie, 2009: 369).

Baker (2009: 148) daarteenoor is van mening dat sterk tweetalige onderrig tot hoër vlakke van taalvaardigheid en geletterdheid in twee of meer tale kan lei en sensitiwiteit tot verskillende geloofsoortuigings en kultuur bevorder. Volgens De Mejía (2016: 43) bevorder Engelse onderrig, ongeag of dit as eerste- of tweedetaal toegepas word, die standaard waarmee onderrig aangebied word en verbeter dit die ekonomiese toestande in lae ekonomiese lande. Alhoewel minderheidsgroepe poog om hul taal te beskerm deur middel van die taal-van-onderrig maak globalisering dit onafwendbaar om minderheidstale in isolasie te gebruik. Om hierdie rede word dubbelmediumonderrig in menige gevalle as alternatief aangebied (Gorter, Cenoz en Zenotz, 2013: 2-3). In Suid-Afrika, waar 'n hoëgraad van linguistiese diversiteit voorkom, word Engels as amptelike taal gebruik (Da Costa, Dyers en Mheta, 2013: 319) en is toegang tot moedertaalonderrig in baie gebiede beperk. 'n Studie deur White (2018: iv en 174) het bevind dat daar 'n groot hoeveelheid nie-Engels-moedertaalleerders in Suid-Afrika is wat slegs toegang tot Engels-tweedetaalonderrig het.

Buiten die taal-van-onderrig en akademiese en leeruitkomste waaroor verskeie studies reeds uitgevoer is (Burchinal, Field, López, Howes en Pianta, 2012; Dickinson, 2011), binne die Suid-Afrikaanse en internasionale kontekste (Van Wyk en Mostert, 2016; White, 2018), bestaan daar beperkte literatuur wat die *emosionele* welstand ondersoek van jong kinders wat in 'n nuwe taalomgewing geplaas is (Feng, Foo, Kretschmer, Prendeville en Elgas, 2004: 33). Taal-van-onderrig speel 'n belangrike rol in kinders se sosiale en emosionele ontwikkeling en kan langtermyngevolge vir leerders inhoud wat ontwikkeling, gedrag en akademiese vordering betref (Ball, 2011: 45).

Om skoolgereedheid en die ontluikende taalvaardigheid en wiskundegeletterdheid te bevorder, word globale standarde gestel ten opsigte van jong kinderonderwys (Cleghorn en Prochner, 2010). Binne die globale vereistes wat gestel word, kan die waarde van persoonlike kontak met die gebruik van die moedertaal nie geïgnoreer word nie. Die universele gebruik van Engels plaas egter druk op ander tale om te oorleef, in terme van die geskiedenis en ontstaan, die sosiale gebruik daarvan en die sin van behoort wat mense daaraan koppel (Guilherme, 2007). Met globalisering het burgerskap meer 'vloeibaar' geword (Guilherme, 2007) en het die gebruik van Engels veroorsaak dat die verhouding tussen taal

en sin van behoort in 'n nuwe lig gesien en nuwe wêreldwye geleenthede geskep word. Tog word die gebruik van Engels, op verskeie vlakke en velde, steeds ten sterkste bespreek en oor gedebatteer (Guilherme, 2007). Die debat rondom die voor- en nadele van moedertaal- en tweedetaalonderrig kom steeds algemeen voor.

1.1 Sosiale, emosionele en taalontwikkeling van driejariges

Hierdie navorsingstudie is gegrond op Erikson se psigososiale teorie van ontwikkeling waar die fase van inisiatief teenoor skuldgevoelens van toepassing is. Kortom beskryf Erikson (1985) die ontwikkelingsfase tussen die ouderdomme van drie en vyf jaar as 'n stadium waarin kinders inisiatief ervaar wanneer hulle aktiwiteite suksesvol voltooi. Indien aktiwiteite te moeilik is of kinders se pogings gekritiseer word, kan hul skuldgevoelens ervaar (Erikson, 1985: 59). Vir die suksesvolle voltooiing van ouderdomsgepaste aktiwiteite het kinders nodig om ouderdomsgepas te ontwikkel en vaardighede aan te leer. Omdat kinders leer en ontwikkel deur interpersoonlike verhoudings soos met die portuurgroep, gesin en opvoeders is sosiale vaardighede noodsaaklik. Uit die sosiale verhoudings wat as gevolg van hierdie vaardighede ontstaan, ontwikkel emosionele reaksies tot interpersoonlike en situasionele gebeure (Buchan, 2013: 8). Die pragmatiese gebruik van taal is noodsaaklik vir kinders om een-tot-een gesprekke te voer of binne 'n groep te kan funksioneer (Trawick-Smith, 2014: 281) en daarom maak taal en kommunikasie twee van die belangrikste faktore van die leerproses uit (Ouane en Glanz, 2010: 4), en is dit dus noodsaaklik dat kinders hulself effektiel en ouderdomsgepas in 'n taal kan uitdruk. Aangesien jong kinders wat onderrig ontvang by 'n dagmoeder, speelgroep of kleuterskool 'n groot gedeelte van die dag binne hierdie omgewing leer en sosiale en emosionele vaardighede ontwikkel, is taal-van-onderrig van belang.

Om dieper insigte te bekom ten opsigte van taal-van-onderrig en die sosiale en emosionele ontwikkeling van jong kinders is data bekom om driejariges se sosiale en emosionele ontwikkeling te vergelyk en hul ervaring van die leeromgewing te verken. Die grondslag wat hierdeur gelê word kan bydra tot die veld van vroeë kinderonderwys, taal-van-onderrig en sosiale en emosionele ontwikkeling.

2. Metodologie

2.1 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om die sosiale en emosionele ontwikkeling van Afrikaans-moedertaaldriejariges wat moedertaal-, dubbelmedium- of tweedetaal-

onderrig ontvang, te verken en met mekaar te vergelyk ten einde die bestaande kennisbasis te verbreed en 'n bydrae te lewer tot die veld van vroeë kinderonderwys. Die navorsingsvraag wat voorgehou word, is soos volg: "Hoe presenteer die sosiale en emosionele ontwikkeling van Afrikaans-moedertaaldriejariges wat moedertaal-, dubbelmedium- of tweedetalonderrig ontvang (Boon, 2021: 5)?"

Die doel van hierdie artikel is egter nie alleenlik om die verskille wat presenteert uit te lig nie, maar om aan te dui dat daar nie-ooglopende, diepliggende en komplekse verskille tussen die driejariges se sosiale en emosionele ervarings binne die konteks van taal-van-onderrig kan voorkom. Om op 'n kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe vlak vas te stel of daar verskille in die driejariges se sosiale en emosionele ervarings voorkom, is moeders en opvoeders van Afrikaans-moedertaaldriejariges wat moedertaal-, dubbelmedium- of tweedetalonderrig ontvang se data met behulp van vraelyste vasgelé. Vinjetnavorsing is daarna gebruik om die deelnemende driejariges se sosiale en emosionele ervarings op 'n kwalitatiewe vlak vas te vang (Boon, 2021). Die verskillende navorsingsmetodes wat toegepas is, het daartoe gelei dat die fenomeen op verskillende vlakke nagevors kon word en dit het nuwe insigte na vore gebring. Vinjetnavorsing, wat in hierdie studie gewig dra, het veral bygedra tot die bevindings wat in hierdie artikel bespreek word.

2.2 Deelnemers

Om die doel van die studie te bereik, is daar van meervoudige deelnemers gebruik gemaak naamlik driejariges wat moedertaal-, dubbelmedium- of tweedetalonderrig ontvang ($n=3$), hul moeders ($n=36$) en hul opvoeders ($n=15$). Die deelnemende kinders was drie jaar oud, Afrikaans-moedertaalsprekend en het die betrokke kleuterskool bygewoon tussen die ouderdom van 18 maande en drie jaar. Die moeders en die kinders was in Gauteng woonagtig en die kleuterskole in Gauteng geleë. Die gesinne was van middel- tot hoë ekonomiese klas afkomstig (Boon, 2021: 12-13).

Van die 36 moeders van Afrikaans-moedertaaldriejariges wat Afrikaanse, dubbelmedium- of Engelse onderrig ontvang het, het 16 driejariges Afrikaanse kleuterskole bygewoon en twintig dubbelmedium- en Engelse kleuterskole. Die meeste van hierdie driejariges, wie se moeders aan die studie deelgeneem het, was manlik (Boon, 2021). In totaal het 15 kleuterskole, waarvan ses se taal-van-onderrig Afrikaans, en nege dubbelmedium of Engels is, aan die studie deelgeneem. Vier opvoeders wat Afrikaanse onderrig en elf opvoeders wat dubbelmedium- of Engelse onderrig gee, het die vraelyste voltooi. Drie manlike driejariges is uit die vraelysdata geïdentifiseer, met soveel as moontlik ooreenstemmende eienskappe, wat onderskeidelik moedertaal-, dubbelmedium-

en tweedetaalonderrig ontvang, en is binne hul leeromgewings waargeneem ten uitvoering van die vinjetnavorsing (Boon, 2021). Die studie is uitgevoer met die goedkeuring van die Etiek Komitee van die Fakulteit van Opvoeding aan die Universiteit van Pretoria. Die studie is met die nodige vertroulikheid uitgevoer om deelnemers se identiteit te beskerm.

2.3 Data-insameling

2.3.1 Vraelyste

Selfopgestelde vraelyste is oor 'n tydperk van sewe maande gebruik om relevante data tot die probleemstelling te bekom. Na aanleiding van Cohen, Manion en Morrison (2011: 382) is daar van graderingskale gebruik gemaak in 38 van die vroeë aan die moeders en 36 vroeë aan die opvoeders. Die graderingskale het voorsiening gemaak vir die volgende reaksies: altyd, meestal, soms, selde, nooit. In die kwalitatiewe vroeë is daar in sewe vroeë aan moeders en vyf aan opvoeders gevra om 'n kort beskrywing, in enkele woorde, oor byvoorbeeld die driejarige se sterkpunte, swakpunte en verhoudings te gee. Die vraelyste is elektronies en in harde kopie beskikbaar gestel. Al die data is egter elektronies op die Excel-program ingevoer voordat dataontleding plaasgevind het (Boon, 2021).

2.3.2 Vraelyste

Vinjetnavorsing is 'n fenomenologies georiënteerde navorsingsmetodologie (Westfall-Greiter en Schwarz, 2013: 122) wat die driejariges se ervarings van die kleuterskoolomgewing empiries vasgevang en so getrou as moontlik weergegee het (vergelyk Schratz, Westfall-Greiter en Schwarz, 2014). Fenomenologie bepaal die realiteit van die driejariges se ervarings (Husserl, 1980: 149) as "iets wat is soos dit is" (Husserl, 1970 in Vagle, 2018: 7-8). Die driejariges se fenomenologiese belewing van hul leeromgewing is gevestig tussen objektiwiteit en subjektiwiteit (Vagle, 2018: 8). Fenomenologie bring die waarheid van dit wat die driejariges waarneem en ervaar na vore. Volgens Yontef (1993: 186) bied 'n fenomenologiese beskrywing waargenome gedrag in geskrewe vorm aan, soos byvoorbeeld 'n vinjet. Innsbruck-vinjetnavorsing, wat in hierdie studie uitgevoer is, is steeds in sy ontwikkelingsfase, maar lewer waardevolle kennis en insigte tot die onderwysveld (Schratz et al., 2014), deur klem te lê op 'leer as 'n ervaring' en nie 'leer uit ervaring' nie (Schratz, Schwarz en Westfall-Greiter, 2013).

Binne die vinjetnavorsingsproses, het die navorsing gefokus op haar ervaring

van die driejariges se ervarings binne hul leeromgewings (vergelyk Schratz en Westfall-Greiter, 2015). Alhoewel die driejarige en die navorser deur die ervaring te midde van die gebeure geaffekteer is, kon nie een van die twee oor die gebeure reflekteer in die oomblik terwyl dit gebeur het nie (vergelyk Schratz et al., 2014: 121,126), aangesien albei by die leeroomblik betrokke was. Die driejariges het hul leeromgewing ervaar terwyl die navorser 'n 'mede-ervaarder' van die leeroomblik geword het. In hierdie proses het die navorser die driejariges se leefwêrelde ontdek en bewus geword van die wyse waarop die driejariges hul ervarings presenteer (Meyer-Drawe, 2017: 18). Die vinjet-observasies is aan die hand van deeglik gedetailleerde onverwerkte vinjetnotas vasgelê (sien Schwarz en Schratz, 2014). Aangesien hierdie metode van data-insameling op die menslike geheue staatmaak, is dit 'n komplekse taak (Schratz et al., 2014: 126-127). Vinjetnotas deel die aksies, ervarings en leerprosesse wat binne die leeromgewing plaasgevind het met die leser. Aandag is gevëstig op spesifieke oomblikke wat uitstaan, van belang is of selfs reaksies wat afwesig was (Westfall-Greiter en Schwarz, 2013: 121-122). Die rou vinjetnotas is herskryf na 'n gemaklik leesbare, beskrywende, navorsingsleesstuk (Westfall-Greiter en Schwarz, 2013: 121-122,132). Die individuele vinjette, fenomenologiese teks (Schratz et al., 2014: 126) of 'literêre nie-fiksie' (Westfall-Greiter en Schwarz, 2013: 123) wat hieruit ontstaan het, en in hierdie artikel beskikbaar gestel word, is 'n vertelling wat enkele oomblikke isoleer en daarop fokus (Westfall-Greiter en Schwarz, 2013). Die vinjetskryfproses is nie 'n gestandaardiseerde proses nie, aangesien die navorser as 'mede-ervaarder' optree. Tog is die doel daarvan om die ervarings so getrou as moontlik oor te dra (Schratz et al., 2014: 127). Om die vertrouenswaardigheid van die vinjette te bevestig, het die navorser, na aanleiding van Schratz et al. (2014: 127), elkeen van die opvoeders waar die vinjetnavorsing plaasgevind het die geleentheid gegun om skriftelik kommentaar op die vinjetnotas te lewer.

2.4 Data-ontleding

2.4.1 Kwantitatiewe en kwalitatiewe vraelyste

Die kwantitatiewe data wat deur middel van die vraelyste bekom is, is in Excel 2016 vasgevang en daarna oorgedra na IBM SPSS Statistics 26 waar verskeie statistiese toetse, insluitend die Mann-Whitney U-toets en Shapiro-Wilktoets, uitgevoer is. Die data bekom van die deelnemende moeders oor die verskillende groepe taal-van-onderrig is met mekaar vergelyk. Dieselfde is gedoen met die data bekom van die deelnemende opvoeders. 'n Vergelyking is gemaak

tussen die data van die 15 driejariges wie se moeders en opvoeders beide die vraelyste voltooи het om die driejariges se sosiale- en emosionele ontwikkeling te vergelyk (Boon, 2021). Die data van die klein kwalitatiewe steekproef is met behulp van die Excel-program volgens verskillende temas ontleed (vergelyk Harris en Brown, 2010: 1). Hierdie temas was soos volg: 1) driejariges se vrese en slaapprobleme; 2) hul sterk- en swakpunte en 3) interpersoonlike verhoudings met gesinslede, die opvoeder en maats. Die temas en data is in tabelvorm uiteengesit en persentasies is tot die hoeveelheid reaksies toegeken om sodoende die data te ontleed en die nodige gevolgtrekkings daaruit te maak (Boon, 2021: 94).

2.4.2 Vinjetnavorsing

Die vinjette het spesifieke oomblikke vasgevang wat die driejariges se ervarings ontbloot. Die leser se aandag word daarop gefokus en daar word dieper gekyk na die betekenis wat tydens die oomblikke na vore gebring word (Westfall-Greiter en Schwarz, 2013: 123). Aangesien die navorser as ‘mede-ervaarder’ by die leeromgewing betrokke was, is daar nie tydens die skryf van die vinjetnotas oor die oomblik wat vasgevang word, gereflekteer nie (Schratz et al., 2014: 121,126). Westfall-Greiter en Schwarz (2013) beklemtoon dat vinjette nie hierdie oomblikke ‘vertel’ nie, maar dit aan die leser ‘wys’ deur middel van ’n ‘vertelling’. Die finale vinjette het die driejariges se ervarings empiries vasgelê wat lei tot beter begrip van hul ervarings (Schratz et al., 2014: 126). Die driejariges se reaksies of afwesigheid daarvan, ‘bewustelik of onbewustelik, verbaal of nie-verbaal’, word in die vinjet vasgevang en aandag word daarop gevestig (Westfall-Greiter en Schwarz, 2013: 121,123). Vinjetlesings, wat begrip vir die driejariges se ervarings sonder die ontleeding of verduideliking van die teks verskaf, het gevloeи uit die finale vinjette (Agostini, 2015, Schratz et al., 2014).

2.4.3 Tekortkominge

Alhoewel die kwalitatiewe data diepte tot die studie gevoeg het, is dit nie veralgemeenbaar tot ’n groter gemeenskap nie. Verskeie veranderlikes, insluitend die driejariges se persoonlikhede en agtergronde kon die data beïnvloed. Hierdie veranderlikes is so ver moontlik in ag geneem tydens die maak van gevolgtrekkings. Tydens die vinjetnavorsing is daar op drie seuns gefokus, terwyl die ervarings van dogters moontlik verskillend kon呈enteer. Hierdie studie kan dus herhaal word op dogters, ander ouderdomsgroepe en ander tale om tot meer omvattende insigte van die fenomeen by te dra (Boon, 2021: 174).

3. Bevindings

3.1 Kwantitatiewe en kwalitatiewe vraelysdata

Vanuit die kwantitatiewe vraelyste wat die moeders en opvoeders voltooi het, het feitlik geen betekenisvolle kwantitatiewe verskille na vore gekom nie. In terme van sosiale ontwikkeling het die Mann-Whitney U-toets (p -waarde=0.018) een verskil aangedui, naamlik dat die driejariges in hierdie studie wat moedertaalonderrig ontvang het, meer geduldig kon wag vir hulle behoeftes om bevredig te word (Boon, 2021: 162). Die bydrae wat die kwantitatiewe data tot die studie gelewer het, is ook dat sosiale en emosionele verskille ten opsigte van taal-van-onderrig nie noodwendig met behulp van kwantitatiewe vraelyste alleen vasgevang kan word nie.

Teenstrydigheid het voorgekom in terme van die kwalitatiewe data ten opsigte van die driejariges in hierdie studie wat moedertaalonderrig ontvang het se vermoë om emosionele regulering in verskillende situasies toe te pas. Terwyl dit as 'n algemene swakpunt geïdentifiseer is, het opvoeders ook aangedui dat die driejariges wat moedertaalonderrig ontvang hoë vlakke van emosionele regulering toon in terme van hul verhouding met die opvoeder (Boon, 2021). Hierdie teenstrydighede kan aanduidend wees van die komplekse aard van taal-van-onderrig.

Alhoewel hierdie artikel nie primêr daarop fokus om die ooreenkomste en verskille aan te duі waarop die driejariges se sosiale en emosionele ervarings presenteer nie, is dit tog noodsaklik om die kwalitatiewe bevindings wat uit die vraelyste na vore gekom het kortliks uit te lig: Die moedertaalonderrig-driejariges het voorkeur aan interaksie met die portuurgroep getoon. Hierdie groep driejariges het ook verhoogde onafhanklikheid getoon binne die groter groep. Die dubbelmedium- en tweedetaalonderrig-driejariges was meer geneig tot alleenspel en het uitdagings ervaar in terme van emosionele regulering. Die moedertaal- en dubbelmedium- en tweedetaalonderrig groepe het egter sterk taalontwikkeling getoon (Boon, 2021).

3.2 Vinjetnavorsing

Vir die doel van die vinjetnavorsing is drie driejarige seuns, wat onderskeidelik moedertaal-, dubbelmedium- en tweedetaalonderrig ontvang, binne hul leeromgewing waargeneem. Die deelnemers is geselekteer om soveel as moontlik ooreenstemmende eienskappe te toon en om veranderlikes soos trauma en gesinsdinamika so ver as moontlik te beperk. Vanuit die observasies is vinjette geskryf waarvan twee van elke deelnemer vervolgens voorgehou word (Boon, 2021).

3.2.1 Moedertaalonderrig (Afrikaans)

Hierdie Afrikaans-moedertaalseun (Riaan) was ten tye van die observasie drie jaar en nul tot twee maande oud. Die kleuterskool wat hy bygewoon het se formele taal-van-onderrig was Afrikaans. Hy is die eerste kind in die gesin. Sy moeder het aangedui dat hy een of meer nagte gehospitaliseer was, dat hulle verhuis het en dat daar 'n jonger sib in die gesin is.

Vinjet 1

Aan die een kant van die beligte klaskamer is 'n aansteekbord en mat. Aan die ander kant staan daar 'n verskeidenheid van tafels. Die kinders kom van buite af ingestap. Daar is reeds speelgoed op die tafels uitgepak. Riaan pyl op 'n tafel af. Hy gee groot treë en glimlag breed. Sy maats gaan sit om die tafel. Daar is nog een stoel oop aan die ander kant van die tafel. Riaan loop nie om nie. Hy kry 'n oop spasie by die tafel en leun daarop. Die assistent merk dit op en bring vir hom 'n stoel. Riaan gaan sit daarop. Hy vat sonder huivering van die blokkies en druk geel plastiekwiletjies aan 'n geel plastiekkarretjie vas. Hy tel sy karretjie op en maak groot arm-bewegings soos hy daarmee deur die lug ry. Hy sit dit terug op die tafel. Dan tel hy nog plastiekvorms op en sit dit bo-op 'n kar sonder wiele vas. Met hierdie kar ry hy ook deur die lug: "Brrrrmm." Hy bestudeer sy skepping. Hy heg wiele aan. Dan verwonder hy homself vir 'n wyle aan sy maats se skeppings, voordat hy weer voortgaan met sy spel.

Vinjet 2

Die kinders sit om 'n ronde tafel en speel met klei. Riaan druk vergeefs aan die harde pienk klei. Hy kry dit nie plat gedruk nie. Riaan vra die assistent, Sara, om hom te help. Sy druk met haar hand op syne. Saam druk hulle 'n vorm van 'n perd uit in die klei. Riaan glimlag breed. Hy wys na 'n ander vorm: "Ek wil hierdie een maak." "Wat is dit?" vra Sara. "Dit is 'n klok," antwoord Riaan. Sara help ook die ander kinders om die tafel. Riaan kyk wat Sara en sy maats doen terwyl hy rustig voortgaan om sy vorm uit te druk. Hy tel 'n engeltjievorm op. Hy glimlag tevrede. Sara rol weer sy klei in 'n bal. Hy druk die klei met al sy krag. Die klei is te hard. "Sara, sal jy my help asseblief," vra hy. Eers werk hulle saam om die klei plat te druk. Dan druk Sara dit nog 'n keer. Riaan druk die engeltjievorm in die klei. Hy kyk daarna met 'n breeë glimlag op sy gesig.

3.2.2 Dubbelmediumonderrig (Afrikaans en Engels)

Hierdie Afrikaans-moedertaalseun (Christo) was drie jaar en drie tot vyf maande oud ten tye van die observasie. Die kleuterskool se formele taal-van-onderrig was Engels en Afrikaans. Minder as 'n kwart van die kinders in die klas se moedertaal

was Afrikaans en die meerderheid van die lesse is in Engels aangebied. Hy is die eerste kind in die gesin. Hy was een of meer nagte gehospitaliseer en daar is 'n jonger sib in die gesin wat kort voor die studie uitgevoer is, gebore is.

Vinjet 3

Die kinders speel buite in 'n area wat gedeeltelik met skaduwee bedek is. Daar staan swaaie, 'n watertenk en verskeie speelapparate. Christo pluk 'n blaar. "Kyk, teacher," wys hy vir sy juffrou. Dan druk hy die blaar teen die kant van die watertenk vas. Hy laat los die blaar om grond toe te val. Christo gaan hang op die dwarsbalk van die swaai. Daar is kinders wat swaai. "Oppas, jy gaan seerkry!" waarsku sy juffrou. Christo staan stil. Sy gesigsuitdrukking verander en sy trane lê vlak. Hy stap na Wietske toe, wat die situasie waarnem: "Ek soek vir Mamma." Sonder om te verpoos stap hy verder tot agter sy juffrou. Sy, onbewus van sy teenwoordigheid, stap aan. Christo bly net daar staan. Hy vryf met sy vuiste oor sy oë.

Vinjet 4

Dit is 'n kleinerige vierkantige klaskamer. Tematyd is verby en die kinders staan op. Christo staan ook op. Hy druk sy handpalms teen sy ore. Hy staan 'n rukkie só, bewegingloos agter in die klas. Musiek begin speel. Juffrou Hanlie dui die bewegings aan. Christo volg vir 'n rukkie haar voorbeeld. Hy staan weer stil terwyl die ander kinders op een plek hardloop. Die liedjie herhaal. Hierdie keer hardloop hy saam, maar sy bewegings is ingeperk voor sy bors. Hy lag. 'n Dansliedjie begin speel. Die kinders dans spontaan saam. Christo staan stil. Juffrou Hanlie neem sy hande in hare. Sy swaai vrolik sy arms. Christo se trane lê vlak. Juffrou los sy hande om met die ander kinders te dans. Christo staan stil. Hy kyk rond. Juffrou Hanlie kom terug: "Nog een keer?" Hy skud net sy kop.

3.2.3 Tweedetaalonderrig (Engels)

Hierdie Afrikaans-moedertaalseun (Stefan) se ouderdom ten tye van die observasie was drie jaar en ses tot agt maande. Die kleuterskool se formele taal-van-onderrig is Engels. Minder as 'n kwart van die kinders in die klas se moedertaal is Afrikaans. Hy is die tweede kind in die gesin. Hy is een of meer nagte gehospitaliseer en die gesin het voorheen verhuis.

Vinjet 5

Dit is 'n sonnige dag. Die kinders speel op die speelgrond wat met 'n hekkie geskei word van die klaskamers. Aan die verste punt spring Taylor op 'n springmat. Stefan sluit by haar aan. Na 'n kort rukkie klim Taylor af en stap sandput toe. Stefan volg 'n paar tree agter haar. Hy merk die skoolhoof op wat aan die ander kant van die hekkie staan. Hy roep: "Juffrou!"

Sy hou haar duim vir hom op. Hy stap 'n wye sirkel om die sandput, oor die uitgestrekte grasperk tot anderkant die springmatte.

Vinjet 6

Dit is tematyd in die helder klaskamer. Die kinders sit naby die deur. Stefan sit by Juffrou Heleen se voete. Sy rig vrae aan die kinders. Stefan antwoord eerste. Soms beweeg hy sy arms en hande. Hy luister aandagtig wat Juffrou Heleen sê. Daar stap kinders voor die klas verby. Hy leun vooroor en kyk vir hulle. Hy raak weer bewus van Juffrou Heleen se stem. Telkens wissel sy fokus tussen Juffrou Heleen en die temaprente teen die muur. Iemand loop weer verby die klas. Sy aandag dwaal daarheen. Hy leun vooroor om te kyk.

Terwyl elkeen van die driejariges uit 'n Afrikaans-moedertaalgesin kom, verskil hul taal-van-onderrig tussen moedertaal-, dubbelmedium- en tweedetaal. Die navorser was bewus daarvan dat veranderlikes die driejariges se ervarings binne die verskillende leeromgewings kon beïnvloed, maar ook 'n sterk bydrae maak tot die diepliggende verskille en kompleksiteite wat daar bestaan tussen die taal-van-onderrig en elke driejarige se sosiale en emosionele ervarings. Die ses vinjette wat hier voorgelê word en spruit uit die volledige leesstukke wat in die proefskrif deur Boon (2021) uiteengesit is, gun ons die geleentheid om elke deelnemer se ervaring van sy leeromgewing deur die oë van die navorser te sien. Dit bring elkeen van die driejariges se interaksie met die portuurgroep en opvoeder, hul unieke hantering en uitdrukking van emosies en hul ervarings binne die verskillende leeromgewings na vore. Bewustheid van die kompleksiteit van taal-van-onderrig en sosiale en emosionele ontwikkeling in die vroeë kinderjare kom hier na vore.

Deelnemer een toon opgewondenheid in die gestructureerde spelaktiwiteit wat vir hulle uitgepak is: "*Riaan pyl op 'n tafel af. Hy gee groot tree en glimlag breed ... Hy vat sonder huiivering van die blokkies ...*" Hy neem spontaan deel aan fantasiespel: "*Hy tel sy karretjie op en maak groot armbewegings soos hy daarmee deur die lug ry.*" Alhoewel hy hom verdiep in sy fantasiespel, stel hy steeds belang in sy maats se deelname aan die aktiwiteit: "*Dan verwonder hy homself eers vir 'n wyle aan sy maats se skeppings.*" In vinjet 2 kom deelnemer een weereens vrolik voor en sy spontaniteit en inisiatief is sigbaar ten spyte van die uitdaging wat hyervaar met die harde klei: "*Riaan glimlag breed ... Hy wys na 'n ander vorm: 'Ek wil hierdie een maak.' Hy glimlag tevreden. Hy druk die klei met al sy krag. Hy kyk daarna met 'n breë glimlag op sy gesig.*"

Deelnemer twee kom emosioneel voor: "*Sy gesigsuitdrukking verander en sy tranē lê vlak ... 'Ek soek vir Mamma' ... Hy vryf met sy vuiste oor sy oë.*" Sy bewegings is beperk en hy kom afhanklik van volwassenes voor: "*Christo staan stil ... Sonder om te verpoos stap hy verder tot agter sy juffrou ... Christo bly op een plek staan.*" In vinjet 4 is deelnemer twee se bewegings weer beperk en hy sonder homself sosiaal af: "*Hy*

druk sy handpalms teen sy ore. Hy staan 'n rukkie só, bewegingloos ... maar sy bewegings is ingeperk voor sy bors ... Christo staan stil."

Deelnemer drie toon belangstelling in die portuurgroep: "Stefan volg 'n paar tree agter haar ... Iemand loop weer verby die klas. Sy aandag dwaal daarheen. Hy leun vooroor om te kyk." Hy blyk egter sterker verbintenis met volwassenes te vorm: "Hy merk die skoolhoof op wat aan die ander kant van die hekkie staan. Hy roep: 'Juffrou!...' Hy stap 'n wye sirkel om die sandput, oor die uitgestrekte grasperk tot anderkant die springmatte" en "Stefan sit by Juffrou Heleen se voete ... Stefan antwoord eerste."

Vanuit hierdie vinjette kom daar wel 'n verskil voor tussen die drie deelnemers se sosiale en emosionele ervarings binne hulle verskillende leeromgewings waar daar onderskeidelik moedertaal-, dubbelmedium- en tweedetaalonderrig aangebied word. Ons sien dit veral in die wyse waarop die driejariges aktiwiteite aangepak, initiatief getoon en die sosiale verbintenis wat hul met die volwassenes en portuurgroep gevorm het.

Die bydrae wat die vinjetnavorsing tot die studie gevoeg het, is ervarings wat nie deur middel van vraelyste vasgevang sou kon word nie. Dit bring die diepliggende emosies en liggamsbewegings na vore sodat die leser beter begrip van die fenomeen kan verkry.

4. Bespreking

Hierdie studie het deur middel van die gebruik van vraelyste data vergelyk, en die vinjetnavorsing het 'n sterk verkennende komponent aan die studie verleen. Alhoewel breë veralgemenings rakende die taal-van-onderrig nie moontlik is nie, voorsien die studie diepgaande insigte en lig dit die moontlikheid van diepliggende verskille van taal-van-onderrig en die sosiale en emosionele ontwikkeling uit wat, wanneer die fenomeen slegs deur middel van vraelyste ondersoek sou word, verlore sou gaan.

Die kwantitatiewe bevindings toon uiters beperkte verskille tussen die onderskeie groepe deelnemers aan. Statisties gesproke kom daar dus nie groot verskille tussen driejariges se sosiale en emosionele ervarings voor in terme van taal-van-onderrig nie. Die kwalitatiewe data het 'n groter bydrae gelewer tot die verkenning en vergelyking van hierdie fenomeen. Deur middel van kwalitatiewe vraelysdata kon die fenomeen op 'n dieper vlak vergelyk word. Die vinjetnavorsing wat die driejariges se ervarings vasgevang het, het die fenomeen op selfs nog 'n dieper vlak verken. Terwyl die vraelyste beperkte, meer spesifieke data, gegrond op vooraf bepaalde vrae na vore gebring het, kon aspekte soos inisiatief, deelname, verhoudings en beliggaamde ervarings deur middel van vinjetnavorsing vasgevang word.

Op die oppervlak is uiters beperkte verskille aangedui terwyl die driejariges se sosiale en emosionele ervarings op 'n baie dieper vlak wel verskil het wanneer taal-van-onderrig ingeneem word. Hierdie bevinding kan moontlik verklarend wees tot die debatte wat ons in die media teëkom rakende moedertaal-, dubbelmedium- en tweedetaalonderrig. Daar is mense wat van opinie is dat tweedetaalonderrig byvoorbeeld vir kinders 'n voorsprong gee in taal en wiskunde (*Educator*, 2018; Gordon en Harvey, 2019). Ander steun die integrering van moedertaal- en tweedetaalonderrig om 'n meer inklusiewe meertalige leeromgewing te skep (Dixon, 2018). Dan is daar 'n sterk neiging om moedertaalonderrig in die vroeë kinderjare te steun voordat 'n tweedetal voorgestel word, wat die grondslag lê vir latere leerprosesse en 'sin van behoort' bevorder (Savage, 2019, Menon, 2012). Hierdie debatte strek ook tot op akademiese vlak waar die voordele van moedertaal-, dubbelmedium- en tweedetaalonderrig wêrelwyd nagevors word.

Jong kinders se sosiale en emosionele ervarings en taal-van-onderrig is dus meer kompleks as 'n vergelyking tussen die ontwikkelingsvaardighede wat op 'n spesifieke ouderdom bereik moet word. Die bevindings van hierdie studie bring die diepliggende aard en kompleksiteit van taal-van-onderrig na vore wat veral opgemerk is ten opsigte van veranderlikes wat 'n rol speel en die teenstrydige inligting wat uit die kwalitatiewe vraelyste na vore gekom het. Hierdie studie beklemtoon die belangrikheid van indiepte, kwalitatiewe studies wanneer navorsing oor jong kinders en taal-van-onderrig uitgevoer word. Verdere navorsing, wat selfs meer duidelikheid kan verskaf oor die diepliggende verskille en kompleksiteite van taal-van-onderrig, kan spruit uit die bevindings van hierdie studie.

5. Gevolgtrekking

Die kwantitatiewe bevindings van hierdie studie dui daarop dat beperkte of selfs geen 'verskille' op die oppervlak sigbaar was ten opsigte van die sosiale en emosionele ontwikkeling van driejariges wat onderskeidelik moedertaal-, dubbelmedium- of tweedetaalonderrig ontvang het nie. Op 'n kwalitatiewe vlak was daar egter diepliggende en komplekse verskille in driejariges se sosiale en emosionele ervarings van hul leeromgewings wat moedertaal en nie-moedertaalonderrig ontvang het, 'n veld waarin navorsing nog beperk is. Die diepgaande verskille wat dikwels in moedertaal-, dubbelmedium- of tweedetaalonderrigdebatte binne die globale onderwysnetwerke voorkom, kan moontlik verklaar word deur die tweevoudige bevindings van hierdie studie. Hierdie studie bring meer duidelikheid ten opsigte van die verwarring wat

voorkom rakende taal-van-onderrig en die sosiale en emosionele ontwikkeling van jong kinders, maar bied ook die geleentheid vir verdere indiepte navorsing na die verskille wat daar op 'n dieper vlak voorkom binne taal-van-onderrig.

Universiteit van Pretoria

Bronnelys

- Agostini, Evi.** 2015. The Many Facets of “Creating”. A Phenomenological Investigation of “Creating” in the Learning Process. *Procedia - Social and Behavioral Sciences*, 191: 2494-2499.
- Awopetu, Anna V.** 2016. Impact of mother tongue on children’s learning abilities in early childhood classroom. *Procedia-Social and Behavioral Sciences*, 233: 58-63.
- Bailey, B. (ed.).** 2009. *Multilingual forms of talk and identity work*. Berlyn: Mouton de Gruyter.
- Baker, C.** 2009. Becoming bilingual through bilingual education. In: Wei, L. en Auer, P. (eds.). *Handbook of multilingualism and multilingual communication*. New York: Mouton de Gruyter.
- Ball, Jessica.** 2011. Enhancing learning of children from diverse language backgrounds: Mother tongue-based bilingual or multilingual education in the early years. Analytical review commissioned by die UNESCO education sector. United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization.
- Boon, Wietske.** 2021. Moedertaal-, dubbelmedium- en tweedetaalonderrig: 'n Verkennend-vergelykende studie van driejariges se sosiale en emosionele ontwikkeling. Ongepubliseerde doktorale tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Buchan, Toni.** 2013. *The social child: Laying the foundations of relationships and language*. Londen: Routledge.
- Burchinal, M., Field, S., López, M. L., Howes, C. en Pianta, R.** 2012. Instruction in Spanish in pre-kindergarten classrooms and child outcomes for English language learners. *Early Childhood Research Quarterly*, 27: 188-197.
- Cleghorn, A. en Prochner, L.** 2010. *Shades of globalization in three early childhood settings: Views from India, South Africa, and Canada*. BRILL.
- Cohen, L., Manion, L. en Morrison, K.R.B.** 2011. *Research methods in education*. New York: Routledge.
- Cook, V.** 2014. How do different languages connect in our minds? In: Cook, V. en Singleton, D. M. (eds.). *Key topics in second language acquisition*. Briston: Multilingual Matters.

- Da Costa, D.F., Dyers, C. en Mheta, G.** 2013. Managing linguistic diversity through standardisation. In: Bock, Z. en Mheta, G. (eds.). *Language, society and communication: An introduction*. Pretoria: Van Schaik.
- De Mejía, Annemarie.** 2016. South America: Early childhood bilingual education in South America. *English for Speakers of Other Languages*, 43–56.
- Dickinson, David K.** 2011. Teachers' language practices and academic outcomes of preschool children. *Science*, 333: 964–967.
- Dixon, Kerryn.** 2018. Seven reasons for teachers to welcome home languages in education. <https://www.britishcouncil.org/voices-magazine/reasons-for-teachers-to-prioritise-home-languages-in-education>. [Datum van gebruik: 4 Julie 2021].
- Educator, The.** 2018. The impact of language on learning. <https://www.theeducatoronline.com/k12/news/the-impact-of-language-on-learning/253500>. [Datum van gebruik: 4 Julie 2021].
- Erikson, Erik H.** 1985. *The life cycle completed: A review*. New York: Norton.
- Feng, S., Foo, S. F., Kretschmer, R., Prendeville, J. en Elgas, P. M.** 2004. Language and peer culture: Mandarin-speaking preschoolers in an English dominant setting. *Language and Education*, 18: 17–34.
- Gordon, Steven en Harvey, Jacqueline.** 2019. South Africans prefer their children to be taught in English. <https://theconversation.com/south-africans-prefer-their-children-to-be-taught-in-english-111111>. [Datum van gebruik: 4 Julie 2021].
- Gorter, Durk, Cenoz, Jasone en Zenotz, Victoria.** 2013. *Minority languages and multilingual education: Bridging the local and the global*. Dordrecht, The Netherlands: Springer.
- Guilherme, Manuela.** 2007. English as a Global Language and Education for Cosmopolitan Citizenship. *Language and Intercultural Communication*, 7: 72–90.
- Harris, L.R. en Brown, G.T.L.** 2010. Mixing interview and questionnaire methods: Practical problems in aligning data. *Practical Assessment, Research & Evaluation*, 15:1-19.
- Heugh, Kathleen.** 2006. Cost implications of the provision of mother tongue and strong bilingual models of education in Africa. In: Alidou, H., Boly, A., Brock, Utne, B., Diallo, Y. S., Heugh, K. en Wolff, H.E. (eds.). *Optimizing learning and education in Africa - The language factor*. Parys: ADEA.
- Husserl, Edmund.** 1980. *Ideas pertaining to a pure phenomenology and to a phenomenological philosophy*. Boston, Kluwer Boston.
- Mackenzie, P.J.** 2009. Mother tongue first multilingual education among the tribal communities in India. *International Journal of Bilingual Education and Bilingualism*, 12: 369–385.

- Menon, Malini.** 2021. Learning in mother tongue will help kids grasp better, stay rooted. <https://timesofindia.indiatimes.com/home/education/news/learning-in-mother-tongue-will-help-kids-grasp-better-stay-rooted/articleshow/80112591.cms>. [Datum van gebruik: 4 Julie 2021].
- Meyer-Drawe, K.** 2017. Phenomenology as a philosophy of experience: Implications of pedagogy. In: Schratz, M. en Schwarz, J. F. (eds.). *Phenomenological pedagogy and vignette research*. University of Innsbruck.
- Oostendorp, M.** 2013. First language acquisition. In: Bock, Z. en Mheta, G. (eds.). *Language, society and communication: An introduction*. Pretoria: Van Schaik.
- Ouane, A. en Glanz, C.** 2010. *Why and how Africa should invest in African languages and multilingual education: An evidence- and practice-based advocacy brief*. Hamburg, Germany. UNESCO Institute for Lifelong Learning.
- Savage, Carolyn.** 2019. The importance of mother tongue in education. <https://ie-today.co.uk/people-policy-politics/the-importance-of-mother-tongue-in-education/>. [Datum van gebruik: 4 Julie 2021].
- Schratz, M., Schwarz, J.F. en Westfall-Greiter, T.** 2013. Looking at two sides of the same coin: phenomenologically oriented vignette research and its implications for teaching and learning. *Studia paedagogica*, 18: 57-73.
- Schratz, M. en Westfall-Greiter, T.** 2015. Learning as experience: A continental European perspective on the nature of learning. In: Schratz, M. en Schwarz, J. F. (eds.). *Phenomenological pedagogy and vignette research*. University of Innsbruck.
- Schratz, M., Westfall-Greiter, T. en Schwarz, J.F.** 2014. Beyond the reach of teaching and measurement: Methodology and initial findings of the Innsbruck Vignette Research. *Pensamiento Educativo. Revista de Investigación Educacional Latinoamericana*, 51:123-134.
- Schwarz, J.F. en Schratz, M.** 2014. Hospitieren–Beobachten–Miterfahren. Die Forschungshaltung in der Innsbrucker Vignettenforschung. *Journal für LehrerInnenbildung*, 14.
- Stoop, Chrizell.** 2017. Children's rights to mother-tongue education in a multilingual world: A comparative analysis between South Africa and Germany. *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad*, 20.
- Trawick-Smith, Jeffrey.** 2014. *Early childhood development: A multicultural perspective*. Eastern Connecticut State University: Pearson.
- Unesco.** 2016. If you don't understand, how can you learn? *Global Education Monitoring Report*.
- Vagle, Mark D.** 2018. *Crafting phenomenological research*. New York: Routledge.
- Van Wyk, Jacolynn en Mostert, Maria Louise.** 2016. The influence of mother tongue and gender on the acquisition of English (L2). The case of Afrikaans in Windhoek schools, Namibia. *Cogent Education*, 3(1): 1-12.

- Westfall-Greiter, T. en Schwarz, J.F.** 2013. Planning for the unplannable: Responding to (un) articulated calls in the classroom. *Phenomenology & Practice*, 6: 121-135.
- White, Michelle Jennifer.** 2018. The development of cognitive processes and English language abilities: The case of early English language learners in a multilingual South African setting. Unpublished PhD-thesis. Stellenbosch: Stellenbosch University.
- Wolff, H. E.** 1999. Multilingualism, modernization, and mother tongue: Promoting democracy through indigenous African languages. *Social Dynamics*, 25: 31-50.
- Yontef, Gary.** 1993. *Awareness, dialogue & process: Essays on Gestalt Therapy*. Highland, NY: The Gestalt Journal Press.

Note

1. Hierdie artikel is gebaseer op 'n PhD-studie (Boon, 2021) binne die departement van Vroeë Kinderonderwys aan die Universiteit van Pretoria. Die studie is uitgevoer met gedeeltelike finansiële steun van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

'n Vergelykende studie rakende taal as 'n kontekstuele faktor van die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

Jomé Beukes en Louw de Beer

A comparative study regarding language as a contextualised factor in the education systems of the BRICS countries

The education system is a critical component in society, which is responsible for providing for the educational needs of the learners. It consists of several components, and its nature is mainly determined by internal and external contextual factors. The challenge of language as an external contextual factor arises when the medium of instruction of educational institutions is determined. This study examines the nature of language as an external contextual factor of the education systems of the BRICS member countries. Similarities and differences regarding language as an external contextual factor in the education systems of the BRICS member countries are compared in order to finally determine the best possible practices.

1. Inleiding

Die onderwysstelsel is 'n onontbeerlike komponent in die samelewing wat daarvoor verantwoordelik is om aan die onderwysbehoeftes van die teikengroep te voorsien deur effektiewe onderwys aan die leerders te verskaf (Steyn, Wolhuter, Vos en De Beer, 2017). Verskeie komponente vorm deel van 'n onderwysstelsel en elk beskik oor 'n spesifieke verantwoordelikheid om aan spesifieke onderwysbehoeftes van die leerders te voorsien. Onderwysstelsels het 'n aantal interne sowel as eksterne kontekstuele faktore wat 'n invloed het op die aard en funksionering van daardie betrokke onderwysstelsel. Die komponente sluit onder andere die onderwysstelselbeleid en -administrasie, onderwyskundige struktuur en onderwysondersteuningsdienste in (Steyn et al., 2017). Die onderwysstelsel beskik oor verskeie universele karaktereinskappe wat direk afhanglik is van kontekstuele faktore wat in die onmiddellike omgewing ontstaan. Kontekstuele faktore kan verder beskryf word as interne en eksterne faktore wat 'n invloed kan hê op die onderwysstelsel en sodoende die aard en funksionering daarvan kan beïnvloed (Izci, 2016; Steyn, 2014).

Taal kan as 'n eksterne kontekstuele faktor van die onderwysstelsel gesien word. Taal is meer as net 'n kode wat gebruik word om inligting oor te dra en met ander mense te kommunikeer. Dit is 'n platform wat gebruik kan word om idees te kommunikeer, kreatiwiteit uit te druk sowel as om onderrig in te ontvang. Dit kan as 'n instrument beskou word wat gebruik word om kennis binne, regoor en

buite plaaslike en nasionale gemeenskappe op 'n globale skaal te skep, te lewer en te verwerk (Atabekova, Gorbatenko en Shoustikova, 2016).

Noemenswaardige taalkundige en sielkundige navorsers onder andere Skinner (1957), Vygotsky (1962) en Chomsky (1968) het insiggewende bevindinge rakende taal bespreek. Skinner (1957) se teorie rakende verbale gedrag verduidelik dat taal en gesprek die mag het om die direkte omliggende omgewing te kan beïnvloed en terselfdertyd ook deur die omgewing beïnvloed te kan word. Dit kan plaasvind deur middel van 'n verbale bevel. Vygotsky (1962) plaas verder klem op die noodsaaklikheid van taal deur te verklaar dat taal 'n essensiële onontbeerlike komponent van kognitiewe ontwikkeling is. Chomsky (1968) is van mening dat taal uit talle funksies en modules bestaan, waarvan nie een bevoorregte status moet kry nie. Lawrence, Le Cordeur, Van der Merwe, Van der Vyfer en Van Oort (2014) asook Hardini en Sitohang (2019) is van mening dat taal op drie noemenswaardige wyses 'n invloed op 'n individu se lewe kan hê: Eerstens is dit 'n manier om met mekaar te kommunikeer asook 'n manier om inligting oor te dra. Tweedens word 'n sosiale funksie deur middel van taal verrig omdat dit beskou kan word as 'n instrument wat twee persone met mekaar kan verbind (Hardini en Sitohang, 2019; Lawrence et al., 2014). Derdens speel taal 'n rol in groepe se kultuur, moontlik weens die geografiese ligging van 'n groep en die feit dat 'n spesifieke dialek wat daar kan ontstaan van dié van ander kultuurgroepie in ander dele van die wêreld of land verskil (Lawrence et al., 2014).

Anderson (2010) en Barlow en Campbell (2018) beweer dat dit uitdagend is om akkuraat te bepaal hoeveel tale daar in die wêreld voorkom. Die rede hiervoor is dat dit moeilik is om 'n vaste getal te bepaal wanneer daar tale in dele van die wêreld voorkom wat nog nie doeltreffend genoeg ondersoek is nie. Dit is ook belangrik om in ag te neem dat nie alle tale verbaal oorgedra word nie. Gebaretaal kan hier as 'n voorbeeld gebruik word omdat dit dieselfde kenmerke as 'n gesproke taal vertoon (Hardini en Sitohang, 2019; Lawrence et al., 2014: 3), byvoorbeeld: 'n spreker kan hom- of haarself daardeur uitdruk; dit is aanpasbaar; dit is 'n sistematiese stelsel wat oor woordeskat en grammatika beskik wat dinamies ontwikkel; dit word op dieselfde wyse as 'n gesproke taal aangeleer; en die dialekte daarvan kan deur geografiese ligging beïnvloed word.

Die aard van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) is die primêre fokus van hierdie studie. Die volgende gedeelte gaan 'n kort oorsig verskaf rakende die taaldiversiteit wat in elk van die BRICS-lidlande voorkom.

Brasilië is uiters divers wat kultuur en taal betref (Eberhard, Simons en Fennig, 2020). Daar is 237 individuele tale vir Brasilië gelys, waarvan 217 nog gebruik

word en twintig reeds uitgesterf het. Uit die 217 tale wat nog gepraat word, is 201 inheemse tale en die oorblywende sestien is uitheems (Eberhard et al., 2020).

Artikel 13 van die *Grondwet van die Federale Republiek van Brasilië* (2010) erken Portugees as die amptelike taal van die Federale Republiek van Brasilië. Wat skoolopleiding betref, is 'n basiese kurrikulum geskep wat basiese algemene onderwys en respek vir nasionale en streeks- kulturele waardes verseker (artikel 210 van die *Grondwet van die Federale Republiek van Brasilië*, 2010). Portugees is die taal wat vir onderrig en leer gebruik word om basiese onderwys aan die landsburgers te voorsien. Alhoewel, die Indiaanse gemeenskap kan opvoeding in 'n Indiaanse moedertaal ontvang en hulle mag van hul eie onderrig- en leermetodes gebruik maak. Burgers met gebreke word geakkommodeer deur die erkenning en bevordering van gebaretaal en braille, sowel as deur die fasilitering van die aanleer van gebaretaal (artikel 24 van die *Grondwet van die Federale Republiek van Brasilië*, 2010).

Die kwessie van taal in Rusland is gewortel in die kulturele en historiese tradisies van die land (Husni, Akhmedov, Herlina en Kormiltsev, 2020; Khaleeva, 2008). Die Russiese Federasie is die tuiste van 117 individuele tale, waarvan 115 nog gepraat word en twee reeds uitgesterf het. Uit die 117 word vyftien tale as uitheems beskou terwyl die oorblywende 100 as inheems geklassifiseer word (Eberhard et al., 2020). Alhoewel Russies as die amptelike staatstaal in die Russiese Federasie erken word, verklaar artikel 68 van die *Grondwet van die Russiese Federasie* (2008) dat republieke die reg het om hul eie staatstaal te vestig, wat in owerheidinstellings, plaaslike selfregeringsliggame en staatsinstellings saam met Russies gebruik kan word. Die burgers van die land word ook verseker dat hulle die reg het om hul moedertaal te behou, te bestudeer en verder te ontwikkel.

Alle burgers van die Russiese Federasie het die reg om in hul moedertaal te kommunikeer en om in hul moedertaal onderwys en opvoeding te ontvang (artikel 26 van die *Grondwet van die Russiese Federasie*, 2008). Dit is die ouers van die land se verantwoordelikheid om daarvoor te sorg dat hul kinders die vereiste basiese onderwys ontvang (artikel 43(4) van die *Grondwet van die Russiese Federasie*, 2008). Die Russiese Federasie voorsien basiese toegang tot gratis primêre en sekondêre onderwys, wat dus die reg op onderwys vir alle landsburgers verseker.

Taal dra by tot die identiteit van 'n bevolking en dit het groot tersaaklikheid en betekenis in 'n veertalige en etnies diverse land soos Indië. Die sensus van Indië wat in 2011 opgeneem is, dien as een van die bronne wat die rykste is aan taalgeoriënteerde data. Met die 2011-sensus en die data van Eberhard et al. (2020) is daar gevind dat Indië oor 'n groottotaal van 460 individuele tale beskik, waarvan net 121 deur 'n aansienlike bevolking gepraat word. Slegs die volgende 22 tale word as amptelike tale in die *Grondwet van Indië* (1949) erken:

Assamese, Bengali, Bodo, Dogri, Gujarati, Hindi, Kannada, Kasjmiri, Konkani, Maithili, Malajalam, Manipuri (Meitei), Marathi, Nepali, Odia, Santali, Punjabi, Sanskrit, Sindhi, Tamil, Telugu en Oerdoe. Alhoewel 22 tale amptelike status het, word slegs Engels en Hindi (Devanagari-skrif) op nasionalevlak gebruik (artikel 343(1)(2) van die *Grondwet van Indië*, 1949).

Naas Indië beskik China oor die tweede grootste aantal individuele gesproke tale van die vyf deelnemende BRICS-lidlande. 'n Totaal van 302 individuele gesproke tale word in China erken, waarvan is 26 uitheems is. Die oorblywende 237 word as inheems geklassifiseer (Eberhard et al., 2020). Mandaryns, ook bekend as Putonghua, word as die hooftaal van die land gebruik. In China word alle nasionaliteit as gelyk geag. Die *Grondwet van die Volksrepubliek van China* (1982) verklaar dat almal die vryheid mag geniet om hul moedertaal te gebruik en te ontwikkel. Die selfregeringsliggame van die nasionale outonome gebied kan egter die algemene gesproke en geskrewe taal in die omgewing gebruik om sekere funksies te verrig. Dit is 'n vereiste dat alle leerders van China primêre onderwys en opleiding ontvang, en Mandaryns word landwyd as die onderrigmedium bevorder.

Daar word elf amptelike tale in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (1996) erken en daarom kan daar met reg gesê word dat Suid-Afrika 'n diverse en taalryke land is. In artikel 6(1)(4) van die *Grondwet van Suid-Afrika* (1996) word die volgende as amptelike tale van die republiek erken: Afrikaans, Engels, IsiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, Siswati, Tshivenda en Xitsonga. Elkeen van die tale behoort gelyke status in Suid-Afrika te geniet. Die meeste Suid-Afrikaners beskik oor die vermoë om in meer as een taal te kommunikeer, maar dit is duidelik dat daar beoog word om eentaligheid in die openbare sektor te verkry deur Engels (Steyn et al., 2017: 70).

2. Probleemstelling en navorsingsdoelwitte

Hierdie artikel spruit uit 'n nagraadse studie wat handel oor taal as 'n eksterne kontekstuele faktor¹. Alle onderwysstelsels het eksterne en interne kontekstuele faktore wat die aard en funksionering van die spesifieke stelsel beïnvloed (Steyn et al., 2017: 24). Taal as onderrigmedium word as 'n sensitiewe saak beskou, veral as die onderwysstelsel oor leerders beskik wat veeltalig is (Zhang, 2018). Internasionalisering en globalisering plaas verder druk op onderwysstelsels om van Engels gebruik te maak as taal van onderrig en leer (Galloway, Numajiri en Rees, 2020; Masso en Soll, 2014). 'n Tendens wat veeltalige onderwys versnel, is verengeling. Dit is 'n verskynsel wat toenemend begin kop uitsteek in onderwysstelsels wêreldwyd omdat Engels as 'n wêreldtaal beskou kan word

(Atabekova et al., 2016; Martinez, 2016). Taal kan in dié geval as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lande beskou word, omdat taal nog altyd 'n belangrike rol in die ontwikkeling van internasionale opvoedkunde gespeel het (Galloway et al., 2020; Rumbly, 2013).

Met die bogenoemde kortagtergrondbespreking rakende die taalverskeidenheid wat in elkeen van die BRICS-lidlande heers, is die stelling wat met hierdie navorsing gemaak word dat die heersende taaldiversiteit nie in die onderwysstelsels van hierdie lande weerspieël word nie. Die rede hiervoor is dat dit onprakties sou wees om, byvoorbeeld, meer as honderd tale in 'n onderwysstelsel te gebruik. Die uitdaging van taal as eksterne kontekstuele faktor kom dus ter sprake wanneer die onderrigmedium van 'n skool of tersiêre onderriginstelling in 'n veeltalige omgewing bepaal moet word (Gimenez, Ferreira, Alves Basso en Carvalho Cruvinel, 2016).

Die probleem wat geïdentifiseer is, is dat taal spanning en konflik in onderwysinrigtings kan skep, wat dan verdere probleme en uitdagings vir onderwysstelsels asook vir die leerders in die skool en die omliggende samelewing meebring (Maromo, 2018).

Taal kan as 'n sensitiewe, dinamiese, komplekse en kontekstuele faktor gesien word omdat dit 'n invloed het op verskeie aspekte van die onderwysstelsel (Hellmich, 2018; Shohamy, 2007). Die onderwysstelsels van Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika is in hierdie studie bestudeer en met mekaar vergelyk om die aard van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in hierdie onderwysstelsels te bepaal.

Uitdagings met betrekking tot die onderrigmedium van die bepaalde land se onderwysstelsel word deur elkeen van die deelnemende lande ervaar. Die uitdagings rakende taal en onderrigmedium in die betrokke lande se onderwysstelsels word nie almal op dieselfde wyse hanteer nie.

In hierdie studie word die aard van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande bestudeer. Meer spesifiek word die ooreenkomsste sowel as die verskille met betrekking tot taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande uitgelig. Die ooreenkomsste en verskille wat geïdentifiseer is, word verder ontleed om 'n bespreking te bied rakende die beste praktyk ten opsigte van die wyse waarop taal as 'n eksterne kontekstuele hanteer word.

Die volgende primêre navorsingsvraag ontstaan vanuit die bogenoemde bespreking: Wat is die aard van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande? Dié navorsingsvraag word deur die volgende sekondêre navorsingsdoelwitte ondersteun:

- Sekondêre doelwit 1 is om die ooreenkomste ten opsigte van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande te identifiseer.
- Sekondêre doelwit 2 is om die verskille ten opsigte van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande te identifiseer.
- Sekondêre doelwit 3 is om die beste praktyke vanuit die navorsing te identifiseer.

3. Navorsingsmetodologie

Die navorsingsvrae en doelwitte van hierdie artikel handel oor 'n komplekse tema, naamlik die aard van taal in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande. Daar is 'n kwalitatiewe benadering gevvolg deur gebruik gemaak van dokumentontleding om die navorsingsvrae te beantwoord en ten einde meer oor die tema in die onderwysstelsel van elk van die deelnemende lande te leer. Die navorsingsontwerp is dus vanuit die interpretivistiese paradigma benader. Interpretivistiese navorsers beoog om die persepsies, lewens en gedrag van ander subjektief te verstaan (Norwich, 2019; Rubin en Babbie, 2009). Die uitkoms van hierdie studie sorg vir 'n verslag wat die menings van die beleidmakers van deelnemende lande bevat, asook die navorsers se besinning en 'n algehele beskrywing en interpretasie van die probleem.

Die studie is vanuit 'n kwalitatiewe benadering gedoen; dus is die mees gepaste metode dié van 'n vergelykende en verkennende studie. Alhoewel daar baie navorsing bestaan oor die invloed van taal en onderrigmedium op onderwysstelsels, is daar 'n gebrek aan vergelykende navorsing oor taal in 'n onderwysstelsel en die invloed wat dit het op die aard en funksionering van die betrokke onderwysstelsel (DeMatthews en Izquierdo, 2018; Gimenez et al., 2016; Zamyatin, 2018).

Om die navorsingsvrae doeltreffend te beantwoord, is die ooreenkomste en verskille met betrekking tot die aard van taal in die onderwysstelsels van elk van die betrokke lande ondersoek en met mekaar vergelyk.

4. Dataontleding en -interpretasie

Ter realisering van die verklarende vergelykende metode volg hier 'n literatuurstudie en dokumentontleding van die basiese tegnieke wat aangewend word om tersaaklike data te versamel.

Die volgende stappe van die vergelykende metode is tydens die studie gevvolg

en toegepas om die verlangde data te genereer en te ontleed. Eerstens is die kernaspekte wat vergelyk is, vanuit die betrokke BRICS-lidlande geïdentifiseer en dit is tweedens ontleed. Derdens is die aspekte wat vergelyk is in so 'n formaat gestel dat die ooreenkomste en verskille in die onderwysstelsels duidelik geblyk en met mekaar verbind kon word. Die ooreenkomste en verskille wat tussen die betrokke BRICS-lidlande geïdentifiseer is, is vierdens opgeteken. Ten slotte is die ooreenkomste en verskille vanuit die konteks van bestaande teorie verklaar, waarop die invloed van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in elk van die onderskeie BRICS-lidlande uitgewys is.

Met behulp van inhoudsontleiding, is die data ontleed om die primêre navorsingsvraag te beantwoord. Dokumentontleding is in die studie gebruik om die verlangde data te genereer. Amptelike en tersaaklike dokumentasie van die onderskeie BRICS-lidlande is vir die studie ingesamel omdat dit die noukeurigste weergawe bied van wat in die onderwysstelsels van die lidlande uitgevoer word ten opsigte van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor. Tersaaklike amptelike dokumentasie van elk van die BRICS-lidlande is deur middel van inhoudsontleiding ontleed, geëvalueer, geïnterpreteer en vergelyk om te bepaal wat die aard van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande is. Die volgende dokumente is vir die studie gebruik: die *Grondwet van die Federale Republiek van Brasilië* (2010); die *Nasionale kurrikulêre riglyne vir vroeëleerderonderwys* (Federale Senaat van Brasilië, 2009); die *Nasionale Wet op Riglyne en Basis van Onderrig* (Presidensie van die Republiek van Brasilië, 1996); die *Nasionale onderrigplan van Brasilië* (Ministerie van Opvoeding en Kultuur van Brasilië, 2014); die *Grondwet van die Russiese Federasie* (1993); *Wetgewing op die Staatstaal van die Russiese Federasie* (2005); die *Grondwet van Indië* (1949); die *Nasionale Beleid op Opvoeding* (1992) van Indië; *Wetgewing van die Volksrepubliek van China op die Standaard Gesproke en Geskrewe Chinese Taal* (2000); *Die Basiese Wetgewing van die Hong Kong Spesiale Administratiewe Streek van die Volksrepubliek van China* (1990); *Opvoedingswetgewing van die Volksrepubliek van China* (1986); die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (1996); die *Nasionale taalbeleidraamwerk* (Departement van Kuns en Kultuur, 2003) van Suid-Afrika; *Taal-in-onderwysbeleid* (Departement van Basiese Onderwys, 1997); en *Norme en standarde vir taalbeleid in openbare skole* (Ministerie van Onderwys van Suid-Afrika, 1996). Afgesien hiervan is staatsverslae, programme en ander tersaaklike wetgewing vanuit die BRICS-lidlande bestudeer.

Daar is van inhoudsontleiding gebruik gemaak om die kwalitatiewe data te ontleed om eindelik die navorsingsvrae te beantwoord. Inhoudsontleiding kan gedefinieer word as 'n sistematiese ondersoek waardeur tersaaklike gedrukte en elektroniese amptelike dokumente deur die navorsers geïnterpreter, bestudeer

en geëvalueer word om sekere temas, patronen, verskille en ooreenkomste te identifiseer en met mekaar te vergelyk (Bowen, 2009; Engelbrecht, 2016; Hesse-Biber en Leavy, 2011; Leavy, 2017; Silva, 2012). Verskeie temas is deur middel van inhoudsontleding vanuit die literatuur sowel as amptelike dokumentasie geïdentifiseer en ontleed met die doel om die navorsingsvrae te beantwoord. Die data is volgens die geïdentifiseerde temas getabuleer. Dié metode dra daar toe by dat die inhoud meer doeltreffend geïnterpreteer, ontleed en vergelyk kan word om die navorsingsvrae omvattend te kan beantwoord. Die volgende temas is vanuit die literatuur en inhoudsontleding geïdentifiseer: amptelike tale van die BRICS-lidlande; status van tale in die BRICS-lidlande; medium van onderrig in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande; taalbeleide in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande; ontwikkeling van tale in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande; die rol van taalvaardigheid in die toegang tot onderrig in die BRICS-lidlande; moedertaalonderrig in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande; en die invloed van Engels in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande.

5. Bevindinge en beste praktyke

Die belangrikste bevinding wat in die studie gemaak is, is dat daar aansienlike ooreenkomste en verskille in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande is. Die ooreenkomste en verskille word verder bespreek om die beste praktyke ten opsigte van die geïdentifiseerde temas in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande bekend te maak. Die volgende vernaamste ooreenkomste en verskille is ten opsigte van die geïdentifiseerde temas in die studie onderskei.

5.1 Ooreenkomste ten opsigte van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

Daar is ses temas geïdentifiseer nadat die data ontleed is. Tema een handel oor die BRICS-lidlande se aansienlike taal en kulturele diversiteit. Dié stelling word bevestig deur die sensusopnames wat in elk van die BRICS-lidlande gedoen is. Brasilië beskik oor 217 tale wat tans in die land gepraat word, Rusland ongeveer 115 tale, Indië min of meer 121 tale, China 302 en Suid-Afrika meer as 120. Die beleidmakers van die BRICS-lidlande is deeglik bewus van hul talige diversiteit en maak dit in hul onderskeie grondwette duidelik dat die tale en kulture van die inheemse bevolking gerespekteer word. Alhoewel databasisse en die sensusopnames van die lande weerspieël dat daar meer as 100 tale in elk van die BRICS-lidlande gepraat word, word slegs sekere tale as amptelike tale erken. Die grondwet van elke land maak voorsiening vir ten minste een taal wat amptelike status geniet.

Ten opsigte van die tweede tema, naamlik die status van taal in die BRICS-lidlande, word taaloorheersing en diskriminasie op grond van taal verbied. Dit kan veral in die wetgewing van Rusland, Indië en Suid-Afrika waargeneem word. Dit wil sê dat 'n sekere taal nie as belangriker as ander tale beskou mag word nie en nie 'n hoër status as ander tale mag geniet nie. Die realiteit is egter dat dit wat in die grondwet en amptelike dokumentasie van die lande verklaar word, nie weerspieël wat in die praktyk ervaar word nie.

Wat die tema rakende die medium van onderrig in die BRICS-lidlande betref, word bevind dat dit die verantwoordelikheid van elke BRICS-lidland se grondwet is om die taal van onderrig en leer in skole te bepaal. In elk van die BRICS-lidlande is die gekose onderrigmedium een van die land se erkende amptelike tale. Die lande is bewus van hul taalkundige diversiteit en maak daarom vir alle inheemse bevolkingsgroepe en ander taalminderheidsgemeenskappe voorsiening in die wet deur te verklaar dat daar teen niemand gediskrimineer mag word op grond van taal nie. Om hierdie ideaal te realiseer word alle landsburgers verseker dat hulle steeds van hul eie tale en metodes van onderrig en leer gebruik mag maak. Weereens word daar bevind dat dit wat in die grondwet en amptelike dokumentasie van die lande verklaar word, nie weerspieël wat werklik in die praktyk plaasvind nie.

Ten opsigte van die temas met betrekking tot die ontwikkeling van tale en die taalbeleide in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande, maak die grondwet van elk van die lidlande dit duidelik dat die land beoog om veeltaligheid onder burgers en leerders te ontwikkel en te bevorder. Veeltaligheid word in die meeste gevalle bereik deur gesikte taalbeleide in die onderwysstelsels van die betrokke lande te implementeer. Veeltaligheid word veral bewerkstellig deur Engels en ander inheemse tale (soos Spaans) deel van die kurrikulum te maak. In sommige lande (Indië en Suid-Afrika) word Engels as 'n verpligte vak aangebied. 'n Uitdaging wat elk van die BRICS-lidlande in die gesig staar, is om die taalbeleid van 'n skool te bepaal.

Met betrekking tot die sesde geïdentifiseerde tema, naamlik die rol van taalvaardigheid in die toegang tot onderrig in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande, is daar bevind dat basiese onderrig in elk van die lande verpligtend is en niemand toegang tot onderrig geweier mag word weens taal nie. Al die lande fokus daarop om nie teen enige individu te diskrimineer op grond van taal of taalvaardighede nie. Basiese verpligte onderrig word gratis beskikbaar gestel vir die landsburgers van die BRICS-lidlande.

In die sewende tema, wat verband hou met moedertaalonderrig in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande, is daar bevind dat die grondwet van elk van die BRICS-lidlande die taalkundige diversiteit wat in die betrokke lande

bestaan, erken en respekteer. Al hierdie lande verseker die inheemse bevolking en taalminderheidsgroepe dat hulle die reg het om onderrig te ontvang in hul moedertaal. In elk van die lande het die verskillende lede van die bevolking die reg om hul moedertale te gebruik en te bevorder. Die lande is ook almal voorstanders daarvan om deur middel van die onderwysstelsel ander tale in die land te ontwikkel.

Ten opsigte van die laaste geïdentifiseerde tema, naamlik die invloed van Engels in die BRICS-lidlande, word Engels veral in China, Indië en Suid-Afrika as 'n belangrike vaardigheid beskou omdat dit aan werkgeleenthede gekoppel kan word. Engels is die taal wat primêr in die ekonomiese sektor gebruik word. Dit word as 'n vak aangebied en ook as onderrigmedium gebruik in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande.

In die sensusopnames van die lande kan gesien word dat Engels oor die minste hoeveelheid moedertaalsprekers beskik. Ten spyte daarvan is Engels een van die gesogste tale in die BRICS-lidlande, aangesien dit beskou word as 'n vaardigheid wat sosiale, persoonlike en ekonomiese ontwikkeling kan bevorder.

5.2 Verskille ten opsigte van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

Verskille wat in die studie bevind is ten opsigte van die eerste twee geïdentifiseerde temas, naamlik amptelike tale en die status van tale in die BRICS-lidlande, is onder andere dat die BRICS-lidlande nie dieselfde status aan hul amptelike tale toeken nie. In sommige lande, byvoorbeeld Brasilië, Rusland en China, word amptelike status net aan enkele tale verleen, maar in ander BRICS-lidlande, soos Indië en Suid-Afrika, geniet meer as tien tale amptelike status. Dit is egter belangrik om daarop te let dat dit nie altyd prakties implementeerbaar is om aan baie tale in 'n land amptelike status te gee nie, alhoewel dit inklusiwiteit kan bevorder. Alhoewel die lande almal deeglik bewus is van hul talige diversiteit, maak die BRICS-lidlande nie almal op dieselfde vlak voorsiening daarvoor nie. In party lande, byvoorbeeld Brasilië, word amptelike status slegs in bepaalde gebiede aan tale van taalminderheidsgroepe verleen. Dit kan dan in die ekonomiese sektor en in die onderwys van daardie bepaalde gebied gebruik word en kan daar toe bydra dat gemeenskappe van 'n gebied (wat deel van 'n taalminderheid vorm) nie uitgesluit word nie. Die voorwaarde is egter dat die bykomende erkende tale van die bepaalde gebied saam met die land se amptelike taal gebruik moet word. In ander lande, soos Rusland, Indië, China en Suid-Afrika, word slegs die tale wat in die grondwet amptelike status geniet, vir ekonomiese en onderwysdoeleindes in 'n bepaalde gebied gebruik.

Verskille ten opsigte van die derde tema, naamlik die medium van onderrig in die BRICS-lidlande, behels dat die medium van onderrig in elke land anders hanteer word. In Brasilië, Rusland en China is die onderrigmedium 'n amptelike taal van die betrokke land. In Indië en Suid-Afrika word Engels hoofsaaklik aanvaar as taal van onderrig en leer.

Met betrekking tot die vierde tema, naamlik taalbeleide in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande, is daar bevind dat daar 'n gebrek is aan 'n voldoende taalbeleid wat wetgewing en leiding kan verskaf rakende die taal wat in die onderwysstelsels gebruik kan word. Slegs Brasilië, Indië en Suid-Afrika beskik oor behoorlike taalbeleide wat raad en leiding aan skole kan verskaf wanneer die skoolbeleid en skooltaalbeleid opgestel moet word.

Met betrekking tot die vyfde tema, naamlik die ontwikkeling van tale in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande, word daar ervaar dat alhoewel die lidlande taalkundig en kultureel diverse lande is en daarna streef om veeltaligheid in die land te ontwikkel, nie al die lande oor voldoende en amptelike dokumentasie beskik om te help om hierdie doelwit te verwesenlik nie. Gebaretaal en Engels is onder andere tale wat slegs in sommige onderwysstelsels van die BRICS-lidlande (Brasilië en Suid-Afrika) met behulp van wetgewing en amptelike dokumentasie ontwikkel en bevorder word.

Verskille met betrekking tot die sesde tema, naamlik die rol van taalvaardigheid in die toegang tot onderrig in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande, is ook in die studie gevind. Alhoewel al die BRICS-lidlande gelyke geleenthede wil skep vir toegang tot onderrig en opleiding, word daar in die praktyk ervaar dat toegang tot onderrig in sommige van die lande beperk word weens leerders se taalvaardighede. China kan hier as voorbeeld gebruik word. Leerders kan nie universiteitstoelating in China kry indien hulle nie die Nasionale Kollege-toelatingseksamen geslaag het nie. Die eksamen toets onder andere die studente se taalvaardigheid in Chinees en vreemde tale (Engels inkluis). Engels bly die dominante taal in die ekonomie en is die taal wat vir globale kommunikasie gebruik word. In party BRICS-lidlande (China en Suid-Afrika) kan Engelsvaardigheid toegang tot hoër onderwys verleen of fasiliteer. Nie al die BRICS-lidlande erken egter die belangrikheid van Engels nie. Slegs sommige lande (China, Indië en Suid-Afrika) wend pogings aan om Engelsvaardigheid onder leerders te bevorder en hierdie pogings deur te trek tot in tersiêre onderrig en opleiding.

Verskille ten opsigte van die sewende tema, naamlik moedertaalonderrig in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande is gevind en dit behels dat alhoewel moedertaalonderrig in al die lidlande moontlik gemaak word, dit nie in elke land regdeur leerders se skoolloopbaan geïmplementeer word nie. In sommige van die BRICS-lidlande (Brasilië, Indië en China) word moedertaalonderrig net

vir die eerste gedeelte van die leerder se skoolloopbaan moontlik gemaak. Die leerders word dan stelselmatig blootgestel aan die onderrigmedium wat deur die grondwet en amptelike regsdokumente van die betrokke land bepaal word.

Met betrekking tot die laaste tema, wat verband hou met die invloed van Engels op die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande, is bevind dat alhoewel die belangrikheid van Engels in al die lidlande erken word, dit nog nie in al die lande ewe ernstig in die praktyk toegepas word nie. In die onderwysstelsels van sekere BRICS-lidlande (China, Indië en Suid-Afrika) word Engels as medium van onderrig gebruik, maar in ander lande (Brasilië en Rusland) word dit net as 'n addisionele vak aangebied. Die data wat vanuit die sensusstatistieke verkry is, weerspieël dat sommige lande oor 'n aansienlike gebrek aan Engelsvaardige sprekers beskik. Dit kan veral in Brasilië, China en Indië waargeneem word. Die literatuur staaf dat Engels as die oorheersende taal van die wêreld beskou kan word omdat dit erken en gebruik word as 'n globale taal (Masso en Soll, 2014; Steyn et al., 2017). Engels geniet hoër status as die ander amptelike tale omdat dit die taal is wat in werksektore gepraat word, in regerings gebruik word en in skole gebruik word. Engels kan as 'n wêreltaal erken word omdat dit globale status verkry het en in verskeie lande 'n beduidende rol onder die bevolking ingeneem het (Atabekova et al., 2016; Martinez, 2016).

5.3 Beste praktyke vanuit die geïdentifiseerde temas

5.3.1 Tema 1: Amptelike tale van die BRICS-lidlande

Die beste praktyk wat ten opsigte van dié tema in die studie geïdentifiseer is, is dié van Indië. Die grondwet van Indië erken 22 tale, waarvan slegs drie tale, Engels, Hindi en Sanskrit, vir amptelike doeleinades gebruik word. Dit sluit kommunikasie in staatsinstellings en onderwys in. In die navorsing is daar bevind dat hoe meer tale in 'n land amptelike status het, hoe minder prakties implementeerbaar is dit om dit in die land se betrokke onderwysstelsel te verwesenlik. Die implikasie wat dit vir die onderwysstelsel kan inhoud, is dat dit tot spanning en konflik onder die landsburgers kan lei.

5.3.2 Tema 2: Status van tale in die BRICS-lidlande

Indië beoefen klaarblyklik die beste praktyk ten opsigte van hierdie tema. Die grondwet van die land erken 22 tale, maar slegs drie van daardie tale geniet amptelike status. Soos wat onder die vorige tema bespreek is, word slegs Engels, Hindi en Sanskrit in die regering en vir onderwysdoeleindes gebruik. Dit sal

meer prakties implementeerbaar vir 'n onderwysstelsel wees om slegs drie tale vir amptelike onderrigdoeleindes te gebruik, eerder as om, byvoorbeeld, 22 tale te probeer implementeer.

5.3.3 Tema 3: Medium van onderrig in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

Rusland en Indië word ten opsigte van hierdie tema geïdentifiseer met die beste praktyk. Beide die lande bevorder veeltaligheid deur middel van die medium van onderrig. Rusland bied onderrig in die betrokke moedertaal van leerders aan en stel die leerders stelselmatig bloot aan die Engelsonderrigmedium. Indië maak weer van 'n drietalige onderrigmedium gebruik, waar die leerders onderrig in Engels, Hindi en Sanskrit ontvang. Die navorsing bevind dat Engels 'n belangrike rol as 'n wêreldtaal speel en daarom is dit belangrik dat Engels deel van die skoolkurrikulum vorm. Om Engels as onderrigmedium in 'n skool toe te pas, dra daar toe by dat leerders se Engelsvaardigheid tydens hul skoolloopbaan bevorder word. In die navorsing is daar bevind dat Engelsvaardigheid 'n vermoë is waarby enigiemand in die werksektor kan baat. Dit word as 'n gesogte vaardigheid beskou en moet daarom in die onderwysstelsel bevorder word.

5.3.4 Tema 4: Taalbeleide in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

Suid-Afrika word geïdentifiseer as die land wat die beste praktyk beoefen ten opsigte van hierdie tema. Suid-Afrika beskik oor 'n aantal beleide en wetgewing betreffende taal in die onderwysstelsel. Dié wetgewing kan dien as 'n riglyn vir wanneer 'n skool sy taalbeleid opstel. Die Suid-Afrikaanse grondwet hou die beheerliggaam van elke skool verantwoordelik vir die opstel en implementering van die skool se taalbeleid. 'n Onderwysstelsel wat oor voldoende onderwysbeleide en wetgewing beskik wat sensitiewe en tersaaklike kwessies wat met taal in die onderwys verband hou, in ag neem, kan as 'n voordeel gesien word wanneer skole 'n taalbeleid moet opstel en raad en leiding benodig.

5.3.5 Tema 5: Ontwikkeling van tale in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

Brasilië, Indië, China en Suid-Afrika word vir die bepaalde tema geïdentifiseer as die lande wat die beste praktyke beoefen. Veeltaligheid onder die landsburgers word in hierdie lande bevorder en aangemoedig. Dit word veral in sommige van die lande verwesenlik deur die aanleer van 'n vreemde taal 'n verpligte

komponent van die basiese onderwyskurrikulum te maak. Dit sal voordelig vir 'n onderwysstelsel wees om vreemde tale in die kurrikulum te implementeer sodat veeltaligheid sowel as Engelsvaardigheid onder leerders bevorder kan word.

5.3.6 Tema 6: Toegang tot onderrig ten opsigte van taal in die BRICS-lidlande

Ten opsigte van die betrokke tema word China geïdentifiseer as die land met die beste praktyk. Alhoewel al die lande dit duidelik maak dat niemand op grond van taal toegang tot onderrig en opleiding geweier mag word nie, het China 'n spesifieke eksamen wat leerders moet aflê voordat hulle toelating tot hoëronderriginstellings mag kry. Die eksamen toets verskeie komponente, onder meer die leerders se taalvaardighede. Met Engels wat 'n wêreldtaal is en die voordele wat Engels vir werkgeleenthede inhoud, is dit belangrik dat onderwysstelsels daarop gefokus moet wees om Engelsvaardigheid onder leerders en studente te bevorder. 'n Verpligte eksamen wat toelating tot onderrig bied, kan as 'n motiveringsmiddel in die onderwysstelsel gebruik word om Engelsvaardigheid onder leerders te bevorder.

5.3.7 Tema 7: Moedertaalonderrig in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

Alhoewel die onderwysstelsels van al die BRICS-lidlande moedertaalonderrig ondersteun, word Indië geïdentifiseer as die land wat oor die beste praktyk ten opsigte van hierdie tema beskik. In Indië se onderwysstelsel vind primêre onderrig in leerders se moedertaal plaas. Die leerders word dan later in hul skoolloopbaan aan die drietalige onderrigmedium blootgestel, naamlik Engels, Hindi en Sanskrit. Die gevolg van 'n drietalige onderrigmedium is dat leerders basiese onderrig in hul betrokke moedertale sal ontvang tot op 'n sekere punt. Onderrig sal dan verder in hul skoolloopbaan in Engels plaasvind, wat veeltaligheid en Engelsvaardigheid onder die leerders sal ontwikkel.

5.3.8 Tema 8: Invloed van Engels in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

Indië word ten opsigte van hierdie tema weer as die land geïdentifiseer wat oor die beste praktyk beskik. Alhoewel die onderwysstelsels van die ander BRICS-lidlande Engelsvaardigheid onder die landsburgers aanmoedig, is Indië die enigste land wat Engels regdeur die land (dit wil sê vanaf regeringsvlak tot in die onderwysstelsel) as een van die drie primêre mediums van kommunikasie aanvaar en gebruik. 'n Onderwysstelsel sal dus daarby baat om Engels as 'n verpligte vak of selfs as onderrigmedium te implementeer.

5.4 Wat is die aard van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande?

Die navorsing bevind dat taal 'n tersaaklike en sensitiewe kwessie is in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande. Die grondwet van elkeen van die BRICS-lidlande maak voorsiening daarvoor dat elke landsburger onderrig en opleiding in sy of haar moedertaal mag ontvang. Dit is egter nie wat in die praktyk ervaar word nie omdat dit nie prakties implementeerbaar is om meer as drie tale as medium van onderrig en leer te gebruik nie. Die navorsing het bevind dat wanneer 'n groep individue nie tevrede is met die taal waarin hulle onderrig en leer ontvang nie, dit tot opstand, konflik, verdeeldheid en chaos onder die leerders en studente kan lei.

Taal het die vermoë om 'n individu uit sy of haar sosio-ekonomiese omstandighede te lig deur toegang tot tersiêre opvoeding moontlik te maak. Taal het ook die vermoë om 'n individu te help om in die werksektor bevorder te word. Die teenoorgestelde is egter ook moontlik; wanneer 'n individu byvoorbeeld nie Engelsvaardig is nie, kan dit hom of haar beperk tot 'n sekere vlak van opvoeding of bevordering in die werksektor.

5.5 Besinning

Die navorsing het deur die lens van interpretivisme die aard van taal in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande geïnterpreteer en beskryf. Interpretivistiese navorsers beoog om die gedrag, persepsies en lewens van ander subjektief te verstaan, wat as 'n essensiële aspek van die interpretasie van die versamelde data beskou word (Hammersley, 2013; Stage en Manning, 2016). Teoreties beteken dit dat interpretivistiese navorsers die werklikheid ontdek deur die agtergrond, persepsies en belewenisse van die deelnemers te begryp (Creswell, 2014; Dean, Sykes en Turbill, 2018). Die navorsing bestudeer die persepsies en belewenisse vanuit 'n subjektiewe oogpunt ten einde die betrokke navorsingsvrae te beantwoord wat vanuit die data versamel is (Cohen, Manion en Morrison, 2018; Leavy, 2017; Thanh en Thanh, 2015).

In hierdie studie is daar van dokumentontleding gebruik gemaak om die nodige amptelike regeringsdokumente en artikels te versamel om die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande beter te verstaan. In vergelykende studies is dokumentontleding een van die mees toepaslike tegnieke wat aangewend kan word om die nodige data te genereer. Die betrokke dokumente is bestudeer en geïnterpreteer om betekenis en begrip te verkry en om empiriese kennis te ontwikkel sodat die navorsingsvrae beantwoord kan word (vergelyk Bowen, 2009; Dreyer, 2016). Die navorsers het

tydens die studie as die navorsingsinstrument opgetree om die verlangde data in te samel en te ontleed. Deur die lens van interpretivisme in 'n kwalitatiewe studie kon hulle navorsing bied wat nie veralgemeen kan word nie en wat uiteindelik die navorsingsvrae omvattend kon beantwoord. Dit is belangrik om te onthou dat onderwysers op grondvlak in die klaskamer hierdie eksterne kontekstuele faktore (taal) moet bestuur. Onderwysers kies byvoorbeeld nie die taal van onderrig en leer, die eerste- of tweede addisionele taal asook die moedertaal van die leerders in hulle klas nie.

5.6 Beperkinge ervaar in die studie

In die uitvoering van hierdie studie het die navorsers etlike beperkinge teëgekom. Die eerste beperking behels taalhindernisse wat die navorsers met die versamelde dokumentasie ervaar het. Omdat die studie vereis het dat amptelike regeringsdokumente ontleed moes word, het die navorsers verskeie dokumente gevind wat nie in Engels was nie.

Die tweede beperking wat die navorsers ervaar het, is dat nie al die lande oor dieselfde tipe inligtingsdokumente beskik nie. Daar kon byvoorbeeld net vir sekere lande sensusopnames opgespoor word. Die navorsers moes dus van ander data gebruik maak en het dit met mekaar geïntegreer om vergelykende tabelle te skep.

Die laaste beperking wat die navorsers met die studie ervaar het, is dat nie al die BRICS-lidlande oor dieselfde tipe wetgewing en beleide beskik nie. Byvoorbeeld, nie al die lidlande het 'n onderwysbeleid nie, aangesien dit in party lande deel is van die grondwet. Party lande het weer net enkele regeringsdokumente gehad.

6. Gevolgtrekking

Uit hierdie navorsing kan die rol van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande duideliker verstaan word. Die navorsing het die ooreenkoms en verskille van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande bestudeer. Die beste moontlike praktyke ten opsigte van taal as 'n eksterne kontekstuele faktor in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande is ook vergelyk en in die studie uitgewys. Die navorsing beoog om 'n grondslag te lê vir verdere moontlike studie rakende die aard van taal in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande.

Bronnelys

- Anderson, S.R.** 2010. How many languages are there in the world. *Linguistic Society of America*. <https://www.linguisticsociety.org/content/how-many-languages-are-there-world>. (Datum van gebruik: 9 Augustus 2020).
- Atabekova, A.A., Gorbatenko, R.G. en Shoustikova, T.V.** 2016. University academic excellence and language policy: a case of Russia. *International Journal of Environmental and Science Education*, 11(16): 9390-9397.
- Barlow, R. en Campbell, L.** 2018. Language classification and cataloguing endangered languages. In: Campbell, L. en Belew, A. (eds.). *Cataloguing the world's endangered languages*. New York: Routledge.
- Beukes, J.** 2021. Taal as 'n kontekstuele faktor van die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande: 'n vergelykende studie. Ongepubliseerde MA-tesis. Noordwes-Universiteit.
- Bowen, G.A.** 2009. Document analysis as a qualitative research method. *Qualitative Research Journal*, 9(2): 27-40.
- Chomsky, N.** 1968. *Language and mind*. New York: Harcourt, Brace & World.
- Cohen, L., Manion, L. en Morrison, K.** 2018. *Research methods in education*. Londen: Taylor Francis.
- Creswell, J.W.** 2014. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. Londen: Sage.
- Dean, B.A., Sykes, C.S. en Turbill, J.** 2018. Ethnography in work integrated learning research. *Australian Collaborative Education Network*: 29.
- DeMatthews, D. en Izquierdo, E.** 2018. The importance of principals supporting dual language education: a social justice leadership framework. *Journal of Latinos and Education*, 17(1): 53-70.
- Departement van Basiese Onderwys (Suid-Afrika).** 2013. Inkrementele bekendstelling van Afrikatale: konsepbeleid (Incremental introduction of African languages: draft policy). [https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Policies/IIAL%20Policy%20September%202013%20\(3\).pdf?ver=2015-03-26-102501-853](https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Policies/IIAL%20Policy%20September%202013%20(3).pdf?ver=2015-03-26-102501-853). (Datum van gebruik: 17 Junie 2020).
- Departement van Basiese Onderwys (Suid-Afrika).** 1997. Taal-in-onderwysbeleid (Language in education policy in terms of section 3(4)(m) of the National Education Policy Act) (27/1996). *Government Gazette*, 17997.
- Departement van Basiese Onderwys (Suid-Afrika).** 2015. Wet op die Gebruik van Amptelike Tale (Use of Official Languages Act) (12/2012). *Government Gazette*, 38679.
- Departement van Kuns en Kultuur (Suid-Afrika).** 2003. Nasionale taalbeleid-ramwerk (National language policy framework).

- Dreyer, J.** 2016. Dokumentnavorsing. In: Joubert, I., Hartell, C. en Lombard, K. (red.). *Navorsing: 'n gids vir die beginners*. Pretoria: Van Schaik.
- Departement van Skoolopvoeding en Geletterheid (Indië).** 2019. Skool-opvoeding. <https://mhrd.gov.in/rte>. (Datum van gebruik: 14 Februarie 2020).
- Departement van Opvoeding (Indië).** 1992. Nasionale beleid op opvoeding. http://mhrd.gov.in/sites/upload_files/mhrd/files/document-reports/NPE86-mod92.pdf. (Datum van gebruik: 9 September 2018).
- Die Basiese Wetgewing van die Hong Kong Spesiale Administratiewe Streek van die Volksrepubliek van China van 1990.** China.
- Eberhard, D.M., Simons, G.F. en Fennig, C.D. (reds.).** 2020. *Ethnologue: languages of the world*. Dallas: SIL International. <http://www.ethnologue.com>. (Datum van gebruik: 20 Januarie 2020).
- Engelbrecht, A.** 2016. Kwalitatiewe navorsing: data-insameling en -analise. In: Joubert, I., Hartell, C. en Lombard, K. (red.). *Navorsing: 'n gids vir die beginners*. Pretoria: Van Schaik.
- Federale Senaat van Brasilië.** 2009. Nasionale kurrikulêre riglyne vir vroeë leerderonderwys. No. 20/2009.
- Federale Wetgewing van die Russiese Federasie (Rusland).** 2012. Rakende Onderwys in die Russiese Federasie (About education in the Russian Federation). <https://cis-legislation.com/document.fwx?rgn=57340>. (Datum van gebruik: 27 Mei 2020).
- Galloway, N., Numajiri, T. en Rees, N.** 2020. The ‘internationalisation’, or ‘Englishisation’, of higher education in East Asia. *Higher Education*, 80(3): 395-414.
- Gimenez, T., Ferreira, A.D.J., Alves Basso, R.A. en Carvalho Cruvinel, R.** 2016. Policies for English language teacher education in Brazil today: preliminary remarks. *Profile Issues in Teachers Professional Development*, 18(1): 219-234.
- Grondwet van die Federale Republiek van Brasilië 2010 (1824).** 2010.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.** 1996.
- Grondwet van die Russiese Federasie 2008 (1993).** 2008.
- Grondwet van die Volksrepubliek van China.** 1982.
- Grondwet van Indië.** 1949.
- Hammersley, M.** 2013. *What is qualitative research? Research methods series*. Londen: Bloomsbury.
- Hardini, S. en Sitohang, R.** 2019. The use of language as a socialcultural communication. *Jurnal littera: fakultas sastra darma agung*, 1(2): 238-249.
- Hellmich, E.A.** 2018. Language in a global world: A case study of foreign languages in US K-8 education. *Foreign Language Annals*, 51(2): 313-330.
- Hesse-Biber, S.N. en Leavy, P.** 2011. *The practice of qualitative research*. Londen: Sage.

- Husni, H., Akhmedov, O., Herlina, N.H. en Kormiltsev, I.** 2020. Islam in Russia: History, Challenges, and Future Perspective. *Religious studies: an international journal*, 8(1): 45-66.
- Izci, K.** 2016. Internal and external factors affecting teachers' adoption of formative assessment to support learning. *World academy of science, engineering and technology international journal of social, behavioral, educational, economic, business and industrial engineering*, 10(8): 2541-2548.
- Khaleeva, I.I.** 2008. Teaching national languages in Russia. *Вестник Московского Государственного Лингвистического Университета*, 550.
- Lawrence, D., Le Cordeur, M., Van der Merwe, L., Van der Vyver, C. en Van Oort, R.** 2014. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Leavy, P.** 2017. *Research design: quantitative, qualitative, mixed methods, arts-based, and community-based participatory research approaches*. New York: Guilford Press.
- Maromo, J.** 2018. English-speaking children rejected by Hoërskool Overval now at another school – Lesufi. *The Citizen*, 17 Januarie.
- Martinez, R.** 2016. English as a medium of instruction (EMI) in Brazilian higher education: challenges and opportunities. In: Finardi, K.R. (red.). *English in Brazil: views, policies and programs*. Londrina: EDUEL.
- Masso, A. en Soll, M.** 2014. Change in language of instruction in Russian medium schools: multilevel analysis of attitudes and language proficiency. *Journal of Baltic Studies*, 45(4):517-544.
- Ministerie van Onderwijs en Cultuur van Brasilië.** 2014. Nasionale onderrigplan van Brasilië (Instituto Nacional de Estudos e Pesquisas Educacionais). http://www.planalto.gov.br/ccivil_03/_Ato2011-2014/2014/Lei/L13005.htm. (Datum van gebruik: 10 Februarie 2020).
- Ministerie van Onderwijs van Suid-Afrika.** 1996. Norme en standarde vir taalbeleid in openbare skole (Norms and standards for language policy in public schools). Government Gazette, 18887, 18 Mei. <https://skole.co.za/wp-content/uploads/2021/04/Nasionale-Norme-en-Standaarde-Taalbeleid.pdf>. (Datum van gebruik: 4 Mei 2020).
- Ministerie van Onderwijs en Cultuur van Brasilië.** 1998. Nasionale kurrikulêre parameters vir vreemde taal (Parâmetros curriculares nacionais: terceiro e quarto ciclos do ensino fundamental: língua estrangeira).
- Minesterie van Menslike Hulpbron Ontwikkeling (Indië).** 2016. Rakende Departement van Hoër Onderwys (About Department of Higher Education). <https://mhrd.gov.in/overview>. (Datum van gebruik: 10 Februarie 2020).
- Minesterie van Menslike Hulpbron Ontwikkeling (Indië).** 2018. Organiseringekaart. http://mhrd.gov.in/sites/upload_files/mhrd/files/upload_document

- /HE_170918.pdf. (Datum van gebruik: 10 Oktober 2018).
- Norwich, B.** 2019. Thinking about the nature of educational research: Going beyond superficial theoretical scripts. *Review of education: an international journal of major studies in education*, 8(1): 242-262.
- Opvoedingswetgewing van die Volksrepubliek van China van 1986.** No. 38. China.
- Presidensie van die Republiek van Brasilië.** 2017. *Wet 13.415* <https://www2.camara.leg.br/legin/fed/lei/2017/lei-13415-16-fevereiro-2017-784336-publicacaooriginal-152003-pl.html>. (Datum van gebruik: 23 Januarie 2020).
- Presidensie van die Republiek van Brasilië.** 1996. Nasionale Wet op Riglyne en Basis van Onderrig (Lei de Diretrizes e Bases da Educação Nacional). http://www.planalto.gov.br/ccivil_03/Leis/L9394.htm. (Datum van gebruik: 7 Februarie 2020).
- Rubin, A. en Babbie, R.E.** 2009. *Essential research methods for social work*. Belmont: Cengage Learning – Brooks and Cole.
- Rumbly, L. (red.).** 2013. *The role of language in international education*. Amsterdam: European Association for International Education. <https://www.eaie.org/download/MzA5NDI2MmYtYzFjNS00MjIwLTg1NTQtZTA3YzlkMjI3NjUwI0RJUkVDVF9QVUJMSUMjNzIzNDIyNTgzMDM1NTU2NzQ3>. (Datum van gebruik: 20 Januarie 2020).
- Russiese Federasie (Rusland).** 2005. Wetgewing op die Staatstaal van die Russiese Federasie (About State Language of the Russian Federation). <https://cis-legislation.com/document.fwx?rgn=8314>. (Datum van gebruik: 27 Mei 2020).
- Shohamy, E.** 2007. *Language policy: hidden agendas and new approaches*. London: Routledge.
- Silva, S.F.** 2012. Document analysis. In: Wagner, C., Kawulich, B. en Garner, M. (reds.). *Doing social research: a global context*. Berkshire: McGraw-Hill Education.
- Skinner, B.F.** 1957. *Verbal behavior*. Cambridge: Prentice Hall.
- Stage, F.K. en Manning, K. (reds.).** 2016. *Research in the college context: approaches and methods*. New York: Routledge.
- Steyn, H.J.** 2014. The determinants of the education system. In: Steyn, H.J. en Wolhuter, C.C. (eds.). *The education system: a comparative education perspective*. Potchefstroom: Keurkopie.
- Steyn, H.J., Wolhuter, C.C., Vos, D. en De Beer, Z.L.** 2017. *Suid-Afrikaanse onderwysstelsel: kenmerke in fokus*. Pretoria: Van Schaik.
- Thanh, N.C. en Thanh, T.T.** 2015. The interconnection between interpretivist paradigm and qualitative methods in education. *American Journal of Educational Science*, 1(2): 24-27.
- Vygotsky, L.S.** 1962. *Thought and language*. Londen: John Wiley & Sons.

Wetgewing van die Volksrepubliek van China op die Standaard Gesproke en Geskrewe Chinese Taal van 2000. No. 37

Zamyatin, K. 2018. Minority language education in Russia: enforcing the voluntary teaching of non-Russian languages. International Centre for Ethnic and Linguistic Diversity Studies. <https://www.icelds.org/2018/07/03/minority-language-education-in-russia-enforcing-the-voluntary-teaching-of-non-russian-languages/>. (Datum van gebruik: 25 Januarie 2020).

Zhang, Z. 2018. English-medium instruction policies in China: internationalisation of higher education. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 39(6): 542-555.

Note

1. Sien Beukes (2021): “Taal as ’n kontekstuele faktor van die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande: ’n vergelykende studie”.

“Onder die breeë blaredak van die njala”: Die plante in Vergilius se *Eclogae*

Shani Viljoen

“Under the wide covering of the njala”: Plants in Vergil’s Eclogues

The dynamic and subjective nature of language allows for ever-present space for new translations of Classical texts. In Vergil’s Eclogues, an interesting character, the rural countryside, emerges. This space becomes the stage on which the poet and his reality interact; Vergil uses his pastoral poems to demonstrate a myriad of views. This article focusses on Vergil’s use of plants, and more specifically the plants that occur in Eclogues 1 and 9. These plants contribute to the world which Vergil aims to create and subsequently also to his literary creation. In my translation I domesticated Vergil’s plants. By translating and transforming the Latin into Afrikaans, the interesting relationship between the two languages and cultures comes to the fore. The pastoral world of Vergil is showcased in finer detail and the unique nature of his poetry is demonstrated once again.

1. Inleiding

Die *Eclogae* is die eerste van Vergilius se drie groot werke (die *Georgica* en *Aeneis* sou daarop volg). Hierdie herdersdigte beeld Vergilius se denke oor, onder andere, die geestelike onstabiliteit van sy tyd uit. Die platteland, ’n karakter op sy eie, gevul met singende skaapwagters en hulle bemindes, word die verhoog vir die spel tussen digter en realiteit. Vergilius se *Eclogae* word dus met reg as ontsnappingsgedigte beskou (Putnam, 1970: 4; Breed, 2006: 26), maar uit hierdie tien gedigte kom veel meer as ontvlugting na vore. Vergilius gebruik sy herdersdigte om verskeie waarnemings uit te beeld. Hierdie artikel fokus op Vergilius se gebruik van plante, en spesifiek die uitdagings oor die vertaling van die plante wat voorkom in *Eclogae* 1 en 9.

Die plante in *Eclogae* 1 en 9 dra by tot die pastorale wêreld wat Vergilius skep en gevolglik ook tot sy literêre wêreld. In my vertaling daarvan is ’n domestikering, soos uiteengesit in Venuti (2000), toegepas op die plante in die gedigte. My motivering is gekoppel aan ’n begeerte om ’n teks te skep wat eg Suid-Afrikaans lees en klink.¹ Die poging is nie om mense te oortuig dat dit ’n Suid-Afrikaans gebore teks is nie, maar eerder om die Afrikaanse literatuur te verryk en daarteenoor nuwe lewe in die Latyn te blaas. Deur die Latynse poësie in Afrikaans om te sit, kan die verhouding tussen die twee tale en die twee kontinente van nader bestudeer word. Die pastorale wêreld van Vergilius word gevolglik in fyner detail ontleed en die unieke aard van sy poësie kom so ook na vore.

2. Vergilius se herdersdigte: die *Eclogae*

Vergilius (70 v.C. – 21 v.C.) se eerste poëtiese skepping, die *Eclogae*, is iewers tussen 42 en 38 v.C. gekomponeer (Horsfall, 1995: 32). Jones (2011: 11) gee c. 39 v.C. as die datum; Vergilius was dus nog jong en hierdie versameling gedigte beskryf hy self as die produk van sy jeug (*Georgica* 4. 565). Die *Eclogae* is nie as 'n blote nabootsing van die Griekse digter Theokritos se pastorale skrywe gekomponeer nie, maar eerder daardeur geïnspireer en Vergilius kan as 'n baanbreker op hierdie gebied gesien word – as die eerste Latynse digter wat Theokritos se Griekse herdersdigte hervorm het (Alpers, 1979: 2). Vergilius plaas sy werke in die pastorale modus en stel sy kennis oor sy voorloper ten toon deur sy deurlopende programmatiese verwysings na Theokritos se werk (Jones, 2011: 11). Hierdie programmatiese verwysings verleen ook literêre gesag tot Vergilius se vernuwing, naamlik die teenwoordigheid van politieke temas in sy pastorale wêreld.

Die *Eclogae* (wat 'seleksies' beteken, Alpers, 1979: 2) is dus voor die tyd van Keiser Augustus geskryf, toe die jong Augustus nog as Octavianus bekend was. Vergilius se Italië gedurende die skryf van die *Eclogae* was een van burgeroorlog en lyding, 'n Italië waar die politieke toestand onstabiel en spanningsvol was (Alpers, 1979:3). Die *Eclogae* getuig van Vergilius se bewustheid van hierdie spanning en in die tien gedigte, ten spyte daarvan dat verskeie onderwerpe daarin aangespreek word, stel Vergilius 'n eenheid, 'n selfbewuste werk wat deurlopend na die ander gedigte in die versameling verwys, in sy benadering tot sy wêreld voor (Jones, 2011: 24).² Die pastorale wêreld wat Vergilius skep dra by tot hierdie eenheid. Hierdie wêreld bind ook die tien gedigte aan mekaar en staan bekend as 'Arkadië'.

Namate Vergilius se pastorale wêreld deur die eeu bestudeer is, is daar klem geplaas op wat presies onder sy 'Arkadië' verstaan word. Arkadië verwys na die pastorale wêreld wat Vergilius in sy *Eclogae* geskep het. Arkadië is 'n poëtiese ruimte; 'n ideale gebied bewoon deur herders (diggers).³ Snell (soos vertaal deur Rosenmeyer, 1953: 281) skryf dat Arkadië in die jaar 42 of 41 v.C. ontdek is, maar met hierdie stelling verwys hy nie na die geografiese gebied nie – 'n bergagtige area in die ooste van die Peloponnesiese gebied – maar eerder na die Arkadië van Vergilius se verbeelding. Snell skryf dat wat Arkadië vir hedendaagse gehore simboliseer nie 'n geografiese gebied is nie, maar eerder 'n poëtiese gebied gevul met herders en sang, geskep in die verbeelding van Vergilius (soos aangehaal in Rosenmeyer, 1953: 281).

Jenkyns (1989: 26) verskil van Snell en hou voor dat in plaas van 42 of 41 v.C., dit eerder as 1500 n.C. gelees moet word, en dat Arkadië se ontdekker eerder Jacopo Sannazaro is, 'n Italiaanse digter wat spesifiek aandag op Arkadië as tema gevestig het (1458-1530). Ander skrywers soos Highet (1949: 163) fokus ook op

Vergilius se Arkadië as die idealistiese wêreld wat die skrywer geskep het, waar “jeug ewigdurend is en die liefde die soetste van alle dinge” (*my vertaling*). Dit is ’n oormatige verromantisering van Vergilius se pastorale wêreld, ’n tendens wat groot aansien geniet het. Klingner (1967: 14) skryf op soortgelyke wyse dat Arkadië ’n droomlandskap vir Vergilius was: “Die siel se tuiste, ’n magiese ruimte van hoër bestaan te midde die wrede en verwoestende realiteit” (*my vertaling*).

Daar word ook aangevoer dat die platteland, of Arkadië, die morele raamwerk waarbinne die *Elogiae* se gebeure afspeel versinnebeeld, en dra dus by tot die betekenis en simboliek van die gedigte (Coleman, 1977: 22, 32). Die pastorale ruimte teenwoordig in die *Elogiae* ontlok ’n eenvoudige lewenstyl wat ’n tevredenheid met min bewerkstellig. Hierdie lewe skep kans vir die verblyding in die natuur, vir waardigheid, vriendskap, gasvryheid en ’n toewyding aan vrede en, belangrik, poësie (Coleman, 1977: 209).

Clausen (1987: xx) het myns insiens ’n meer akkurate siening van Arkadië; soos Jenkyns voer hy aan dat die idee van die pastorale Arkadië die skepping van latere skrywers soos Sannazaro en Philip Sidney (die Engelse digter, 1554-1586) is. Die klem wat op Arkadië geplaas is, word dus retrospektief op Vergilius toegepas. Clausen (1987: xx) hou wel vol dat Arkadië ’n ideaal is, ’n harmonieuse landskap wat Vergilius in sy jeug ontdek het. Ek stem met Jenkyns saam dat die oorweldigende fokus wat op Arkadië, oftewel Vergilius se pastorale skeppingswêreld, geplaas word, nie ’n wesentlike bydrae tot die navorsing oor die Latynse herdersdig lewer nie.

Die gevaar verbonde aan die plasing van te veel klem op die pastorale wêreld van Vergilius, lê in die uitwerking wat so ’n fokus op die gedigte se verhouding met tyd het (Saunders, 2008: 102). As die pastorale wêreld verstaan moet word, moet dit ’n verhouding met tyd hê, maar dit is nie die geval in die pastorale wêreld wat Vergilius skep nie; daar bestaan ’n verlede, hede, en toekoms in Vergilius se pastorale wêreld, maar daardie wêreld is terselfdertyd vry van enige geografiese of tydsgrense. Nogtans is dit nie nodig om totaal en al die pastorale wêreld as onbelangrik te klassifiseer nie (Saunders, 2008: 2).

Die interaksie tussen die karakters en die natuur is prominent en opvallend in die gedigte (Saunders, 2008: 2). Die wêreld wat Vergilius skep, is self ook ’n karakter in die gedig. Wanneer die ideale natuurruimte gevind word, kan poësie voortvloei, die natuur in die ruimte moet dus kreatiwiteit uitlok, en die gepaste omgewingskep vir kreatiewe uitdrukking. Hierdie uitdrukking word bewerkstellig deur die oorheersende plattelandse aard van Vergilius se pastorale wêreld, waar mense ook in ’n posisie geplaas is waar hul rol in die samelewing bepaald is, en skep dus ook identiteit (en stabiliteit) vir die karakters. So het Vergilius die visuele wêreld toeganklik gemaak deur die atmosfeer en die betekenis van die pastorale

landskap in sy werk te herskep. Vergilius probeer nie net die mooi van sy gekose wêreld uitbeeld nie, maar eerder 'n toestand waarin hy sy wêreld sou wou sien. Dit is immers hierdie skepping wat die innoverende en ambisieuse omvang van Vergilius se herdersdigte ten toon stel (Saunders, 2008: 61).

Die vereiste vir 'n ruimte waar kreatiewe energie kan voortvloeи, beklemtoon ook die hoë agting wat poësie in die *Eclogae* geniet. Vergilius is die erfgenaam van 'n tradisie wat van Callimachus tot Catullus strek. Hy is bewus van die tradisie waarin hy skryf; die vorms, die waardes sowel as die perspektiewe wat hy geërf het, word vir Vergilius belangrik, en die suksesse en mislukkinge van die mensdom word deur hom aan die suksesse en die mislukkinge van die kunstenaar gekoppel (Boyle, 1976: 31). Vergilius se lewenslange verkenning van poësie se vermoë om die krisisse van die menslike ervaring te verstaan en te hanteer, begin dus met sy *Eclogae* (Alpers, 1979: 8).

2.1 Die Eclogae: Pastorale, poëtiese plante

Een wyse waarop Vergilius van die verskeidenheid temas teenwoordig in sy herdersdigte aanspreek, is deur middel van die natuur (Alpers, 1979: 7). Die debat oor die rol van die natuur in herdersdigte is gegrond op 'n oordrewe klem wat deur baie lezers op die digter se skets van die omgewing waarin sy gedig afspeel, geplaas word. Jones (2011: 37) voer aan dat die pastorale wêreld 'n funksionele ruimte is wat ander temas dikwels ten toon stel, en as 'n selfstandige entiteit 'n rol in die gedig vervul. Alpers (1979: 1989) voer egter aan dat die fokus eerder op die protagoniste van herdersdigte (die herders) geplaas moet word. Ek wil met Jones en ander saamstem dat die natuur eintlik ook 'n karakter is wat in verskillende scenario's verskillende rolle vertolk, maar dit beteken nie dat dit die enigste of die hoofkarakter is nie. Wat wel duidelik na vore tree, is dat die (veelsydige en funksionele) aard van die natuur in die *Eclogae* 'n uitdaging rondom vertaling kan bied.

Jones (2011: 32) betoog dat die bome in Vergilius se herdersdigte funksioneel is. Hulle teenwoordigheid in die gedig beeld die praktiese realiteit van die inwoners van die omgewing uit. Bome wat vrugte dra, skadu verskaf en selfs as waarskuwings dien (*Ed.* 1), beeld dus die nut van die omgewing vir mens en dier uit en ondersteun terselfdertyd die simbiotiese aard van die skepping (Jones, 2011: 32). Die bome vorm nie net die raam waarbinne die toneel afspeel nie, maar is aktief betrokke in die doen en late van die pastorale inwoners, ten spyte van hul passiewe aard. Hulle teenwoordigheid is juis nie net esteties gemotiveerd nie, maar dien ook 'n programmatiese en funksionele doel in die gedigte. Die bome is ook heilig, gekoppel aan die liefde en aan poësie (*Ecloga* 1 waar die bome *Amaryllis* eggo, is een so 'n voorbeeld) (Jones, 2011: 33).

Die plante, tesame met ander verskynsels in die pastoraal, definieer en bevestig die ruimte (Jones, 2011: 37). Die idilliese wêreld wat geskep word, is noodsaaklik vir die skep van poësie. Die landskap skep ook dus die atmosfeer van *otium* (ontspanning), noodsaaklik vir die skeppingsproses (Alpers, 1982: 448). Kuns en natuur funksioneer simbioties en kuns word in effek gelyk gestel aan die natuur. Theokritos stel reeds hierdie standaard en bevestig die natuur as 'n uitylvoiesel van kuns in sy werk (Fantuzzi en Papanghelis, 2006: 265). Die aard van kuns lei ook daartoe dat die pastorale wêreld veranderlik en onbepaald is (Jenkyns, 1989: 39). Hierdie wisselvalligheid skep 'n tydloosheid in die wêreld en 'n verhewe atmosfeer, wat bo en buite die 'regte wêreld' funksioneer. Tog bly die herdersdig nie ongevoelig teenoor, of onbewus van, die realiteit nie.

Daar bestaan gevvolglik 'n tipe verhouding tussen die fisiese en poëtiese wêreld van Vergilius (Saunders, 2008: 31). Hierdie verhouding (vergelyking) plaas die pastorale wêreld konstant *teenoor* die fisiese wêreld sowel as *in* die fisiese wêreld wat aan die gedig 'n dubbele impak verleen. Die *Elogiae* skep deur hierdie vergelyking ruimte vir vele interpretasies, en deel van die uitdaging met die vertaling van die *Elogiae* is die vraag, hoe om die plante effekief vir 'n Suid-Afrikaanse gehoor oor te dra.

3. Die vertaaluitdaging: 'n post-1994-vertaling

In hierdie afdeling word van die uitdagings rondom die Afrikaanse vertaling van die *Elogiae* deur middel van 'n annotasie bespreek. *Elogiae* 1 en 9 is hier die fokustekste. Williams en Chesterman (2001: 7) verwys na die skryf van 'n annotasie as 'n vorm van beide introspektiewe sowel as retrospektiewe navorsing. Kraus en Stray (2016: 1) verwys weer in hulle boek *Classical Commentaries* na die gemeenskaplike aard van kommentare skryf. Kommentare vorm deel van 'n akademiese gesprek binne 'n kulturele realiteit, wat ook aandui dat die skepper en teikenmark nie net bydra tot die vorm wat kommentare aanneem nie, maar ook konstant verander (Kraus en Stray, 2016: 7). Die skryf van 'n annotasie deel baie van hierdie kenmerke en vorm so ook deel van die geskiedenis van akademie, die geskiedenis waar die antieke wêreld en eietydse skrywers aktief in gesprek tree (Kraus en Stray, 2016: 7). Dikwels vorm die identifisering en oplossing van vertaalprobleme deel van hierdie gesprek.

Vertaalprobleme kan op verskeie maniere geklassifiseer word (Schäffner en Wiesemann, 2001: 24-54). Dieselfde geld vir die verskeie strategieë wat vertalers dan benut om hierdie probleme te oorkom. Makro-strukture⁴ lê gewortel in die benadering tot 'n vertaling, dit wil sê watter soort vertaling die vertaler wil skep (Schäffner en Wiesemann, 2001: 27). Die oplossing vir my vertaaluitdaging is in

'n kombinasie van funksionalisme, postkolonialisme, en domestikering gevind, wat kortlik hier beskryf word.

Funksionaliteit kan eerstens aan Nida (1964) en sy "dinamiese" of "funksionele ekwivalensie" gekoppel word. 'n Dinamies-ekwivalente vertaling mik vir natuurlike uitdrukking. Hierdie benadering bring vir die ontvanger (leser) 'n teks wat in sy eie kultuur gewortel word (Nida, 1964: 159). Katarina Reiss (soos aangehaal in Morini, 2013: 13) bied in 1969 haar eie funksionalistiese voorstel aan. Sy voer aan dat verskillende tekste verskillende benaderings vereis, 'n punt waarmee ek saamstem. Sy verdeel die verskillende benaderings in sub-kategorieë, soos inhoud-gefokus, vorm-gefokus en effek-gefokusde uitkomstes. Reiss en Vermeer (soos aangehaal in Morini, 2013: 13) verfyn hierdie benadering in hulle "Skopostheorie" (1984), 'n funksionalistiese benadering tot vertaling wat op die uiteindelike doel van die vertaling gefokus is (Morini, 2013: 13). Hierdie doelgeoriënteerde benadering word ook deur Nord ontwikkel (1997: 93).

Nord sit in haar boek *Translating as a purposeful activity: Functional approaches explained* (1997), 'n doelgeoriënteerde benadering uiteen: eerstens interpretasie. Die proses van vertaling begin by die interpretasie van 'n spesifieke teks. Hierdie interpretasie is subjektief en gekoppel aan die individu. Daarop volg skryf, die proses van vertaling. Derdens vind keuring plaas. Die skrywer/vertaler maak keuses gedurende die proses van vertaling (soos deur Vermeer aangevoer, 1984). Laastens, integrasie: die nuwe teks word deel van 'n bepaalde kultuur. Die kultuur verskaf gevvolglik die taalkundige gereedskap wat vir die vertaling van die betrokke teks gepas sal wees (Nord, 1997: 93).

Die leser (doelkultuur) bepaal dus die verhouding wat die vertaler tussen die bronrekteks en die leser probeer skep (Krauss en Stray, 2016: 11). Daar is ook 'n vereiste (vanuit 'n postkolonialistiese bewustheid) om bewus te wees van die magsverhouding teenwoordig tussen die bronrekteks, die vertaler, die oorspronklike skrywer en die doelkultuur. Die bestudering van postkoloniale vertaling is gevvolglik baie waardevol omdat dit die vraagstuk rondom magsverhoudings sentraal stel (Myskja, 2013: 2). Die idee van 'n postkoloniale vertaalteorie is om die verhouding tussen tekste te heroorweeg, die verhouding tussen vertaling en mag te herbou (Crăciun, 2019: 85). Hierdie herbouing kan plaasvind deur verdere oorweging van hoe die doelkultuur in die teks verteenwoordig kan word, soos byvoorbeeld deur middel van domestikering.

Venuti bring die terme "domestikering" en "vervreemding" onder die kollig in sy boek *The Translator's invisibility* (1995). Die twee terme kan in tekste deur die geskiedenis in verskeie omskrywings gevind word, maar die eerste poging om die twee denkstrome te benoem, is deur Schleiermacher, wat oor "einbürgende" en "verfremdende" skryf (soos aangehaal in Venuti, 1995: 23).

Hierdie terme verwys na die keuse van 'n vertaler om óf 'n teks in die styl van die oorspronklike taal te hou, al beperk dit die leesbaarheid en vloei van die vertaling – met verwysings na kultuur- en natuurverskynsels wat vreemd vir die gehoor kan wees (vervreemding) – óf na die aanpassing van styl in die vertaalproses om soos die doelstaal te lees – met verandering van terminologie om bekend vir die gehoor te klink (domestikering). Ek maak van domestikering gebruik weens my begeerte om 'n teks te skep wat eg Suid-Afrikaans lees en klink. Die poging is nie om mense te oortuig hierdie is 'n Suid-Afrikaanse teks nie, maar eerder om Afrikaanse literatuur te verryk en daarteenoor nuwe lewe in die Latyn te blaas.

'n Post-1994-vertaling kan soos volg gedefinieer word: 'n Vertaling wat bewus is van die post-1994-kultuur in Suid-Afrika, 'n vertaling bewus van (en versigtig vir) magsverhoudings en gegrond op 'n kultuur wat waarde aan self-aktualisering en identiteit heg. 'n Post-1994-vertaling streef daar na om sensitief teenoor Suid-Afrika se politieke en maatskaplike realiteit te wees en leen voorts van funksionalistiese benaderings, aangesien die vertaling poog om die doel van die teks te verstaan en effektiief oor te dra. Deel van die funksionalistiese benadering is die begrip dat gelykstandigheid in vertaling somtyds nie die gewenste uitkomste het nie, maar 'n haalbare doel is. 'n Post-1994-vertaling gaan ook 'n domestikerende aanslag bo 'n vervreemdende een verkies. Die domestikering van die Latynse teks sal bydra tot die ontvangs van die vertaling, sowel as die eg Suid-Afrikaanse kwaliteit van die vertaling. 'n Post-1994-vertaling neem ook die magsverhoudings betrokke tussen die partye in die vertaalproses in ag en so ook die tale. Hierdie postkoloniale aanslag vorm 'n belangrike oogpunt vir 'n multikulturele land soos Suid-Afrika, met komplekse interkulturele verhoudings en gespanne oortuigings oor taal. Hier is kultuursensitiwiteit by die vertaler ook van kardinale belang in die vertaalproses. Met 'n post-1994-vertaling moet die vertaler poog om die verskeie oogpunte hierbo bespreek, te verenig en te harmoniseer, om sodoende 'n vertaling te skep wat met die gewenste gehoor praat.

Nadat die makro-strategieë vir die oplossing (en gewenste gehoor) bepaal is, word die aandag geskuif na die mikro-strategieë nodig vir effektiewe vertaling. Mikro-strategieë het te make met die fyner leksikale of sintaktiese eienskappe van die teks, een hiervan is die pragmatiese strategieë wat voorgestel word vir effektiewe vertaling.

3.1 Pragmatiese vertaalstrategieë: Die pastorale landskap

Pragmatiese vertaalstrategieë het te make met uitdagings teenwoordig in vertaling wat die landskap van 'n teks skep en bepaal. Hierdie landskap bestaan uit, onder ander, die kulturele verskille tussen bron- en doelteks. Die oplossing vir hierdie

probleme berus dus op die vertaler se kennis van die doelkultuur (Aalbers, 2014: 112). Die vertaler probeer inligting wat oorspronklik in die bronsteks voorkom, oordra na die doelkultuur (Aalbers, 2014: 112). Die bronsteks word in 'n spesifieke omgewing, sowel as spesifieke tyd, deur die oueur geplaas; die vertaler lees hierdie teks op 'n tydstip en in 'n ruimte totaal en al anders as dié van die oorspronklike. Die verskil tussen die bron- en doelteks bepaal dus hoeveel omskrywing, domestikering en kulturele aanpassing nodig is (Schäffner en Wiesemann, 2001: 32).

Met die vertaling van die *Eclogae* verwys hierdie pragmatiese probleme meestal na die name van plante, plekke en persone. Die plantname teenwoordig in die *Eclogae* dra by tot die ruimte waarin Vergilius sy poësie laat afspeel. Weens die feit dat die spesifieke plante waarna Vergilius verwys soms nie met sekerheid vasgestel kan word nie, tesame met die bewustheid dat die meeste van sy plante endemies aan Europa is, het ek besluit om die meeste daarvan te domestikeer.

3.2 Die plante in die Eclogae: 'n Annotasie

Bome is volop in die *Eclogae* en vervul dikwels 'n belangrike rol in die gedigte. Bird (2009: xvi) skryf oor die menslike verhouding met bome dat bome veel meer as visuele merkers is: Plante kan vir ons skadu skep of van potensiële mediese waarde wees. Bome is letterlik en figuurlik gekoppel aan die mens se wete van waar hulle is, waarheen hulle op pad is en waar hulle vandaan kom (Bird, 2009: xvi). Bome dra deur die geskiedenis dikwels spirituele waarde en daar word selfs verwys na die geeste van bome (Bird, 2009: 6). Bome is ook gekoppel aan die lewe sowel as die dood, en speel dikwels 'n rol in begrafnisse, soos die kremetartboom in Madagaskar (Bird, 2009: xix). Hierdie spirituele aard van bome kom ook in die Afrikaanse poësie na vore. Vincent Oliphant verwys na sy "sagmoedige stil monnike" wat die spreker se "waardige vriende" geraak het in sy gedig "Gebed tot die bome" (Janse van Rensburg, 2016: 26); dit beeld duidelik uit hoe bome respek vereis en oor die vermoë beskik om mense "tuis" te laat voel.⁵

Met die vertaling van Vergilius se plante is Professor Leanne Dreyer (2020) van Stellenbosch Universiteit se Departement Botanie en Soölogie geraadpleeg. Daar is besluit om sekere van Vergilius se plante te domestikeer (spesifiek waar die Latyn óf onseker is, óf waar die plante te onbekend vir die doelkultuur is). Ander bome (totaal ingeburger in Suid-Afrikaanse kultuur) is onveranderd gelaat.

Die eerste boom wat in die *Eclogae* figureer is die *fagus* waaronder Tityrus lê (*fagi*, Ed. 1.1). Hierdie beukeboom, volgens die Plinius die Ouere, het verskeie gebruikte gehad, onder andere: die bas van die boom kon gebruik word om mandjies te vleg en om die dakke van hutte te bou (*Natural History* 16.35).

Die *fagus* vervul ook 'n programmatiese funksie: dit herroep Theokritos en sy Griekse *phagos* wat 'n soort eikeboom is. Alhoewel hierdie twee bome duidelik verskillende soorte bome is, hou hulle foneties verband met mekaar en bind Vergilius se pastorale wêreld met dié van Theokritos. Hierdie boom koppel ook *Ecloga* 1 aan *Ecloga* 9 en beklemtoon (en dra by tot) die intertekstualiteit tussen die twee gedigte (*Ed.* 9.9). Die eerste reël van *Ecloga* 1 stel dus lesers bekend aan die pragmatiese wêreld van die pastorale inwoners én die literêre wêreld waarin die *Elogae* funksioneer.

My oplossing was om 'n Suid-Afrikaanse boom te vind wat terselfdertyd kenmerkend is en literêre bekendheid tot die gedig voeg.⁶ Die boekenhout (Kaapse beukeboom) is aanvanklik oorweeg. Blanckenberg (1975: 1) vertaal die *fagi* met "beuk". Daar is egter teen die beukeboom besluit. Die redenasie hieragter is tweeledig: Daar word gestrew om in die heel eerste reël van die vertaling dit reeds duidelik te maak dat 'Arkadië', in hierdie vertaling, Suid-Afrikaans is. Alhoewel daar 'n Suid-Afrikaanse beuk bestaan, het hierdie boom nie 'n kenmerkende Afrika(aanse)-eienheid wat dit duidelik in Afrika wortel nie. Die doelkultuur moet gevolglik met die intrapslag bereik en betrek word in die vertaling. Tweedens is die beuk nie so bekend nie. Daar is dus besluit om eerder hier die njalaboom te gebruik.

Die njalaboom (in Engels 'nyala tree', 'moladi' in Setswana) is bekend as 'n skadudigte boom, en word ook dikwels geplant spesifiek om skadu te skep (Ngwenya, 2019). Soos die *fagus* word die hout van die njalaboom gebruik, beide as boumateriaal en as brandhout (Ngwenya, 2019). Die njalaboom maak ook sy verskynning in die roman *Manaka. Plek van die Horings* (Pieterse, 2008) waar Baas sy bagasie onder die njala neersit. Myns insiens is daar só 'n gepaste oplossing vir die vertaling van die *fagus*-boom gevind:

<i>Ed.</i> 1.1	Tityre, tu patulae recubans sub tegmine fagi	Jy, Tityrus, lê onder die breë blaredak van die njala
<i>Ed.</i> 9.9	veteres (iam fracta cacumina) fagos	die antieke njala nou met versplinterde toppe

Die peerboom (*pirus*) word slegs twee maal in die *Elogae* genoem, in *Elogae* 1 en 9. Hierdie verwysings, wat mekaar eggoo, word só belangrike frases in die *Elogae*. In *Ecloga* 1 beveel Meliboeus, ironies, homself om sy pere te ent noudat hy sy grond moet verlaat (*Ed.* 1.73). Hierdie idee word herhaal in *Ecloga* 9 waar Lycidas 'n lied van Menalcas, wat Moeris gesing het, aanhaal en vir Daphnis, die pastorale

figuur, beveel om sy pere te ent vir sy kleinkinders om te pluk (*Edl.* 9.50). In beide hierdie gedigte word die pastorale wêreld bedreig deur die grondonteenings van Octavianus (Jones, 2011: 32). Die peerboom simboliseer dus 'n leefstyl wat kwesbaar is (Jones, 2011: 32).

Ek het besluit om die peerboom onveranderd te laat. Die Afrikaanse ekwivalent vervul myns insiens dieselfde poëtiese doel. Peerbome is volop in Suid-Afrika en vorm deel van die landboubedryf waar hulle steeds vir hul vrugte gekweek word. Peerbome kry hulle waarde in die *Eclogae* deur Vergilius se selektiewe gebruik van hulle. In my vertaling word dieselfde bewerkstellig, die intertekstualiteit tussen *Eclogae* 1 en 9 verskaf die simboliek gekoppel aan die peerboom en my vertaling kan daarom dieselfde simboliek aan die boom heg.

<i>Edl.</i> 1.73	Insere nunc, Meliboee, piros , pone ordine vitis	Ent nou jou pere , Meliboeus, plant jou wingerde in rye!
<i>Edl.</i> 9.50	insere, Daphni, piros : carpent tua poma nepotes	Ent jou pere , Daphnis, jou kinders se kinders sal die vrugte bymekaarmaak

Die eikeboom (*quercus, ilex*) is Jupiter se heilige boom (Coleman, 1977: 76). Hierdie boom word in die meeste Europese kulture as imponerend (en merkwaardig) beskou en die boom is ook heilig vir Zeus en Thor (Kendall, 2020). Soos Jupiter, het hierdie gode ook beheer oor die reën, weerlig en die donderweer, en daar kan aangevoer word dat dit geen toeval is dat eikebome blyk om meer gereeld deur weerlig getref te word as ander bome nie (Kendall, 2020). Hierdie boom verskyn in beide *Eclogae* 1 en 9 (*Edl.* 1.17, *Edl.* 9.16). As die koning van die gode (Jupiter) se boom word daar reeds mag gekoppel aan die verskynsel van die eik in die *Eclogae*.

Ek het besluit om die eik na 'n kremetart te verander. Hierdie bome word met allerlei religieuse praktyke verbind. Die kremetart (ook bekend as baobab) is meer as 'n boom wat skadu, water of kos verskaf (groot kremetarte wat uitgehol word, word vir allerlei dinge gebruik, soos busstoppe of selfs 'n kroeg, vergelyk Hankey, 2017), maar is ook gekoppel aan vele bygelowe en legendes (Hankey, 2017). Die takke van hierdie boom lyk soos die wortelsisteem van ander plante, wat bydra tot die geneigdheid om die boom ook 'n "ondersteboboom" te noem (Hankey, 2017). Daar is selfs 'n staaltjie wat beweer God het die boom onderstebo geplant, en sekere bevolkingsgroepe in Afrika glo hierdie boom groei onderstebo (Hankey, 2017). Ander legendes lui weer dat die olifant

die ma van die kremetart laat skrik het en dat daar geeste in die blomme van die boom woon (en dat as jy een pluk, 'n leeu jou gaan opvreet, Hankey, 2017). Daar word ook geglo dat die eet of drink van produkte van hierdie boom verskillende spirituele uitwerkings het, afhangende van watter deel van die boom jy of eet of drink (Hankey, 2017). Die San het geglo dat die kremetart kop-eerste uit die paradys gegooi is – sien ook C. Louis Leipoldt se vers “Die kremetartboom” (1948); Wilma Stockenström se *Die Kremetartekspedisie* (1981) en T.T. Cloete se “Kremetartboom” (*Groot Verseboek*, Brink, 2008: 871). In Madagaskar word hierdie bome op grafte geplant, en gebedsoffers is dikwels te vind aan die voet van die kremetart. Hierdie bome groei ook in Suid-Afrika, spesifiek in die noorde, waar weerlig (wat weer Jupiter en sy verwantskap met die eik terugroep) 'n gereelde verskynsel is. Die kremetart bied só 'n unieke oplossing vir die uitheemse eik en dra so ook die spirituele waarde van die boom tot in die vertaling:

<i>Edl. 1.16-17</i>	saepe malum hoc nobis, si mens non laeva fuisse, de caelo tactas memini praedicere quercus .	Dikwels, onthou ek, het die kremetart wat uit die hemele getref is – was my sinne tog nie so verdoof nie – hierdie onheil aan my voorspel.
<i>Edl. 9.16</i>	ante sinistra cava monuisset ab ilice cornix	die kraai, aan my linkerkant, my nie eers uit die droë kremetart gewaarsku het

In Vergilius se tyd is die sipres (*cupressi*) (*Edl. 1.25*) sterk geassosieer met die dood. Hierdie bome was mitologies gekoppel aan die god van die onderwêreld, Pluto (Boyle, 1976: 103). In Afrikaans, en in Suid-Afrika, is daar ook 'n sipres, die baviaanskloofseder. Om die simboliese waarde van die sipres in Latyn gestand te doen, het ek egter besluit om die sipres in my vertaling ook onveranderd te laat. Bome soos die blinkblaar-wag-'n-bietjie is oorweeg, wat ook sterk met die dood geassosieer word (sien Totius se “Die Godsbesluit”), maar daar is besef dat die sipres ook al baie bekend in Suid-Afrika is (Fanie Olivier se *Gom uit die sipres*, 1971, dien as voorbeeld). Jan F.E. Cilliers (1946: 71) skryf ook: “deur die sipres-bome, luister, / is't of daar stemme fluister”. In hierdie spesifieke vergelyking is daar 'n vereiste dat die boom baie hoog moet groei, wat meer inheemse bome selde doen. Volgens Prof. Dreyer (2020) is sipresse ook volop in Suid-Afrikaanse begraafplase.

<i>Edl. 1. 25</i>	quantum lenta solent inter viburna cupressi.	soos sipresse gewoonlik tussen geharde lantana staan.
-------------------	--	---

In hierdie selfde voorbeeld kom die *viburna* (*viburnum*) ook ter sprake. Die Latynse *viburnum*, word dikwels in Engels as 'n 'wayfaring tree' vertaal en is moontlik 'n subspesie van die 'guelder rose' (Coleman, 1977: 77; Clausen, 1994: 43). Weens die onsekerheid in die Latyn het ek hier die plant gedomestikeer. Die beste kandidaat is die *lantana rugosa* (algemeen bekend as slegs "lantana"). Hierdie plant groei dig en die vrugte en/of blare word deur verskeie kultuurgroepe gebruik as behandeling vir verskillende kwale (Papo, 2019). Hierdie plant kom in al nege provinsies van Suid-Afrika voor en sal dus bekend wees aan die doelkultuur.

In *Ecloga 1* stel Vergilius ook sy lesers aan die denneboom (*pinus*) bekend (*Edl. 1.38*). Die denneboom word globaal hoofsaaklik vir bouwerk gebruik. Hierdie boom is ideal vir houtwerk: dennehout word gebruik vir vensterrame, meubels, vloer- en dakwerk. Daar is besluit om hierdie boom ook onveranderd te laat. Alhoewel dennebome hoofsaaklik in die noordelike halfmond voorkom, is hulle baie bekend vir Suid-Afrikaners (dink aan Kersfeesbome, of aan Johann de Lange se "Teen die berghang").⁷

<i>Edl. 1.38</i>	Ipsae te, Tityre, pinus ,	Hierdie einste denne , Tityrus
------------------	----------------------------------	--

Daar word voorts in *Ecloga 1* na *salix* (wilgerbome) verwys. Die wilgerboom in Rome het veelsydige gebruikte gehad. Dit het as voer vir tropdiere en bye gefunksioneer. Verder het die wilgerboom skadu geskep en wilgerlatte is gebruik om heinings te vleg (*Georgica 2. 434-436*). In die *Eclogae* vervul die wilger praktiese doeleindes: Die bye drink uit die bloeisels en die bokke eet die wilger (*Edl. 1.54, 78*).

Ek het besluit om hierdie boom ook in vertaling onveranderd te laat. Die wilgerboom is totaal ingeburger in die Suid-Afrikaanse verwysingsraamwerk. Pierneef, die Suid-Afrikaanse kunstenaar, se skilderye van wilgerbome is byvoorbeeld baie bekend, en Elizabeth Eybers skryf ook oor die wilger⁸ in 'n gedig met die titel "Wilgerbome" (1945). Daar is ook iets unieks aan hoe die wilgerboom vertoon. Die hangende, amper triestige postuur, is so eie en kenmerkend aan die boom dat die melankolie gekoppel aan die teenwoordigheid van die boom verlore gaan met 'n vervanging.

<i>Ed. 1.53-55</i>	hinc tibi, quae semper, uicino ab limite saepes Hyblaeis apibus florem depasta salicti saepe leui somnum suadebit inire susurro	Aan hierdie kant, soos altyd, sal die heining waar die Bolandse bye uit die wilgerbloeisels drink, dikwels met 'n sagte gezoem jou aan die slaap sus
<i>Ed. 1.77-78</i>	capellae, florentem cytisum et salices carpetis amaras	My bokkies, julle sal nie meer onder my sorg blommende klawer en bitter wilger vreet nie.

In dieselfde gedig vind ons ook die *ulmo* (*ulmus*) (*Ed. 1.59*). Die olmboom verskyn reeds in die *Ilias* waar Eetion, Andromache se pa, doodgemaak word deur Achilles gedurende die Trojaanse oorlog. Die bergnimfe plant dan olms op sy graf ($\piερὶ δὲ πτελέοι εφύτεψαν νύμφαι ὁρεστιάδες, κοῦραι Διὸς αἰγιόχοι$) (*Il. Z.* 419-420). Ook in die *Ilias*, waar die Scamander-rivier vererg raak oor die hoeveelheid lyke en dreig om te oorstroom en gevolglik om vir Achilles te verdrink, gryp Achilles 'n tak van 'n groot olm om homself te red (ó δὲ πτελέην ἔλε χερσίν εὐφυέα μεγάλην) (*Il. Φ* 242-243). Theokritos verwys ook in sy Eerste *Idille* na die olmboom. Vergilius bou op Theokritos en plaas die olm in sy pastorale wêrelد, die 'idilliese wêrld'.

Die Suid-Afrikaanse boom wat gebruik word in plaas van die olm moet dus ook programmatiese waarde hê, en aan beide die idilliese sowel as morbiede vereistes voldoen. In *Ecloga* 1 funksioneer hierdie boom bloot as 'n ruimte vanwaar die duiwe koer. Die boom waarop besluit is, is die witstinkhout. Hierdie boom is verwant aan *ulmus parvifolia* en skakel dus mooi in by die Romeinse olm. Hierdie domestikering is gepas, aangesien die witstinkhout verskillende voëls, soos duiwe, aanlok. Hierdie boom is ook nie onbekend vir die doekkultuur nie; Andries Bezuidenhout (2011) skryf in "Gedig met bome": "Dít het ek nooit kon dink nie – / dat ek begin September Pretoria toe sou terugkeer, / na losbandige witstinkhoute". 'n Paar jaar gelede is daar ook witstinkhoutbome in die nuwe parkeerarea by Kirstenbosch geplant (Mbambazeli en Notten, 2008). Hierdie vervanging het dus 'n effektiewe oplossing vir die vertaalprobleem gebied:

<i>Ed. 1.58</i>	nec gemere aëria cess- abit turtur ab ulmo .	[nie hulle] gekoer van die witstinkhouttoppe sal staak nie.
-----------------	--	--

Party plante in Vergilius se pastorale wêreld is tog gevaarlik, een van dié is die jongwortelboom, meer bekend as 'n taxusboom ("yew tree") (*taxus*) (Ed. 9.30). Hierdie bome dra giftige bessies (Boyle, 1976: 134). Julius Caesar skryf dat Cativolcus, die hoofman van die Ebuones, homself met die taxus vergiftig het eerder as om oor te gee aan die Romeine (*Galliese Oorlog* 6.31). Shakespeare (1997), in *Macbeth*, verwys na "slips of yew" wat in die konkoksie vir die dood gegooi word (4.1.27). Hy herhaal hierdie verwantskap tussen die boom en die dood ook in *Richard II*: "or double-fated yew" (3.2.120) en *Twelfth Night* ("I am slain by a fair cruel maid / My shroud white, stuck all with yew" (2.4.60).

Die meeste inheemse Suid-Afrikaanse bome dra nie bessies nie. Die wat wel vrugte dra, is weer selde giftig. Hierdie boom was dus 'n uitdaging in die vertaling van die *Eclogae*. Ek het besluit op 'n naboom. Hierdie bome is bekend vir hul giftige melksap en kan selfs mense verblind (Le Roux, 2004). Die naboom dra ook bessies en kan tot 12 meter hoog groei, wat dit geskik maak in die konteks waarin dit funksioneer in *Ecloga 9*. Dit is ook opvallend dat hierdie spesies (*Euphorbiaceae*) genoem is na Euphorbus, Koning Juba van Mauritanië se eerste-eeuse dokter (Le Roux, 2004).

In Suid-Afrika is naboomgif deur die San op hul pyle gesmeer, vanwaar Gifberg ook sy naam kry. Die besonder giftige naboom wat daar groei, is deur die San in hul jagtgotte gebruik. Hierdie bome is ook oortrek met dorings. Die algehele indruk is dus dié van 'n dreigende en gevaarlike boom. Hier is daar ook 'n gepaste vervanging vir die vertaling gevind:

<i>Ed. 9. 30</i>	Sic tua Cyrneas fugiant examina taxos	So sou jy jou bye laat vlug van Gifberg se nabome
------------------	---	--

Die laaste boom wat in hierdie annotasie bespreek word, is Vergilius se *populus* (Ed. 9.41). Die populier in die antieke wêreld is 'n boom wat vele gebruikte gehad het, en baie eienskappe met die wilger gedeel het. Die soepelheid van die bas dra by tot die bruikbaarheid van die boom. Griekse sowel as Etruskiese skilde is van die populier gemaak en Plinius die Ouere stel ook die populier voor vir hierdie spesifieke doel (*Natural History* 16.209). In *Ecloga 9* hang die populier met sy wit blare oor die grot.

Ek het besluit op die *Macaranga capensis* as 'n vervanging. In die volksmond staan hierdie boom as "valspopulier" of "wildepopulier" bekend (Mothogoane, 2017). Die wetenskaplike *capensis* beteken "van die Kaap" en hierdie inheemse boom staan ook bekend as die 'David's heart' weens die groot, hartvormige blare. Die blomme van hierdie boom – wat goed inpas by die *candida* (wit) beskrywing wat

Vergilius aan sy populiere toeskryf – is dikwels roomkleurig (Mothogoane, 2017). Die alliterasie wat ontstaan as gevolg van die domestikering is 'n pluspunt. Die wildepopulier is naby genoeg aan die Latyn om Vergilius se beeldspraak te behou, en terselfdertyd eie aan Suid-Afrika (en daarom toeganklik vir die doelkultuur).

<i>Ed. 9. 41</i>	hic candida populus antro imminet	Hier buig die wit wildepopulier oor die grot
------------------	---	---

Die hasels in Vergilius se eerste *Ecloga* het 'n unieke uitdaging aan hierdie vertaling gestel. Die produk van hierdie plant, haselneute, kom dikwels te voorskyn in die *Elogae* en bly ook in my vertaling onveranderd, maar die plant en sy produk word selde afhanklik van mekaar gestel. Die produk en die plant funksioneer egter as individuele verskynsels in Vergilius se gedig. Ek het dus besluit om die plant te domestikeer, maar nie die neut nie. Hasels, soos Vergilius in die *Georgica* beskryf, is digte bosse wat dikwels gebruik is as brandhout (2.65, 299). Vergilius beskryf hulle ook as dig in die *Elogae* (*densas corylos*) (*Ecl. 1.14*).

Die kandidaat wat gekies is as vervanging vir die haselboom is die braambos. Hierdie bos vorm 'n baie digte, ondeurdringbare boskasie (wat pas by Vergilius se beskrywing, *densas*). Die verwysing na braambos dra by tot die literêre sowel as spirituele ondertoon in hierdie vertaling. Daar bestaan 'n letterkundige tradisie om die "brandende bos" soos beskryf in Eksodus, aan 'n braambos te koppel (sien Elizabeth Barrett Browning, 2002)⁹ soveel so dat die bundel van Christelike Afrikaanse gedigte, uitgegee in 1987 (saamgestel deur C.J.M. Nienaber en M. Nienaber-Luitingh) se titel *Die braambos brand: 'n Keur van religieuse gedigte* is. Hierdie struik pas dus goed in ten opsigte van die stemming van die vertaling, en bied ook 'n gepaste oplossing vir die uitdaging.

<i>Ed. 1. 12</i>	hic inter densas corylos	tussen die digte braambosse
------------------	---------------------------------	---------------------------------------

Vergilius sluit 'n verwysing na sy pastorale wêreld as geheel in, in die tweede reël van *Ecloga 1*. Hierdie verwysing na silvestrum word geëgggo in dieselfde spreekbeurt van Meliboeus met *silvas* (*Ecl. 1.5*). Hierdie woord dra programmatiese waarde tot Vergilius se gedig by: Lucretius (4.586-9) verwys ook na die Bosmuse. *Silverstris* vertaal gevolglik as "dit wat aan die woude behoort" (Cassell's, 1977). 'Woud' of 'woude' is dus die Afrikaanse woord wat hier die beste sal werk, Blanckenberg (1975: 1) gebruik ook "woud" in sy vertaling. Tog, in Afrikaans verwys 'bos' na 'n "geboomte wat min of meer dig bymekaar groei" (WAT, 2008; o.w. 'bos').

‘Woud’ en ‘bos’ is dus sinonieme, waar ‘woud’ gewoonlik na ’n “groot bos” verwys (*HAT*, 1991; o.w. ‘woud’). Ek het op “bos” besluit en waar die woord in die meervoud verskyn op “bome”. In die Afrikaanse spreektaal word ‘bos’ meer algemeen gebruik (vergelyk gesegdes soos, “om die bos lei” of “om die bos draai”). Daar word ook na die ‘bosveld’ verwys, wat aandui tot watter mate ‘bos’ gebruiklik geraak het. Die pastorale wêreld in my vertaling is dus die bos; hierdie keuse voeg myns insiens ook literêre waarde tot die vertaling toe (sien Dalene Matthee se bosboeke soos die bekende *Kringe in 'n bos*).

<i>Ed. 1.2</i>	silvestrem tenui Musam meditaris avena;	besig om die Bosmuse op 'n dun riet te bedink
<i>Ed. 1.5</i>	formosam resonare doces Amaryllida silvas	leer die bome om “skone Amaryllis” t'rug te kaats.

4. Slot

Die dinamiese en subjektiewe aard van taal lei daar toe dat daar gedurig ruimte geskep word vir verdere vertaling van Klassieke tekste. Soos enige vorm van kuns is vertaling ook dikwels 'n uitdrukking van smaak. Met die wete dat daar konstante ruimte vir interpretasie is, en die konstante ontwikkeling van taal, bly daar gevoldlik aanhoudend ruimte vir verdere vertalings van Vergilius se *Elogiae*. Vir verskillende projekte is daar verskillende motiverings, maar dikwels poog vertalings om literêre werke aan nuwe, groter gehore bloot te stel. Die doel van vertaling is om iets wat waardevol is (weereens subjektief) met mense wat nie toegang daartoe het, of andersins sou hê nie, te deel. In hierdie projek was die doel om die *Elogiae* aan 'n Afrikaanse gehoor in 'n nuwe baadjie voor te stel. Onder leiding van hierdie doelwit, gegrond op teorieë rondom vertaling, het ek my eie vertaalteorie geskep, naamlik post-1994-vertaling.

'n Post-1994-vertaling is een wat gewortel is in postkoloniale bewusheid van mag; tussen die teks en die leser, tussen die betrokke tale en tussen die vertaler en haar gehoor. Hierdie teorie leen ook van funksionalistiese vertalingsstrategieë en bied 'n vars perspektief op domestikering teenoor vervreemding, veral ten opsigte van die plante teenwoordig in die *Elogiae*. Die plante wat Vergilius inspan om sy pastorale ruimte te skep word in 'n Suid-Afrikaanse konteks geplaas om die gedigte as 'n geheel vir 'n Afrikaanssprekende leser meer toeganklik te maak. So word die Afrikaanse literêre landskap verryk en die Latyn vernuwe.

Ek glo daar sal na hierdie projek steeds, en voortdurend, ruimte wees vir,

spesifiek Suid-Afrikaanse, interaksie met die *Elogiae*. Die unieke oogpunt wat Afrika in die studie van enige werk kan bied moenie onderskat word nie, en vertaling is een wyse waarop Vergilius se werk vir hedendaagse Suid-Afrikaners toeganklik en bekend kan word.

Universiteit van Stellenbosch

Bronnelys

- Aalbers, Johanna Margaretha.** 2014. Die vertaling in Afrikaans van *Portrait with keys*, deur Ivan Vladislavic, as verryking van die doelkultuur. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Alpers, Paul Joel.** 1979. *The Singer of the Eclogues: A study of Virgilian Pastoral, with a new translation of the Eclogues*. Berkeley: University of California Press.
- Alpers, Paul Joel.** 1982. What is Pastoral? *Critical Inquiry*, 8(3): 437-460.
- Bezuidenhout, Andries.** 2011. Gedig met die bome. *Versindaba*. 8 September. <https://versindaba.co.za/2011/09/08/andries-bezuidenhout-gedig-met-bome/>. (Datum van gebruik: 21 Augustus 2021).
- Bird, Stephanie Rose.** 2009. *A Healing Grove: African Tree Remedies and Rituals for the Body and Spirit*. Chicago: Lawrence Hill Books.
- Blanckenberg, Nicolaas Andries.** 1975. *Vergilius: Landelike poësie Bucolica Georgica*. Kaapstad: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.
- Boyle, Anthony James.** 1976. *The Eclogues of Virgil*. Melbourne: The Hawthorn Press.
- Breed, Brian.** 2006. *Pastoral Inscriptions: Reading and Writing Virgil's Eclogues*. Londen: Duckworth.
- Brink, André Phillipus.** 2009. *Groot Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Browning, Elizabeth Barrett.** 2002. *Aurora Leigh*. Oxford: Oxford University Press.
- Cassell's Latin Dictionary.** 1977. S.v. 'silvestris'. Londen: Webster's New World.
- Cilliers, Jan Francois Elias.** 1946. *Die Vlakte en ander gedigte*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Clausen, Wendall.** 1987. *Virgil's Aeneid and the Tradition of Hellenistic Poetry*. Berkeley: University of California Press.
- Clausen, Wendall.** 1994. *A Commentary on Virgil's 'Eclogues'*. Oxford: Oxford University Press.
- Coleman, Robert. (red.).** 1977. *Vergil: Eclogues*. Londen: Cambridge University Press.

- Crăciun, Dana.** 2019. "A Portrait of the writer as a Translator: Salman Rushdie and the Challenges of Post-colonial Translation." *American, British and Canadian Studies*, 32(1): 83-106.
- De Lange, Johan.** 2009. *Die algebra van nood*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Dreyer, Louise.** 2020. Persoonlike onderhoud. Augustus, Stellenbosch.
- Eybers, Elisabeth.** 1945. *Die vrou en ander verse*. Kaapstad: Tafelberg.
- Fantuzzi, Marco en Papanghelis, Theodore. (eds.).** 2006. *Brill's Companion to Greek and Latin Pastoral*. Leiden: Brill.
- Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT).** 1991. o.w. 'woud'. Johannesburg: Perskor.
- Hankey, Andrew.** 2017 (2004). *Adansonia digitata*. PlantZAfrica. Februarie. <http://pza.sanbi.org/adansonia-digitata>. (Datum van gebruik: 31 Augustus 2020).
- Hight, Gilbert.** 1949. *The Classical Tradition: Greek and Roman Influences on Western Literature*. Londen: Oxford University Press.
- Homer.** *Iliad*. Book 6 and Book 16.
- Horsfall, Nicholas.** 1995. Virgil: His life and times. In: Horsfall, N.M. (red.). *A Companion to the study of Virgil*. Leiden: E.J. Brill.
- Janse van Rensburg, Carine. (red.).** 2016. *Om die aarde aan te haal en ander gedigte*. Johannesburg: Maskew Miller Longman.
- Jenkyns, Richard.** 1989. Virgil and Arcadia. *The Journal of Roman Studies*, 79(1): 26-39.
- Jones, Frederick.** 2011. *Virgil's Garden: The Nature of Bucolic Space*. Londen: Bloomsbury Academic.
- Julius Caesar.** *Gallic War*. Book 6. Chapter 31.
- Kendall, Paul.** 2020. *Oak mythology and Folklore*. <https://treesforlife.org.uk/into-the-forest/trees-plants-animals/trees/oak/oak-mythology-and-folklore/>. (Datum van gebruik: 30 Augustus 2020).
- Klingner, Friedrich.** 1967. *Virgil: Bucolic, Georgica, Aeneis*. Zürich: Artemis Verlag.
- Kraus, Christina en Stray, Christopher. (eds.).** 2016. *Classical Commentaries: Explorations in a Scholarly Genre*. Oxford: Oxford University Press.
- Le Roux, Lou-Nita.** 2004. *Euphorbia ingens*. PlantZAfrica. Julie. <http://pza.sanbi.org/euphorbia-ingens>. (Datum van gebruik: 30 Augustus 2020).
- Leipoldt, Christian Frederik Louis.** 1980. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.
- Matthee, Dalene.** 1984. *Kringe in 'n bos*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Morini, Massimiliano.** 2013. *The Pragmatic Translator: An integral theory of translation*. Londen: Bloomsbury Academic.

- Mothogoane, Mashiane.** 2017. *Macaranga capensis*. PlantZAfrica. Maart. <http://pza.sanbi.org/macaranga-capensis>. (Datum van gebruik: 30 Augustus 2020).
- Mbambazeli, Giles en Notten, Alice.** 2008 (2003). *Celtis Africana*. PlantZAfrica. Julie. <http://pza.sanbi.org/celtis-africana>. (Datum van gebruik: 28 Augustus 2020).
- Myskja, Kjetil.** 2013. Foreignisation and resistance: Lawrence Venuti and his critics. *Nordic Journal of English Studies*, 12(2): 1-23.
- Ngwenya, Winfred Velephi.** 2019. *Xanthocercis zambesiaca*. PlantZAfrica. Junie. <http://pza.sanbi.org/xanthocercis-zambesiaca>. (Datum van gebruik: 30 Augustus 2020).
- NG-kerk Wes-Kaapland.** 2016. Vertaling vir Facebook. <https://www.facebook.com/NGWesSuidKaap/photos/stukkies-van-die-hemel-is-oral-op-aarde-te-sien-elke-braambos-vlam-van-god-se-te/1733476446927290/> (Datum van gebruik: 3 Oktober 2020).
- Nida, Eugene.** 1964. *Toward a science of translating*. Leiden: Brills.
- Nienaber, Christoffel Johannes Michael en Nienaber-Luttingh, Miep. (red.)** 1987. *Die braambos brand: 'n Keur van religieuze gedigte*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Nord, Christiane.** 1997. *Translating as a Purposeful Activity: Functional Approaches Explained*. Manchester: St Jerome.
- Olivier, Fanie.** 1971. *Gom uit die sipres*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Papo, Lesiba.** 2019. *Lantana rugosa*. PlantZAfrica. Julie. <http://pza.sanbi.org/lantana-rugosa>. (Datum van gebruik: 30 Augustus 2020).
- Pieterse, Pieter.** 2008. *Manaka: Plek van die horings*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Pliny the Elder.** *Natural History*. Volume IV. Books 12-16.
- Putnam, Michael Courtney Jenkins.** 1970. *Virgil's Pastoral Art: Studies in the Eclogues*. Princeton: Princeton University Press.
- Radio Sonder Grense.** 2020. Dinsdag episode (28 Januarie 2020). *Vers en Klank*. <https://www.rsg.co.za/rsg/programschedule/vers-en-klank/>. (Datum van gebruik: 10 Oktober 2020).
- Saunders, Timothy.** 2008. *Bucolic Ecology: Virgil's Eclogues and the Environmental Literary Tradition*. Londen: Bloomsbury.
- Schäffner, Christina en Wiesemann, Uwe.** 2001. *Annotated Texts for Translation: English-German. Functional Approaches Illustrated*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Shakespeare, William.** 1997. *The Complete Works of William Shakespeare*. Londen: Wordsworth Editions Ltd.
- Snell, Bruno.** 1953. *The Discovery of the Mind: the Greek origins of European thought*. (Vertaal deur T.G. Rosenmeyer). Oxford: Blackwell.

- StatsSA.** 2018. *Most widely spoken languages in South Africa*. <https://www.statista.com/statistics/1114302/distribution-of-languages-spoken-inside-and-outside-of-households-in-south-africa/>. (Datum van gebruik: 29 September 2020).
- Stokenström, Wilma.** 2014. *Die kremetartekspedisie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Totius.** 1934. *Passieblomme*. Bloemfontein: Nasionale Pers Bpk.
- Venuti, Lawrence.** 1995. *The Translator's Invisibility: A History of Translation*. New York: Routledge.
- Venuti, Lawrence. (red.).** 2000. *The Translation Studies Reader*. Londen: Routledge.
- Williams, Jenny en Chesterman, Andrew.** 2001. *The Map: A Beginner's guide to Doing Research in Translation Studies*. Manchester: St. Jerome.
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT).** 2008. Elektroniese WAT Aanlyn. o.w. 'bos'. <http://www.woordeboek.co.za.ez.sun.ac.za/>. (Datum van gebruik: 30 Oktober 2020).

Note

1. Die vertaling is gemik op Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners. Hierdie groep is ver van homogeen, en alle Suid-Afrikaners is beslis nie dieselfde nie, maar ek is oortuig ek kan 'n wyer gehoor bereik met hierdie vertaling. 9,7% van Suid-Afrikaners praat Afrikaans as 'n tweede of derde taal (StatsSA, 2018).
2. Ons het die *Elogae* as 'n eenheid ontvang en in die volgorde waarin hulle vandag nog voortbestaan (Alpers, 1979: 2).
3. Hierdie titel verwys ook na die Griekse gebied met dieselfde naam
4. Aalbers (2014: 113) beskryf die rol van makro-strategieë as die beskerming van die "integriteit en besondersheid van 'n bepaalde literêre teks". Terselfdertyd stel die makro-strategie wat 'n vertaler gebruik hom/haar in staat om die teks toeganklik vir die bepaalde doelkultuur te maak (Aalbers, 2014: 113).
5. "Vers en klank", 28 Januarie 2020, *RSG*.
6. Literêre waarde of bekendheid is 'n uiters subjektiewe oortuiging. Deurlopend in hierdie vertaling is 'literêre waarde' gekoppel aan populêre Afrikaanse tekste, liedjies, ensovoorts. Dit is ook waar die vertaler se subjektiwiteit duidelik word in die vertaling self.
7. **Teen die berghang**
Paasnaweek, April 1938

Dic ná-middag het tóé reeds idioom
geword met roombleek lug & sagte wind;
die baai en rante, denneboom op -boom
geelkroon in die koel son, die ganse bergkom
met die oker glans van botterblom.

Kloos is dood. Daardie pragtige wilde kop
rus nou woord- & gedagteloostrak
in 'n vreemde land. En g'n klaas-skáwagter hop
flink op 'n kluit, of probeer kwinkelreer
om die nuus van sy dood vir laas te skandeer.

Die sinne prikkel met die geur van dennehars
in die gewyde stilte bo 'n stad wat wispelturig blaak.
Fabriek- & lokasierook veryl; die lug stuif vars.
Kruis & dwars met lintjiespaaie langs weef
motors & busse onhoorbaar, 'n kabelkar sweef –

Kloos is dood. Maar sywoord
bly na-leef soos 'n spreek
in hierdie oogwit Boland-lig, in elke boord
& wingerd wat prilgroen brand.
Maar dit is 'n ander dag in 'n ander land. (De Lange, 2009)

8. drie yl gedaantes aan die watersoom
in slingerende friatings gedrapeer
en weerloos teen die spruitwal vasgekeer
soos geeste op die drumpel van 'n droom
(reël 9-12)
9. Earth's crammed with heaven
And every common bush afire with God,
But only he who sees takes off his shoes
The rest sit around and pluck blackberries

Vertaal deur die NG-Kerk Wes-Kaapland (2016) as:

Stukkies van die hemel is oral op aarde te sien.
Elke braambos vlam van God se teenwoordigheid.
Maar net hulle wat kyk, sien dit raak, en trek hulle skoene uit.
Die res sit niksvermoedend en brame eet

Resensie

Dolfie Weerwolfie en Dolfie Weerwolfie: Volmaan (Lapa Uitgewers, 2020) deur Paul van Loon (vertaler: Shawna-Leze Meiring)

Teneal Apollis

Die boekereeks oor *Dolfie Weerwolfie* deur Paul van Loon dateer uit die laat 1900's en het oor die jare deel geword van vele kinders se grootwordjare. Die boekereeks is so gewild onder lesers dat dit ook in die vorm van film, drie musiekblryspele, 'n digitale toepassing ('app') en rekenaarspeletjies beskikbaar gemaak is (Becker, 2021). Weens die toenemende gewildheid van die boekereeks onder verskeie kultuurgroepes is dit in verskeie tale vertaal – sedert 2020 is dit ook in Standaardafrikaans beskikbaar. Die universele geldigheid van die temas wat Van Loon direk en indirek in hierdie tekste beklemtoon, is wat die gebeure byna geloofwaardig maak, juis weens die toepaslikheid van die temas in verskeie stadiums van 'n kind se lewe. Van Loon se werk is meestal kenmerkend as "griezelverhalen, gekke verhalen en grumorverhalen" (Ooms, 2021). Die inspirasie vir die temas verkry hy veral uit die vreemde, dog humoristiese ervaringe en herinneringe uit sy kinderjare en die alternatiewe of "Ander Werklikheid" waarin hy verdwyn wanneer hy (snags) skryf (Ooms, 2021).

In die eerste van die reeks boeke leer ken lesers vir Dolfie, 'n spesiale en sterk hoofkarakter siende dat hy op die ouderdom van drie deur sy biologiese ouers verwerp is weens hul onvermoë om sy andersheid ('n groot geheim) te aanvaar (135). Hulle word 'n vae herinnering maar hy vergeet nooit van hulle nie, "hy dink altyd aan hulle op sy verjaarsdag" en beskou hulle as "geheimsinnige onbekendes" (8). Die letsels wat hierdie verwerping agterlaat, word sigbaar in die verhaal in die vrae waarmee hy worstel ("hoekom het hulle hom in die steek gelaat?", 64) en lei uiteindelik tot 'n identiteitskrisis. Dit is sigbaar in die feit dat hy slegs een maatjie het wat boonop sy stiefbroer is en "nooit na partytjies genooi" word nie (102).

Dit is wanneer hy sy ware identiteit ontdek en meer omtrent sy biologiese familie se unieke lewensgeskiedenis leer, dat die konflik in homself toeneem. Dolfie lei naamlik 'n doodgewone bestaan saam met sy pleegouers en hul seun Timmie totdat die onvoorspelbare gebeur en hy op sy sewende verjaarsdag in 'n wit weerwolfie verander (12-14). Daarna verander hy met elke volmaan, drie nagte per maand, in 'n weerwolfie. Buiten die verwerping deur sy biologiese ouers, is dit een van die aakligste dinge wat nog ooit met hom kon gebeur – soveel so dat hy wil wegloop van die huis weens die vrees dat sy nuwe familie hom ook verwerp.

Belangrike kwessies soos familieverhoudings, omgee en onvoorwaardelike liefde, diversiteit, andersheid, uniekheid en die proses van aanvaarding kom hier onder die loep. Die onmiddellike ondersteuning en aanvaarding deur Dolfie se beste maatjie Timmie en sy pleegouers wat huis uniekheid en diversiteit beklemtoon, lei daar toe dat hy die goeie kan raaksien in hierdie skielike en onverwagse lewensveranderende situasie. Hy ontdek dat sy uniekheid die rede agter sy biologiese ouers se verdwyning is, maar sy ma verseker hom: "Jy's nog heel normaal. Dis net met volmaan dat jy anders is. My man is dieselfde. Ek hou ook van anders. Ek is lief vir hom. En ek is ook lief vir jou" (132). Sy familie en vriendekring word skielik groter wanneer hy kennis maak met sy oupa in boek een en sy neef Leo in boek twee wat nes hy ook die unieke gawe het om in weerwolwe te verander.

Sy oupa leer hom belangrike lewenslesse in boek een wat hom help met die proses van aanvaarding en aanpassing,

'Dink jy jy is die enigste een? Niemand is ooit die enigste een wat blind of arm is nie. Niemand is ooit die enigste een wat vet of maer of alleen is of sproete of 'n krom rug het of in 'n rolstoel sit nie. Daar is altyd ander soos jy. Jy is nooit die enigste in jou soort nie.' (49)

Hierdie wyse woorde van Oupa Weerwolf sluit aan by die deurlopende tema van andersheid, uniekheid en aanvaarding in beide tekste: "Mens moet gelukkig wees waar jy is. Dis 'n gawe. Jy moenie daarvoor bang wees nie. Jy moet leer hoe om dit goed te doen" (boek een, 52).

Die kwessie van boeliery wat die lewe vreeslik onaangenaam kan maak, word belig wanneer die boelies Nico Potgieter en Theo uitgebeeld word. Dolfie enveral Timmie blyk hul teikens te wees by die skool. Na Dolfie uitvind dat hy 'n weerwolf is, ontwikkel hy selfvertroue en besef hy dat hy nie meer bang hoef te wees vir die boelies nie. Vrees is nou iets van die verlede (67). Hy kan nou vir Timmie en homself teen hulle beskerm en begin uiteindelik gemaklik voel in sy wolfsvel: "Dalk is dit glad nie so erg om anders te wees nie" (82).

Populêre karakters soos Nadine (wat saam met hom op boek twee se omslag pronk) en ander skoolkinders raak ook vriende met Dolfie omdat hy ratser en sterker is as voorheen (101 en 139). Die verskuilde intensies van die karakters wat nooit voorheen met Dolfie geassosieer wou word nie, maar nou skielik van Dolfie hou, word hier ontbloot. Dolfie blink ook uit gedurende die sportperiode, iets waarin hy voorheen glad nie goed was nie (95). Die feit dat hy anders is, word dan nou beskou as 'n aanwins in hierdie ruimte. Hier is 'n indirekte waarskuwing teen mense wat jou bevriend vir die verkeerde redes of met verskuilde intensies, wat slegs voordeel uit jou wil put. Die belangrikheid van die identifisering van

vriende wat regtig waarde toeveog tot jou lewe en identiteitsontwikkeling word dus op 'n implisiële wyse beklemtoon.

Nog 'n belangrike kwessie wat belig word en sigbaar word in die aksies van die boelies, veral dié van Nico Potgieter, is die geneigdheid van mense om kwetsend te wees teenoor ander weens hul eie swakhede of tekortkominge. Dit is byvoorbeeld opvallend in die aksies van die boelie wat eintlik 'n lafaard is en begin huil wanneer Dolfie hom skrikmaak (79-81). Hierdie soort tonele ontleen verder 'n komiese en lawwe toon aan boek een wat weer voorkom in ander situasies, soos waar geskets word hoe Dolfie skrik vir sy eie weerkaatsing in die speël ("Dolfie het hom nou sowaar gedra soos iemand wat ses is. Nie soos iemand wat sewe is nie", 9) en by die park wanneer Dolfie per ongeluk in die dammetjie beland ("Jy's vrek lomp. Jy moes sien hoe jy gelyk het toe jy teen die skuinste afrol ... hy skud van die lag ... Dolfie begin ook lag", 51). Nog sulke tonele, wat genot sal verskaf aan die kind as teikenleser, kom in boek twee voor.

Nadine, wat nie voorheen in Dolfie se rigting wou kyk nie, maar met sy nuutverworwe selfvertroue hom skielik raaksien, ondergaan in teenstelling met die boelie positiewe karakterontwikkeling, nes Dolfie (103). Hier is suggestie van 'n gemis of leemte wat sy aanvanklik ervaar het en deur middel van haar vriendskap met Dolfie uiteindelik vervul word.

Alhoewel Dolfie se buitengewone eienskappe in vele oopsigte 'n aanwins is, staar hy ook uitdagings in die gesig, want hy en sy familie moet sy nuutgevonde identiteit tot elke prys beskerm en geheim hou. In die proses van aanpassing maak Dolfie foute wat lei tot noue ontkomings met die Sentrum vir Seldsame Diere en Mense (SSDM), met mevrou Kruger (116) in boek een en met Jagter Bart (7-10 en 149-150) in boek twee. Hierdie ongewenste gebeurtenisse waar werklikheid en fantasie kruis, aktiveer die galgehumor en gekheid in die tekste en sorg deurlopend vir spanning (veral in boek twee) waar Dolfie hom misgis met die datums en op 'n skoolkamp gaan gedurende volmaan!

Dit is nie verbasend dat dié boekereeks 25 jaar na eerste publikasie steeds gewild is nie. Die spanning en relevansie van die temas in die hedendaagse tyd, sorg vir 'n absoluut boeiende en opwindende leeservaring. In die boekereeks is belangrike lewenswaarhede opgesluit waarvan die jonger geslag notisie moet neem en waarby die ouer geslag kan aanklank vind. Van Loon se boeke is inderdaad "voor kinderen van 7 tot 99 jaar" (Ooms, 2021).

Wat die vertaling betref, bring Meiring, wat bietjie meer as drie jaar by Lapa werksaam is in die redaksie en uitgee van kinder- en jeugboeke, die oorspronklike temas en lewenswaarhede helder na vore in die Afrikaanse vertalings. Hierdie vertalings verteenwoordig 'n hegte aansluiting by die oorspronklike Nederlandse tekste deurdat die Europese kultuur, die galgehumor en die komiese wat in Van

Loon se vertelling en illustrasies deurskemer, konsekwent oorgedra word in die Afrikaanse tekste en gevvolglik die outentiekheid van die teks vir jong lesers sal versterk.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Becker, S.** 2021. Na 25 jaar is Dolfje Weerwolfje nog altijd een kinderfavoriet. *Trouw*. <https://www.trouw.nl/cultuur-media/na-25-jaar-is-dolfje-weerwolfje-nog-altijd-een-kinderfavoriet~b7ccc2ba/?referrer=https%3A%2F%2Fwww.google.com%2F>. (Datum van gebruik: 20 Mei 2021).
- Ooms, M.** 2021. Paul van Loon: Meester van de grumor. <https://www.kinderboeken.nl/inspiratie/kinderboeken-tips-op-maat/>. (Datum van gebruik: 16 Mei 2021).

Resensie

**Wiplala (Protea Boekhuis, 2018) deur Annie M.G. Schmidt
(vertaler: Amelia de Vaal)**

Teneal Apollis

Die verhaal *Wiplala*, geskryf deur Annie M.G. Schmidt, dateer uit die vroeë 1900's. Daar is 40 uitgawes van die boek waarvan die 2018-teks die tweede Afrikaanse uitgawe is. Schmidt se werk word gekenmerk deur "droge humor" en "vooral een wereld van woorden, van zinnetjies die je bijblijven" wat deurlopend meestal implisiet in *Wiplala* geïmplementeer word (De Jong, 2014). Die temas van familie, vriendskap, omgee, onvoorwaardelike liefde en andersheid staan ook sentraal in die teks. Schmidt se werk is sosio-polities ingestel deurdat ongelyke magsverhoudings belangrik word. Sy daag die norm en konvensies uit deur die implementering van kreatiewe taalmiddele. Dit wat as abnormaal beskou word in ons samelewings, word byvoorbeeld uitgebeeld as normaal gesien in die feit dat die hoofkarakter 'n buiteaardse wese is wat gehuisves word deur 'n 'normale' gesin.

Die gebeure skop af in die woning van die Blom-gesin. Soos enige ander doodgewone aand is meneer Blom, 'n skrywer, besig om aan sy nuutste boek te werk. Sy kinders Nella Della en Johannes dwaal erg verveeld in die huis rond op soek na iets om te doen wanneer hul kat 'n klein mannetjie, 'n Wiplala, vang (8)! Wiplala kan toor, maar is nie baie goed daarin nie, wat lei tot 'n reeks vreemde en interessante avonture waarin vele betekenisvolle lewenslesse opgesluit lê. Dié fantasieverhaal ontgin dus die vriendskap wat gesluit word tussen 'n buiteaardse wese en die Blom-gesin. Hierdie 'verbode' vriendskap sorg vir heerlike spanning in die gebeure soos, onder ander, wanneer Wiplala 'n sukkelende digter, Arthur Holiday, 'n familievriend van die Blom-gesin, in 'n standbeeld verander (16) en wanneer Wiplala die hele Blom-gesin verklein om te verhoed dat hulle gevang word en tronk toe gaan nadat meneer Blom nie genoeg geld het om 'n restaurantrekening te betaal nie (29).

Die tema van armoede, wat nie dadelik opvallend is aan die begin van die verhaal nie, word hier beklemtoon. Die leser word eintlik mislei, want daar word 'n beeld geskep, van veral meneer Blom, wat die indruk wek dat die gesin bekend en welaf is: "Meneer Blom is 'n geleerde en hy is besig om 'n boek te skryf met die titel *Politieke Spanninge in die Middeleeue*. Met ander woorde, 'n baie geleerde boek" (8). Die herhaling van diewoord "geleerde" versterk die afleidings wat gemaak word. Die indruk wat hier geskep word van die karakters kontrasteer met die beelde wat geskep word wanneer hulle brood eet met grondboontjiebotter en tee vir aandete (13) asook wanneer hulle die ruimte betree van die duur restaurant.

Hul finansiële situasie en sosiale stand word bevestig in die beskrywing van die ruimtes waarin die kontras tussen ryk en arm toenemend sigbaar word (“dis te duur en te deftig ... Daar’s ek te bang om in te gaan ... Kom ons gaan liewer Pannekoek-huisie toe”, 26).

Die kwessie van armoede is ook prominent by die Holidays-gesin, spesifiek Arthur (15):

Hy's altyd honger, want hy's 'n digter. Hy het al honderd sewe-en-veertig digbundeltjies gepubliseer, maar niemand wil dit ooit lees nie en niemand wil ooit die boekies koop nie.

Daarom is hy altyd arm en honger.

Die verkleining van die woorde “digbundeltjies” en “boekies” is 'n voorbeeld van Schmidt se subtiele droë humor wat dieper betekenis suggereer in die teks. Holiday is nie gewild in sy gemeenskap nie, heel moontlik weens sy ekonomiese of sosio-politieke status met die gevolg dat niemand belangstel daarin om sy bundels te koop nie en hy dus geen inkomste het nie.

Wanneer Wiplala, uit vrees dat hy hom gaan saamneem huis toe, vir Arthur in 'n standbeeld verander, is dit ironies hoedat sy lewensomstandighede in sy afwesigheid verander. Hy kry uiteindelik die eer en erkenning waarna hy so lank gesmag het. Sy standbeeld word uitgestal op die dorpsplein en sy boeke word op groot skaal verkoop: “Hy word elke dag beroemder. En ryker” (21). Meneer Blom se reaksie daarop is betekenisvol:

‘Hulle soek Arthur Holiday se gedigte,’ mompel meneer Blom. ‘Nou is hy skielik régtig beroemd. Almal kry skaam omdat hulle nog nooit sy boeke gelees het nie.’

Die burgemeester slaan die spyker op die kop ten opsigte van meneer Holiday se verdrukte omstandighede wat 'n direkte gevolg is van die politieke situasie en ongelyke magsverhoudings in die samelewing: “U sien die leë bord! Die simbool van die digter se hedendaagse posisie. Die leë bord! Die honger, die armoede, miskenning!” (18). Hier kom Schmidt se humor, wat dalk meer gemik is op die ouer as die kinderleser, weer duidelik aan bod.

Die kwessie van klassisme en rassisme word ook veral beklemtoon in die kontrasterende karakterisering van twee bejaarde vroue en Klasie hul diensmeisie:

Twee oue dames: juffrou Adéle en juffrou Louise. Hulle is baie deftig, hulle is baie presies en hulle lewensuitkyk is baie ouderwets ... Klasie is die diensmeisie. Sy's nog baie jonk en sy kom uit die platteland en sy's eintlik doodbang vir die twee streng dames in swart geklee.

Klasie word vals beskuldig van diefstal deur die twee vroue weens haar afkoms van 'n armoedige omgewing. Kontekstueel word die kontrasterende ruimtes en karakterisering gekoppel aan magsverhoudinge in die samelewing wat onvermydelik gepaardgaan met uitsluiting en vervreemding wat deur beide Klasie en die Blom-gesin ervaar word soos gesien in hul ervarings by die duur restaurant en wanneer hulle in 'n paleis beland (44).

Die Blom-gesin se onvoorwaardelike liefde en omgee vir mekaar maak die onplesierige situasies waarmee hulle te kampe het draaglik, en red hulle telkemaal uit ongemaklike en geværlike situasies. Hierdie tema van liefde en omgee word veral beklemtoon in die wyse woorde van Lottie, 'n hospitaalpasiënt wat die Blom-gesin beskerm wanneer hulle per ongeluk in die hospitaal beland:

'Ek dink dis wat my soveel beter gemaak het: As 'n mens probeer om ánder mense gelukkig te maak, dan word jy self veel gelukkiger daarvan as wanneer mense jóú probeer gelukkig maak ...' (65)

Wiplala se karakterontwikkeling is 'n belangrike storielyn in die boek. Waar hy met sy aankoms by die Blom-gesin soos 'n mislukking voel ("Hulle het gesê ek's 'n sukkelaar", 12) en emosies van treurigheid, hartseer en verlange ervaar, is hy aan die einde van die verhaal vol selfvertroue (101) weens die Blom-gesin se aanmoedigings, liefde en omgee. Die spanning wat deurlopend in die verhaal voorkom, sorg vir 'n interessante leeservaring en maak dit moeilik om die boek neer te sit voordat jy dit heeltemal klaar gelees het. Die geldigheid van die temas in die hedendaagse samelewing maak die boek gepas vir alle ouderdomsgroepe deurdat jong en oud kan identifiseer met die kwessies wat belig word.

De Vaal, 'n bekroonde internasionale vertaler van kinder- en jeugboeke (fantasie-genre), het haar knap van haar taak gekwyt in die vertaling van *Wiplala*. Die helder beelde en illustrasies van Amsterdam (deur Philip Hopman) aktiveer die leser se verbeelding met die gevolg dat die leser moeiteloos deel word van die fantasiewêreld en meegesleur word in die spanningryke verhaaltrant. Die verbeeldingryke illustrasies en weergee van die gebeure sorg ook dat die Europese kultuur en lewenslesse wat Schmidt in die oorspronklike teks beklemtoon, nie verlore gaan in die vertalingsproses nie. Dit is 'n leeservaring wat enige kind se verbeelding sal prikkel! Hierdie internasionale vertaling is 'n verrykende toevoeging tot die Afrikaanse kinderliteratuur.

Bronnelys

De Jong, F. 2014. Wiplala: actie gaat ten koste van droge humor. *BN. De Stem*.
<https://www.bndestem.nl/>. (Datum van gebruik: 21 Mei 2021).

Titel:	Prof.	Dr.	Ds.	Mnr.	Mev.	Me.
---------------	--------------	------------	------------	-------------	-------------	------------

Voorletters en van: -----

Adres: -----

----- **Kode:** -----

Tel. (W): ----- **(H):** ----- **(Sel):** -----

E-pos: -----

Besonderhede vir inbetalings:

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:

SAVN

Banknaam: ABSA

Bankrekeningnommer: 1190 154 676

Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid

Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)

Verwysingnommer: U van en voorletters

- E-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,

Prof Adri Breed, by die onderstaande e-posadresse:

Adri.Breed@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com

Gaan ook na die SAVN webwerf, www.savn.org.za, vir inligting.

Kantoorgebruik

Lidnr.	Datum aangesluit	Kwitansienr.	Faktuurnr.